

Marxisme en die Afrikaanse letterkunde

Ampie Coetzee

bron

Ampie Coetzee, *Marxisme en die Afrikaanse letterkunde*. Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
1988

Zie voor verantwoording: http://www.dbnl.org/tekst/coet013marx01_01/colofon.php

© 2014 dbnl / Ampie Coetzee



Inleiding

Hierdie boek wil 'n alternatiewe benadering tot die Afrikaanse letterkunde beproef deur enkele prosatekste as voorbeeld te neem. Dit is nie 'n literêrsosiologiese studie wat die maatskappy vanuit die letterkunde wil verklaar nie; eerder 'n Marxistiese benadering vanuit 'n siening dat 'n letterkunde gedetermineer is deur dieselfde magte wat ook die aard van 'n maatskappy bepaal.

Alhoewel dié ondersoek nie literêr-sosiologies is nie, sal dit nietemin sekere eienskappe in die totstandkoming en ontwikkeling van die Afrikaner se ideologie onderstreep. Soos byvoorbeeld sy strewe om 'baas' in sy 'eie land' te wees,¹⁾ of die feit dat die Afrikaner aanvanklik teen kapitalisme en imperialisme was as eksploitasie, maar dat hy tog mettertyd die vrye ondernemingstelsel as sy uiteindelijke redding gesien het.

Die rol van die intellektueel tydens die dertiger- en veertigerjare van hierdie eeu was belangrik vir die formulering van 'n ideologie, maar die sosiale historikus vergeet dikwels dat die geskrifte van akademië, ekonome, kulturele en geestelike leiers nie die enigste tekste is nie:

‘A writer is an imaginative historian, who is able to get closer to contemporary facts than social scientists possibly can.’²⁾

Die romans van die tyd het mense geskep wat in die oorgang van 'n feodale na 'n geïndustrialiseerde maatskappy verlore geraak het, vervreemdes wat terug gehunker het na die idille van die plaas, maar deur ekonomiese omstandighede gedwing is om ander uitkomstes te vind. Mense wat in die tekste van daardie tyd gemaak is, die bywoners, Ampie, Sjakkie, Portjee, Faantjie Delport was nie net fiktiewe karakters nie, maar ideologiese proefkonyne wat in die laboratorium van die ekonomie die formule vir die Afrikaner moes vind. Die romanskrywer wie se wêreld histories en materialisties gedetermineer is, kon nie teoretiseer en doelbewus programme opstel soos die intellektueel nie; die gedetermineerde teks waarin sy karakters hulle eie heil

- 1) Vergelyk die volgende aangehaalde woorde van Generaal Hertzog uit 'n toespraak in Nylstroom in 1912:

‘Only one person has the right to be “boss” in South Africa, namely the Afrikaner ... The people have become conscious of themselves as a nation. They feel their power, they have reached nation manhood and they feel that Afrikaners and not strangers should rule the country.’

Aangehaal deur T. Dunbar Moodie. **The Rise of Afrikanerdom** Power, Apartheid, and the Afrikaner Civil Religion, University of California Press, Berkley, Los Angeles, London, 1975, bl. 77. Die oorspronklike samevatting, in Engels, van dié toespraak verskyn in D.W. Krüger, **South African Parties and Policies 1910-1960**. A Select Source Book, Human en Rousseau, Kaapstad, 1960, bl. 62 e.v.

Daar was natuurlik later verduidelikings oor wat Hertzog met 'Africaner' bedoel het, klaarblyklik 'Suid-Afrikaner'. Dit sou interessant wees om te weet hoe die mense van Nylstroom dit gehoor het!

- 2) ‘Saul Bellow’, in **Dialogue**, nr. 58 (4/1982), bl. 52. International Communication Agency, 1886 Pennsylvania Avenue, Washington D.C.

moes uitwerk het meer as enigiets die onstuitbare verloop van die geskiedenis van die Afrikaner tot kapitalisme gewys.

VIII

Ek wil daarmee beweer dat die literêre teks 'n belangriker ideologiese kondisionering, of verset daarteen, is as wat gewoonlik gedink word; omdat die letterkunde nie 'n aparte, estetiese en 'verhewe' bedryf is nie, al is die teks ook hoe ingewikkeld. Dis deel van 'n bewuswordingsproses wat uitloop in die aanvaarding of verwerping van 'n ideologie.

In my benadering tot die teks wil ek probeer om Marxisties te kyk mie gesien slegs as 'n bemiddelaar tot betekenis nie: dit is betekenis. Byvoorbeeld: in sy ontleding van die perifere status van gekleurdes (hulle 'wat net saam met die baas gekom het') in D.F. Malherbe se *Die meulenaar* wys Jakes Gerwel op die ideologiese gekondisioneerde wat die teks onbewus openbaar in die neiging om hiërargies - eintlik rassities - te beskryf. Daarin word hulle deel van die milieubeskrywing, deel van die natuur soos dit telkens vanuit 'n blanke karakter se oog gesien word. Dus nie as mense in eie reg nie, maar as deel van die décor.³⁾

Die keuse van prosatekste vir die proefneming is deur die aard daarvan bepaal. **Bywoners** en **Ampie** staan binne die feodale tydperk, **Die onderfdes** aan die begin van kapitalistiese akkumulering en die erkenning en aanvaarding van 'n proletariaat. Nadat kapitalisme die dominante ideologie van die Afrikaner geword het, met die daarmee gepaardgaande eksploitasie en onderdrukking, het die diskoers van bevryding ook die Afrikaanse roman binnegedring. Twee tekste van Karel Schoeman word in terme daarvan ondersoek: **Om te sterwe** en **Na die geliefde land**. Ten slotte word **Die Kremetartekspedisie**, ten spyte van die modernisme daarvan, gelees as 'n verset teen klas, akkumulering en eksploitasie. En omdat hierdie teks uit stiltes geskep is, is die bespreking daarvan ook 'n poging om Marxisme en Dekonstruksie te verenig, as deel van 'n voortgesette proses om literêr-kritiese alternatiewe tot die Formalisme en Strukturalisme te vind.

It has sometimes been contested that speech clothed thought ... But has it ever been doubted that writing was the clothing of speech? For Saussure it is even a garment of perversion and debauchery, a dress of corruption and disguise, a festival mask that must be exorcised ... by the good word ... One already suspects that if writing is 'image' and exterior 'figuration', this 'representation' is not innocent. The outside bears with the inside a relationship that is, as usual, anything but simple exteriority. The meaning of the outside was always present within the inside, imprisoned outside the outside, and vice versa.

(Jacques Derrida, *Of Grammatology*)

- 3) 'Die romanvisie op gekleurde as hoofsaaklik ruimtelike figure, dus deel van die agtergrond, is onder andere daaruit vas te stel dat in die meeste tonele waarin gekleurde karakters optree, hulle aanwesigheid deur een van twee tegnieke aangekondig word: óf die vermelding van hulle teenwoordigheid is sintaksies ingemesselde deel van die milieu-beskrywende sinne óf hulle word voorgestel as deel van die blanke karakters se gerapporteerde waarnemings.' **Literatuur en Apartheid**, Konsepsies van 'gekleurdes' in die Afrikaanse roman tot 1948. G.J. Gerwel, Kampen-Uitgewers, Bellville, 1983, bl. III.

IX

The question is not what literature's political effects are but what they might be made to be - not in a forever and once-and-for-all sense but in a dynamic and changing way - by the operations of a Marxist criticism.

(Tony Bennet, *Formalism and Marxism*)

We are not concerned with the very poor. They are unthinkable, and only to be approached by the statistician or the poet.

(E.M. Forster, *Howards End*)

Hoofstuk 1

Ideologie, dialektiek, dekonstruksie

en die gedig is die betekenis van die gedig

(Breyten)

Die Afrikaanse letterkunde sou mens in sy geheel kon lees as 'n politieke diskoers. Dit wil hoegenaamd nie sê dat elke teks in dié letterkunde politiek praat nie, of 'n politieke situasie 'weerspieël' nie; slegs dat die hoof literêre strominge en die mees invloedryke werke direk of indirek deur politieke, sosiale en ekonomiese verhoudings gedetermineer is.

So 'n stelling kan natuurlik slegs gemaak word wanneer mens 'n teks op 'n spesifieke wyse lees: wanneer die ideologiese milieu waarin 'n teks voorgebring is as medebepalende produksiefaktor in ag geneem word. En die teks wat vanuit hierdie, basies kontra-ideologiese, benadering gesien word, hoef nie noodwendig 'literêr' te wees nie, want die normatiewe konnotasie 'literêr' word óók vanuit ideologie bepaal.

'n Mens sou ook kon praat van materialistiese kritiek, of dialektiese kritiek. Dialektiese kritiek is self-genererend, in dié opsig dat die beskouer ook dialekties tot eie denkprodukte staan. Daar is dus geen absolute normerende of estetiese toetssteen nie; dis 'n gedurige diskoers wat ontstaan vanuit die relasie leser, teks, geskiedenis, maatskappy. So sou jy kon vra: waarom het dit nou nodig geword om in Afrikaans 'n stuk te formuleer oor ideologiekritiek? En één antwoord sou kon lê in die woorde van Walter Benjamin: '... dialectical thought is the organ of historical awakening'¹⁾

Die mees relevante siening oor die oorsprong van die konsep ideologie kan gevind word by Karel Marx, in sy formulering van materialistiese determinisme, in sy bespreking van die Duitse Ideologie:

'Heeltemal in teenstelling tot die Duitse filosofie, wat neerdaal van die hemel tot op die aarde, word hier van die aarde na die hemel opgestyg. Dit is, daar word nie uitgegaan nie van dit wat mense sê, hulle inbeeld, hulle voorstel; ook nie wat van die mens gesê, gedink, verbeel en voorgestel word, om daardeur by die werklike lewende mens uit te kom nie. Daar word van die werklike handelende mens uitgegaan, van sy lewensproses en die ontwikkeling van die ideologiese reflekse en die eggo's van hierdie

1) **Marxism and Art**, essays classic and contemporary. Edited with Historical and Critical Commentary by Maynard Solomon, Sussex, The Harvester Press, 1979, bl. 549.

lewensproses daarin verteenwoordig. Ook die fantasieë van die mens se brein is noodwendige sublimasies van sy materiële, empiries konstateerbare lewensprosesse. Moraliteit, godsdiens, metafisika, alle ander ideologieë en bewyssynsvorme wat daarmee ooreenstem behou dus nie langer die skyn van selfstandigheid nie. Hulle het geen geskiedenis, geen ontwikkeling nie; maar die mens deur die ontwikkeling van sy materiële verkeer verander daarmee sy werklikheid, ook sy denke en die produkte van sy denke. Nie die bewyssyn bepaal die lewe nie, maar die lewe bepaal die bewyssyn.²⁾

Die woord materialisme is hier van primêre belang. Om die mens te verstaan, is dit noodsaaklik om te begin by die materiële voorwaardes vir produksie.

Vir Marx is die materiële werklikheid en produksie eintlik die beginpunt van die geskiedenis. Hierdie realiteite staan teenoor die idee en die ideële wat werklikheid 'n produk van die bewyssyn wil maak. As idees onafhanklik kan bestaan, kan die idee oor die materiële lewe regeer en die werklike bestaansomstandighede, met die kontradiksies daarin van die mens se bestaan, verwing. Hierdie distorsie van die bewyssyn, wat sosiale kontradiksies verberg, kan dan 'n instrument van oorheersing word. In die oorspronklike Marxiaanse konsep is ideologie nie 'n wêreldbeskouing nie, maar 'n definitiewe negatiewe mag, wat dus krities bejeen moet word.

Saam met die materialisme gaan die konsep produksie. Die eerste historiese daad was die produksie van middele ter vervulling van die mens se behoeftes. Die eerste praktyk was arbeid, menslike transformasie van die wêreld ter wille van die reproduksie van materiële lewe.³⁾ En produksie is 'n proses wat onlosmaaklik materieel én sosiaal is: die produksie van materiële produkte en maatskaplike verhoudings. Maar in 'n klasse-maatskappy (lees: op hierdie oomblik 'n kapitalistiese maatskappy, of 'n maatskappy met 'n kapitalistiese produksiewyse) is materiële en sosiale produksie selde in harmonie; daar bestaan dus 'n kontradiksie ten opsigte van die magte en verhoudings van produksie: aan die wortel daarvan lê die onderskeid tussen waarde en gebruikswaarde van produkte, tussen konkrete arbeid en abstrakte waardeskeppende arbeid - maar dis nie nodig om verder daarop in te gaan nie.

Op hierdie stadium in die uiteensetting is dit nodig om te betrek die opvattinge oor produksie, repressie en ideologie van die Franse filosoof Louis Althusser; want die meeste debatte oor hierdie sake die afgelope twintig jaar was, direk of indirek, gerig op sy lesings van Marx gewees.⁴⁾

Mens kan weer begin by die feit van reproduksie; en by die noodsaaklikheid van 'n 'sosiale formasie' (Althusser: sosiale struktuur, maatskappy) om kondisies van produksie te reproduseer terselfdertyd as wat dit produseer. Dit is

- 2) 'Feuerbach', die afdeling 'Die Ideologie überhaupt, namentlich die deutsche', uit **Karl Marx Frühe Schriften**, Zweiter Band, Herausgegeben von Hans-Joachim Lieber und Peter Furth, Colta-Verlag, Stuttgart, 1971, bl. 25.
- 3) Jorge Larrain, **The Concept of Ideology**, Hutchinson, London, 1979.
- 4) Veral **Lenin and Philosophy and other essays**, NLB, London, 1977.

dan noodsaaklik dat die politieke voorwaardes vir die reproduksie van produksie-verhoudings geskep word, en hierdie politieke voorwaardes (daargestel deur die heersersklas) is hoofsaaklik ideologies, omdat dit verdoeselend werk ten opsigte van die werklike produksieverhoudings. Ideologie word dan 'n 'voorstelling' (in aanhalingstekens omdat dit nie in die laaste instansie bewustelik gedoen word nie) van die verbeelde verhouding van mense tot hulle werklike bestaansomstandighede. Ideologie kom tevoorskyn wanneer die kompleksiteit van sosiale verhoudings 'n klassestelsel geproduseer het; en aangesien voorwaardes waaronder produksiepraktyke uitgevoer word altyd die voorwaardes vir die heerskappy van 'n sekere klas is, dien die ideologiese verdoeseling van kontradiksies die belange van daardie klas. Ideologie is dan ook 'n voorwaarde vir die funksionering en reproduksie van klasse-oorheersing, deur die verdoeseling van die werklike verhouding tussen klasse en van die realiteite van oorheersing en onderdrukking: 'For ideology to be present, the two conditions which Marx laid down should be satisfied: the objective concealment of contradictions, and the interest of the dominant class. Ideology is not a simple error. It is a particular kind of distortion, dependant upon real contradictions, which demands their solution in practice before it can be overcome.'⁵⁾

Wat regerende ordes betref, of die Staatsapparaat, maak Althusser 'n verdeling in 'n repressiewe Staatsapparaat (die leer, polisie, gevangenis ens.) en 'n ideologiese Staatsapparaat (godsdienst, opvoedkunde, die familie, die politiek, kommunikasie ens.) - waar die twee apparate nie noodwendig duidelik geskei is van mekaar nie. Die letterkunde is dan vanselfsprekend deel van die hegemonie van die ideologiese Staatsapparaat, en as daardie letterkunde kom vanuit die klas van die heerser moet dit êrens deel hê aan daardie ideologie, sonder dat die een wat binne sy klas leef, bewus is van ideologie as idee. Idees het geïnskribeer geraak binne die rituele wat in die laaste instansie gedefinieer is deur die ideologiese apparaat.⁶⁾ Wat skynbaar buite ideologie plaasvind, gebeur in werklikheid daarbinne. Dit kom daarop neer dat ideologie geen buitenste grense besit nie (vir diegene daarbinne), maar terselfdertyd is dit niks anders as buitenste nie (vir die wetenskaplike denke).⁷⁾

Die ideologie konstitueer die mens as subjek deur herkenningskodes wat Althusser **interpellasie** noem. Dit beteken dat mense wat binne 'n spesifieke ideologiese milieu bestaan kodes sal herken wat slegs binne daardie milieu bestaan. Vir die taalstudent is taal die draer van sodanige interpellasies (bv. by die Afrikaanse taalgebruiker woorde soos 'Afrikaans', 'voortbestaan', 'differensiasie', 'sekuriteitsmagte', 'operasionele gebied' ens.); maar ideologiese interpellasies kan ook binne sosiale gebruike voorkom as fetisje of

5) Larrain, a.w. bl. 210.

6) Althusser, a.w. bl. 159.

7) Althusser, a.w. bl. 163-164.

mites.⁸⁾ Die herkenningaspek van die ideologie is uiteindelik niks meer nie as 'n weerspieëling van die subjek in 'n groter Subjek, dus 'n spieël-struktuur, dubbelweerspieërend, omdat dit noodsaaklik is vir die voortbestaan van beide subjek van beide subjek en Subjek.

Interpellasie, herkenning, identifikasie en die mens wat subjek word, het ook implikasies vir die letterkunde in dié sin dat letterkunde 'n 'kontrak' met 'n ontvanger daarstel. 'n Leser weet wanneer hy/sy 'n boek van 'n bepaalde skrywer opneem dat dit waarskynlik 'letterkunde' sal wees omdat dit 'op 'n sekere manier' geskryf is: die teks/outeur interpelleer dus die leser as subjek, die genre produseer die subjek. So kan die genre 'poësie' byvoorbeeld gesien word as 'n spesifieke ideologiese kode (vgl. in dié verband M.M. Bakhtin se opstel oor styl in **Discourse in the Novel**).⁹⁾

Om nader te kom aan die letterkunde. Die feit van produksie is ook van toepassing ten opsigte van die literêre werk: dit word onder bepaalde voorwaardes en omstandighede geproduseer, en - metafories gesproke - is dit ook die transformasie van bepaalde grondstof tot 'n spesifieke produk. Literêre produksie kan dan ook gesien word as deel van die premisse van die materialistiese metode: die wyse waarop die mens sy bestaanswyse produseer is in die eerste plek afhanklik van die aard van die werklike bestaansmiddele wat gereproduseer moet word; maar hierdie produksiewyse moet nie eenvoudig gesien word as die produksie van die fisieke bestaan van die mens nie. Dit is 'n besliste soort aktiwiteit van die mens, 'n besliste wyse waarop lewe uitgedruk word, 'n besliste lewenswyse. En soos die mens ekspressie gee aan die lewe, so is die mens. Wat die mens is, is in ooreenstemming met produksie, met beide die **wat** en die **hoe** van produksie.¹⁰⁾ Die aksent wat die konsep produksie hier kry is van die uiterste belang, veral met betrekking tot die verhouding teks-kritikus: 'This production ... is the **production of a knowledge**. To conceive Marx's philosophy in its specificity is therefore to conceive the essence of the very movement with which the knowledge of it is produced, or to conceive knowledge as **production**.'¹¹⁾ As kennis en betekenis produksie is, wat is die 'literêre werk' dan? Wat is 'teks', 'produk'? En wat is 'n outeur? In sy bespreking van individualisasie in ons tyd - die tyd van kapitalisme, van die geïndustrialiseerde en bourgeois maatskappy - vra Michel Foucault presies dié vrae: '... the idea of the work. It is a very familiar thesis that the task of criticism is not to bring out the work's relationship with the author, nor to reconstruct through the text a thought or experience, but rather to analyze the work through its structure, its architecture, its intrinsic form, and the play of its internal relationships. At this point, however, a problem arises: What is a work? What is this curious unity which we designate as a work? Of what elements is it

8) Vgl. in dié verband Roland Barthes, **Mythologies**, Paladin, Granada Publishing, London, Toronto, Sydney, New York, 1979.

9) **The Dialogic Imagination**, University of Texas Press, Texas, 1981.

10) Marx, en Engels, **The German Ideology**, Lawrence and Wishart, London, 1977.

11) Louis Althusser en Etienne Balibar, **Reading Capital**, Verso, London, 1983, bl. 34.

composed? Is it not what an author has written? Difficulties appear immediately...'¹²⁾ Sy slotsom, met betrekking tot 'n 'tipologie van diskoers', is dat die outeur in sy geïndividualiseerdheid 'n produk van ideologie geword het - losgemaak van sy werklike historiese funksie, geïnventeer deur ideologie - wat in die weg staan van 'n opneem van die subjek binne die diskoers. En wanneer die outeur verdwyn het, hoef ons nie meer te vra wie het gepraat, wie se genialiteit en oorspronklikheid het tot ons gekom het. Dan word 'die teks' deel van 'n diskoers waarbinne ander betekenis gedurig geproduseer word; en dan sal ons eerder vra: 'What are the modes of existence of this discourse? Where has it been used, how can it circulate, and who can appropriate it for himself? What are the places in it where there is room for possible subjects? Who can assume these various subject functions? And behind all these questions, we would hear hardly anything but the stirring of an indifference: what difference does it make who is speaking?'¹³⁾ Dan verander die funksie van die kritiek ook, want betekenis word nie gesoek nie, maar geproduseer; en interpretasie is dan nie die allegoriserings van tekste of 'n soeke na dinge wat verbygegaan het nie, maar die oopmaak van die teks tot die storms van die geskiedenis.

Wanneer die teks as produksie van betekenis gesien word, altyd binne wisselende diskoerse aan't produseer, dan is dit nie 'n realiteit in sigself geslote, 'n outonome, onafhanklike fenomeen nie. Dit staan gedurig in verhouding tot iets, veral dan tot 'n altyd-aanwesige, maar geheimsinnige en altyd-onsigbare geïnskribeerde ideologie: 'In seeing how the book is made we see also what it is made **from**: this defect which gives it a history and a relation to the historical.'¹⁴⁾ 'n Mens sou dit effens kon vereenvoudig deur te sê dat letterkunde geproduseer is deur die effek van een of meer ideologiese kontradiksies juis omdat hierdie kontradiksies nie binne die ideologie opgelos kan word nie. Maar die afgestroopte diskoers van hierdie ideologie sal nie ooplê in die teks nie, omdat die ideologiese diskoers alreeds bestaan het voor die literêre realisasies daarvan. Dit is slegs binne die materialiteit van die teks waar die ideologiese gevorm word; die teks is nie 'n blootstelling van ideologie nie, eerder 'n verdoeseling. 'What art makes us **see**, and therefore gives to us in the form of "**seeing**", "**perceiving**" and "**feeling**" (which is not the form of knowing), is the **ideology** from which it is born, in which it bathes, from which it detaches itself as art, and to which it **alludes**.'¹⁵⁾

Pierre Macherey het in sy **A theory of literary production**¹⁶⁾ in dié verband gepraat van die stiltes wat 'n teks nie kan uitsê nie, van 'n besliste afwesigheid waarsonder dit as teks nie sou kon bestaan nie. En 'n kennis van die teks sou 'n bewustheid van die afwesighede veronderstel, van die 'barste' of 'nate' waardeur die teks hom blootstel (vgl. ook Althusser, **Reading Capital**: 1983, 19, 27, 28). Om die onsigbare te sien, om die 'hiate' binne die volheid van die

12) **The Foucault Reader**, Edited by Paul Rabinov, Pantheon Books, New York, 1984, bl. 103.

13) **The Foucault Reader**, bl. 120.

14) **A Theory of Literary Production**, Routledge & Kegan Paul, London, 1978.

15) Althusser, **For Marx**, NLB, London, 1977, bl. 204.

16) Routledge & Kegan Paul, London.

diskoers te identifiseer, die openinge in die digtheid van die teks het mens meer nodig as om stip te kyk; jy benodig 'n geïnformeerde blik ('n 'armed vision'). Jy moet bewapen wees met die dialektiese denke waar daar geen inhoud is nie, maar totale inhoud, waar die vermoë ontwikkel word om te sien wat iets is deur die gelyktydige gewaarwording van wat dit nie is nie. Dialektiese denke weet ook van die historisiteit van denke, en uiteindelik van geskiedenis, die begin van produksie, ekonomie, klas en ideologie. Dialektiese kritiek vervang die ou absolutes van waarheid en skoonheid ter wille van 'n voorkeur vir die historiese situasie en die historisiteit van die teks.¹⁷⁾

Letterkunde en geskiedenis het nie net 'n ingewikkelde en ineengestremde verhouding nie - letterkunde is ook geskiedenis.

As die teks dan die jaloers-bewaakte outonomie van kritici uit die onlangse verlede moet prysgee en die verhouding tussen die artistieke feit en die groter sosiale en historiese realiteit waaruit dit kom, geartikuleer moet word, is dit vanselfsprekend dat die kritikus verder moet kyk as net woorde op papier. Frederic Jameson gebruik 'n metafoor uit die linguïstiek: die teks as **parole** in verhouding tot die **langue** van die klasse diskoers; en dis 'n dialogiese proses: die klassediskoers wat as langue funksioneer doen dit as gevolg van 'n antagonistiese verhouding tot 'n opponerende diskoers. Die taak van die kritikus is dan nie slegs die rekonstruksie van die **parole-langue**-verhouding tussen teks en klassediskoers nie; maar om die antagonistiese klasgesprek waarbinne beide funksioneer te rekonstrueer.¹⁸⁾

Die probleem lê by die bymekaarbring van **langue** en **parole**: by die bemiddelingsproses. Hier formuleer Jameson die konsep mediasie¹⁹⁾. Hierdie literêre-analitiese tegniek van bemiddeling is 'n dialektiese meganisme vir die vasstelling van verbintenisse tussen die formele analise van 'n kunswerk en sy sosiale begroning. Dis 'n transkoderingswerkzaamheid wat daarop gemik is om maniere te vind waardeur die teks geopen kan word tot sy ekstratekstuele verhoudings: om 'n kontinuïteit tussen taal as praktyk in die literêre werk en die onsekerheid en onstabiele van die daaglikse lewe te bepaal, sodat dié frustrasies gesien kan word as die bepalende situasies, kontradiksies of subtekste waarin die literêre werk 'n simboliese ingryp wil maak.

Wanneer die literêre kritiek 'n dialektiese strategie word, en dialogies staan ten opsigte van ideologie, klas en geskiedenis, dan is dit nie meer primêre epistemologies nie, maar eerder eties, besorg oor die verhouding van tekste tot die bestemming van die mens; dan is dit anti-idealities, materialities en daarom kontra-ideologies. Die kritiese proses is dan, eerder as interpretatief, blootleggend van die distorsies gevorm deur ideologie. Om Etienne Balibar en

17) Frederic Jameson, **Marxism and Form**, Twentieth Century Dialectical theories of Literature, Princeton University Press, 1974.

18) William C. Dowling, **Jameson, Althusser, Marx**, an Introduction to **The Political Unconscious**, Methuen, London, 1984.

19) **The Political Unconscious, Narrative as a Socially Symbolic Act**, M Methuen, London, 1981.

Pierre Macherey saam te vat: literêre produksies hoort nie bestudeer te word vanuit 'n uitgangspunt van hulle eenheid nie, wat illusionêr en vals is, maar vanuit hulle materiële dispariteit. Mens hoort nie te soek na verenigende effekte nie, maar vir tekens van die kontradiksies wat die tekste voortbring het en wat as onopgeloste konflikte binne die teks voorkom.²⁰⁾ Om dan die ou Bybel van die literêre kritiek op die kop te sit: dit gaan nie om ‘the work of art ... as a whole system ...’ om die ‘amount (and diversity) of material integrated’ nie,²¹⁾ maar eerder om die ‘amount and diversity of material in contradiction’.

Alhoewel die post-strukturalistiese debat in Europa skynbaar belangriker geword het as die kritiese beskouing van ideologie (en daar sou definitiewe sosio-politieke redes voor wees), is die Marxistiese siening van teks 'n lewende en boeiende diskoers in Engeland (veral met Raymond Williams en Terry Eagleton) en Amerika (veral met Frederic Jameson): ‘... the struggle is to remove the text from the void of deconstructive jouissance, and once again assert the necessity for a historical and materialist study of cultural production. Williams calls his current theoretical position “cultural materialism!” which he defines as “the analysis of all forms of signification, including quite centrally writing, within the actual means and condition of their production”.’²²⁾ Die bewustheid van die rol wat ideologie speel, en die dialektiese benadering tot die teks het ook uitgekring en in ander dissiplines parallelle sienings gebring en ander benaderings tot die teks ten gevolge gehad: soos die onbewuste by Freud, ideologie en mite by Lévi-Strauss, ideologie en semiologie, semanalise en die teks as produksie van betekenis (semanalise vind ideologie in die tekstuele produksie van betekenis), en die konsep intertekstualiteit by L. Kristeva.²³⁾

In Suid-Afrika met sy enorme klassekontradiksies, sy repressiewe regeringsvorm, sy ongelyke groei van kolonialisme - deur slawerny en feodalisme tot kapitalisme - is ideologie 'n pynlike teenwoordigheid, en verkeer die Afrikaanse letterkunde in gedurige diskoers. 'n Mens sou die situasie van hierdie letterkunde kon opsom as 'n hegemoniese diskoers: ‘we “hear” only one voice because a hegemonic ideology suppresses or marginalizes all antagonistic class voices, and yet the hegemonic discourse remains locked into a dialogue with the discourse it has suppressed.’²⁴⁾

Die Marxisme is natuurlik in die eerste plek 'n verzet teen klasse-onderskeid. Dié klassieke uitspraak is bekend (alhoewel dit nog nie veel in Afrikaans gehoor is nie):

‘Die geskiedenis van alle maatskaplike lewe wat tot dusver bestaan het, is 'n geskiedenis van klassestryd.

20) Robert Young, Editor, **Untying the Text**, a Post-structuralist reader, Routledge & Kegan Paul, London, 1981.

21) **Theory of Literature**, Jonathan Cape, London, 1955.

22) Jonathan Arac, Editor, **Postmodernism and Politics, Theory and History of Literature**, B Vol 28, Manchester University Press, 1986.

23) Larrain, a.w.

24) Dowling, a.w. bl. 131.

Vryburger en slaaf, patrisiër en plebejer, baron en lyfeiene, gildemeester en vakman, met een woord, onderdrukkers en onderdrukte was gedurig teen mekaar gekant, het 'n onafgebroke soms verborge, dan weer openlike stryd gevoer, 'n stryd wat altyd uitgeloop het óf op 'n rewolusionêre rekonstruksie van die hele maatskappy, óf op die gesamentlike ondergang van die strydende klasse.²⁵⁾

In die voorafgaande stuk het ek kernwoorde soos teks, materialistiese of historiese determinisme, wyse van produksie, produksieverhoudings, dialektiek, ideologie en marxisme taamlik dikwels gebruik. Die feit dat dinge slegs in verhouding tot ander bestaan (dus 'relasioneel') gee natuurlik aan al hierdie begrippe relatiewe waarde. Die Strukturalisme wat sy ontstaan in die Franse Cartesiaanse tradisie van die intellek gehad het, het gesoek na fundamenteles, na die onderliggende ordenings vir disparate verskynsels - soos Lévi-Strauss in sy antropologiese bloedskande-prohibisie-studies basiese strukture in die gees wou vind, die 'reëls' waarvolgens 'n mens se verstand of bewussyn sou funksioneer.²⁶⁾ Die doel was '... to contribute to a better knowledge of objectified thought and its mechanisms ...'²⁷⁾

Jacques Derrida se tekste n.a.v. Lévi-Strauss se opvattinge het redelik onlangs 'n desentring van die konsep van die noodsaaklikheid van die kern gebring: dat strukture nie kan bestaan sonder 'n kern('centre') nie; en in die latere werk van Lévi-Strauss vind hy:

'what appears most fascinating in this critical search for a new status of discourse is the stated abandonment of all reference to a *center*, to a *subject*, to a privileged *reference*, to an origin, or to an absolute *archia*'.²⁸⁾

Ook die denkpatrone van die metafisika is bevraagteken deur Derrida se gebruik van die alternatiewe dialektiek van 'differance' (om te verskil en terselfdertyd te verskuif - in Engels 'differ' en 'defer'). Dit kom daarop neer dat die metafisika se formulering van teenstellings, waar die kontrastering prioriteite maak, ongeldig is omdat die opposisies wat geskep is dan binne 'n hiërargiese orde staan en nie gelyke waarde kan hê nie:

'We could thus take up all the coupled oppositions on which philosophy is constructed, and from which our language lives, not in order to see opposition vanish, but to see the emergence of a necessity such that one of the terms appears as the difference of the other ...'²⁹⁾

- 25) **Die Kommuniste-Manifes** deur Karl Marx en Friederich Engels, Inleiding deur Leon Trotsky. Werkersparty van Suid-Afrika, Gedruk deur Cowene Printing Works, Kaapstad, 1938(?), bls. 15-16.
- 26) **The Quest for Mind**, Piaget, Lévi-Strauss, and the Structuralist Movement. The University Press, 1972, bl. 161.
- 27) **Structuralism and Science**, from Lévi-Strauss to Derrida, edited by John Sturrock, Oxford University Press, 1979, bl. 36. Die hoofstuk oor Claude Lévi-Strauss is geskryf deur Dan Sperber.
- 28) **Writing and Difference**, Jacques Derrida, translated, with an introduction and additional notes, by Alan Bass, Routledge and Kegan Paul, 1978, bl. 286.
- 29) **Marxism and Deconstruction**, bl. 10.13.

Wat het dié ‘dekonstruksie’ met Marxisme en met die letterkunde te doen? Die raakpunte tussen hierdie twee ‘stelsels’ van dink is merkwaardig en waar hulle geïntegreer kan word sou dit miskien die verwysingsraam waarbinne mens na die letterkunde kyk aansienlik kan vergroot. Die dekonstruksie kan beskou word as 'n grondige linguistiese nihilisme;³⁰⁾ 'n denkwysie wat alle waardes in die Nietzsche-tradisie nihiler; basies anti-outoritêr is

‘... a rejection of the logic power and domination in all their forms, and advocacy of difference against identity, and a questioning of state universalism’.³¹⁾

En saam met Marxisme sien dekonstruksie alles as afhanklik van verhoudings, die onmiddellike en oorspronklike is bemiddel en afgelei, daar is geen ideële betekenis nie, geen finale ideaal nie (geen ‘Deutsche Ideologie’ nie). Derrida se ontkenning van absolutes is soos Marx se ontkenning van 'n absolute ‘bewussyn’ wat die mens se bestaan kan reël.

Deur die saamdink van hierdie twee denkrigtings word daar nie 'n metode vir die lees van 'n teks voorgestel nie, want 'n metode veronderstel norme en norme veronderstel absolute waardes. Verskeie elemente sou by die lees van 'n teks teenwoordig moet wees: die bewustheid van relasionisme, die besef van determinisme, van die teks as 'n wêreld wat uitreik na verandering - en ook verset kan wees, die bereidwilligheid tot dialektiek; maar veral die waarneming van ‘difference’ i.p.v. relegerende opposisies. En bo-alles: geen absolute konsepte nie; want alles kan gedekonstrueer word.

En omdat alles waardes gevalueer kan word, en alle kennis genihiler, is dit goed om by die begin te begin. Wat is taal? Wat is teks?

Moderne taalteorieë berus op Ferdinand de Saussure se *Cours de linguistique générale*, waar die onderskeid tussen teks - *langue* - en spraak - *parole* - gemaak word, en die konsep van taal as teken geformuleer is, met 'n *signifié* (‘signified’), 'n ‘saak’, en 'n *signifiant* (‘signifier’), 'n ‘teken’. Hy het veral beklemtoon dat die verhoudings tussen elemente belangrik is - en in taal is dit slegs deur verskille dat elemente betekenis verkry.³²⁾ Die Strukturaliste - veral Michel Foucault - het egter vertrouwe verloor in die verhouding wat teken met saak het, sodat die aandag meer op die teken gevestig is, wat daarop uitloop dat die Strukturalis se teks 'n diskoers oor Diskoers word (en by Foucault die ontbinding van Diskoers self). Die wantroue in die verhouding het ontstaan omdat die verband tussen teken en saak nie eenduidig, lineêr, is nie, die woord kan meer as een saak beteken; daar bestaan dus 'n ‘fout’ in alle verbale voorstellings van die reële.³³⁾

30) ‘Either one can believe in a magical theory of all language, as the Kabbalists, many poets, and Walter Benjamin did, or else one must yield to a thoroughgoing linguistic nihilism, which in its most refined form is the mode now called Deconstruction.’ **Deconstruction and Criticism**, bl. 4.

31) **Marxism and Deconstruction**, bl. 213.

32) **The Quest for Mind**, bl. 45.

33) **Structuralism and Science**, bl. 92-95.

Dit sou weer Derrida wees wat die konsepte van die Strukturaliste dekonstrueer. Sy kritiek kom daarop neer dat die Strukturaliste die teken isoleer in sy patroon van strukture en hom outonoom bestudeer - die 'ideële' literêre teks as 'suiwer letterkunde'. Hy redeneer dat 'betekenis' nie *a priori* 'n konsep is nie: dit word deur taal - veral in die konteks 'writing', skrif - gemaak. Die verhouding tussen teken en saak bestaan; maar só dat saak sonder teken niks is nie. Taal - skrif - máák betekenis, máák byvoorbeeld ideologie (en kan ook negatiewe funksies hê, omdat dit klassifiseer, indeel, margineer ens.):

'It creates meaning by enregistering it, by entrusting it to an engraving, a groove, a relief, to a surface whose essential characteristic is to be infinitely transmissible.'³⁴⁾

Daar is dus geen ideële sake ('signifieds') wat nie deur skrif gemaak is nie, en die teken ('signifier') staan daarom nie sekondêr t.o.v. betekenis nie. (Marx se kritiek op idealisme lê ook daarin dat die ideële slegs moontlik is op die basis van die materiële praktyk van taal.)³⁵⁾ In elementêre voorbeelde wys Derrida daarop dat die betekenis in 'n mate onafhanklik is van die saak, soos bv. in die sin 'die sirkel is vierkantig', of as iemand sou sê 'ek is dood'.³⁶⁾ Hierdie sinne beteken letterlik t.o.v. 'inhoud' niks nie, maar hulle is wél taal. Die belangrike teendeel is nou ook afleibaar: taal is nie 'n medium om een of ander ideële weer te gee nie.

'By a slow movement whose necessity is hardly perceptible, everything that for at least some twenty centuries tended toward and finally succeeded in being gathered under the name of language is beginning to let itself be transferred to, or at least summarized under, the name of writing. By a hardly perceptible necessity, it seems as though the concept of writing - no longer indicating a particular, derivative, auxiliary form of language in general ... no longer designating the exterior surface, the insubstantial double of a major signifier, *the signifier of the signifier* - is beginning to go beyond the extension of language. In all senses of the word, writing thus *comprehends* language.'³⁷⁾ (Kursivering oorspronklik).

Hierdie siening van Derrida is radikaal in dié sin dat die teks, skrif, totaal losgemaak word van die sekondêre posisie wat dit sedert Plato en De Saussure gehad het. Skrif is nou nie meer die neerslag van taal, die nagelate spore van denke nie, die imitasie van 'n imitasie nie, die bemiddelaar tussen 'waarheid' en ontvanger daarvan nie, maar outonoom: die skrif kan die skrif self sê:

34) **Writing and Difference**, bl. 12.

35) **Marxism and Deconstruction**, bl. 52.

36) **The Structuralist Controversy**. The Languages of Criticism and the Sciences of Man. Edited by Richard Macksey and Eugenio Donato, The Johns Hopkins University Press, 1970, 1972, bl. 156.

37) **Of Grammatology**, bl. 6-7.

'It is when that which is written is deceased as a sign-signal that it is born as language.'³⁸⁾

Deur 'n heel elementêre voorbeeld vanuit die Afrikaanse romankuns kan ek miskien illustreer waarin 'n mens dié emansipasie van skrif sou kon sien. Ek haal die eerste paar sinne van C.M. van den Heever se *Somer* (1935) aan:

“Soe!” roep die wandelaar uit en laat sy bondeltjie goed sak. Sweet glans onder sy hoedrand uit en beweeg stadig oor sy warm, deurvoorde gesig. “Soe!” Die hitte slaan uit sy klere op. Van die hoogte waar hy nou staan, kan hy ver oor die vlakte heen kyk. Agter hom lê die blou reeks berge soos die voue van 'n konsertina. Al verder blou die yl, bewerige randjies weg tot dit vergaan in die onsekerte van die verte se dynserigheid. Eienaardige stuk wêreld wat hy agter hom gelaat het! In die skaduwee van 'n rietskraal bloubos gaan hy sit, en 'n weidadige vrede kom hier in die strepie koelte oor hom. Dit voel so rustig en verruimend hier, of jy in 'n diep kuil koel water swem. En rondom hom dein die landskap, groots en met die verre kimme in die wasige skoonheid.³⁹⁾

Die wêreld geskep in dié teks is van 'n wandelaar in 'n warm landskap. Mens kan 'n onderskeid maak tussen die saak waarna die teks verwys - die beskrywings van die handeling (m.a.w. die tradisionele, sekondêre funksie van taal), en die teks wat hom as skrif aanbied. Die handeling wat beskryf word, is van 'n beswete en stowwerige wandelaar wat 'n hoogte bereik en rus in 'n bietjie skaduwee - koel en tevrede. Daar is egter 'n klein teenstrydigheid: hoe kan die ‘strepie koelte’ van 'n ‘rietskraal bloubos’ hom laat afkoel? Maar die koelte wat hy ervaar is nie soseer fisies nie as geestelik; die teks kwalifiseer ‘rustig en verruimend’ asof hy in 'n ‘diep kuil water’ swem: die geestelike ervaring bring die liggaamlike lafenis. Gedeeltes van die teks gaan egter verder en onderstreep en motiveer die wandelaar se ervaring op 'n wyse wat nie heeltemal binne die konvensionele teken-saak-verhouding staan nie, nl. deur die bewusmaking van homself as teks. Met die ‘natuurbeskrywende’ sinne (‘al verder blou die yl, bewerige randjies weg tot dit vergaan in die onsekerte van die verte se dynserigheid’, en ‘En rondom hom dein die landskap, groots en met die verre kimme in wasige skoonheid’) word geen handeling weergegee nie; daar word eerder ‘poëties’ beskryf - mooi, ritmies en herhalend. En dis nie versierend nie, dit is die verteller se genot wanneer hy oor die natuur praat - dit is die teks wat deur die feit dat hy hom as poëtiese skrif aanbied, nie net ‘beskryf’ nie, maar as skrif motivering gee vir die plesier van beide wandelaar en verteller.

Nou kan mens natuurlik nog verder gaan en dié voorbeelde van skrif wat nie direk handelings beskryf nie - dus nie sekondêr funksioneer nie - isoleer en die motivering in die skrif sien. Dit sou dan waarskynlik sê dat die natuur mooi, idillies en suiwer is, maar die stad die teenoorgestelde. En as jy dieper kyk, sal

38) **Writing and Difference**, bl. 12.

39) **Somer**, C.M. van den Heever, J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1957, bl. 7.

daar vir jou in die skrif 'n ideologie geskryf staan van verset teen verstedeliking, teen die materialistiese determinasie van die twintiger- en dertigerjare in Suid-Afrika.

Wanneer die teks meer gesofistikeerd raak, bestaan die moontlikheid dat die grense tussen teken en saak vernietig kan word, dat die teks skrif word wat in sigself saak is:

'It is...an act...which will destroy the barriers between sign and signified.'⁴⁰⁾

Breyten Breytenbach se gedig *l.l. (lotus)* uit die bundel *Lotus* is 'n hardnekkige opheffing van die teken-saak-verhouding. Niks bestaan buite die teks nie, die teks is finaal die skrif op papier.

en *Aum Mani Padme Hum*

die perd van lug
galop deur die lug
die ros van asem
met die ruiter van syn

die lug is 'n blou tent
met die kreukels van wind
en die son die banier
want die tent aanwys

die Groot Taak is
om van honderolle
sterre te maak
en die Groot Niet te vertrap

en bo is reeds die eerste ryp
die hemel is 'n land van sneeu
snags is iedere voël teen nag so rou
'n skelet, die silhoeët van 'n skree
en die maan 'n silwer kreet

die ryp sneeu knetter
maar jy hoef dit nie te vrees
intendeel kom
ons gaan stap
al langs die donkerte van heuwels
waar bome hoog soos die nag
die nag in groei

sien jy? daar is die niks
al die woorde is net skimme

40) J. Hillis Miller in 'n bespreking van Shelley se poësie, **Deconstruction and Criticism**, bl. 236.

wat soos perde van asem
deur die niet galop

en kom weer saam met my binne
waar die donkerte fluit
kom lê op my wete
kom lê op my tong, my skaduwee

want daardie skaduwee moet ek
uit die mondnag skud
en met daardie skadu as mes
bloots en skrylings op daardie tong
moet ek al jou blare oop kan vou

tot hier waar jy gepêrel is tot
die blinde, selfvervullende pêrel

ruik jy nou nie die sterre nie?
alles kom uit gewaarword op
en sink weer daarin terug:
die perde eet pêrels⁴¹⁾

Die eerste reël is ellipties en volg op 'l.l' en '(lotus)' - en dis belangrik dat die hakies gesien word, dat die 'titel' van die gedig tussen hakies is, dus nie heeltemal 'n aanduidende en kategoriserende titel is nie. Die woorde in die eerste strofe be-teken (perd, lug, galop ens.), maar staan in so 'n verhouding tot mekaar dat geen sinvolle betekenis opgeroep kan word nie. Daar bestaan *letterlik* niks in hierdie strofe nie, behalwe lug. Maar die taal bestaan wel. In strofe twee is daar 'n poging om lug, wind, son te 'konkretiseer' deur 'n metafoor, as tent met kreukels en banier - om dus daarvan 'n saak ('signified') te maak. Maar die metafoor - of die saak - kom nie weer voor nie, het dus geen betekenis nie. Al wat dit sê, is dat dit op poëtiese wyse sê. Die derde strofe klink na 'n konvensionele mededeling: die aankondiging van 'n doelstelling, 'n poëtiese credo. Die credo is om die banale te omvorm tot die skone, om te herskep, en om sin te maak deur die *niet* te *vernietig*. Die Groot Taak is dus om die Groot Niet te vernietig - en dit kan gedoen word deur iets te maak. Skepping is dus vernietiging, en die teenstelling werk negerend. Dan begin die teenstellings: die ryp wat bo is, die hemel wat 'n land is, voëls wat snags silhoeëtte het, klank wat vorm het en vorm wat klank het. In terme van betekenis word die onmoontlike gegee, sodat betekenis in die konvensionele sin verval en slegs die taal as teks oorbly. En die teenstellings duur voort, plus 'n spel met die teken-saak-verhouding op so 'n wyse dat teken en saak t.o.v. dieselfde woord heeltemal verskil, en deur daardie verskil implisiet kommentaar lewer op die onbetroubaarheid van die verhouding. Vergelyk 'ryp' en 'ryp': die een is van winter, die ander van somer: sneeu wat ryp is val, soos ryp vrugte van bome;

41) Jan Blom, *Lotus*, Buren-Uitgewers. 1970, bl. 9-10.

maar ryp met betrekking tot vrugte is somer, en dit gaan hier om winter. Dus weer 'n negerende teenstelling. Dan volg daar 'n mededeling, 'n handeling word voorgestel: kom ons gaan stap, in die nag langs donker heuwels waar donker bome groei, waar ons dus niks kan sien nie. Hoe kan ons dan stap? Weer is daar *letterlik* niks: woorde is skimme en bevat nie 'sake' nie. Maar hulle bestaan wel - in die skrif op papier; hulle het sêlf die sake geword. Die res van die gedig is oor woorde, as sake, gekonkretiseer in die geliefde as bemiddelaar. 'n Ander moontlikheid word ook beproef: die woord as klank; maar dit word opgehef in die laaste reël, in die niks van die fonetiese effek van 'die perde eet pêrels'. Deur transformasies hoop hy om die kennis van die geliefde te bereik, van die pêrel in die lotus (ook nou 'n ver-taling, transformasie, van die 'onbekende' woorde in die eerste reël). Maar tot hier het woorde, wat skimme is, nog niks gesê, beteken, nie. Hoopvol vra hy nou aan die einde: 'ruik jy nou nie die sterre nie?' Het die honderolle toe sterre geword? Waarom ruik hulle dan?

Ek meen dat mens hier 'n teks het waar skrif net skrif is, net aanhoudend probeer sê dat hy homself sê. 'n Teks wat hom konsekwent self dekonstrueer, soos daar van Shelley gesê is:

‘Shelly's poetry is the record of a perpetually renewed failure...’ ‘The language which tries to efface itself as language to give way to an unmediated union beyond language is itself the barrier which always remains as the woe of an ineffaceable trace. Words are always there as remnant, “chains of lead” which forbid the flight to fiery union they invoke.’⁴²⁾

Hierdie benadering kan, as dit so konsekwent deurgevoer word as wat die teks, of gepaste gedeeltes van die teks, toelaat, die aksente t.o.v. die funksie van skrif taamlik drasties verander. Ek sê opsetlik ‘as wat die teks toelaat’ omdat daar, in Roland Barthes se terminologie, ‘lisible’ en ‘scriptible’ tekste is. Die ‘lisible’ veroorsaak ‘plaisir’ (‘n gemoedelikheid waarskynlik), en die ander ‘jouissance’ - genot en ontsetting: ‘*plaisir* is sayable, *jouissance* is not’.⁴³⁾

Die teks is 'n produk, gemaak deur intellektuele arbeid binne 'n milieu waar spesifieke wyses van produksie, produksieverhoudings en politieke ideologieë bestaan. Dit kom dus vanuit 'n gedetermineerde werklikheid; maar die teks is nie 'n representasie of elementêre weerspieëling van daardie werklikheid nie. Nie 'n sekondêre refleksie nie.

Die nie-verteenwoordigende van skrif is die tema van een van Derrida se argumente in *Of Grammatology*. Sy verheffing van skrif ontstaan hier as kritiek op Rousseau en Lévi-Strauss se sienings van taal. By Rousseau is skrif slegs

42) **Deconstruction and Criticism**, bl. 237 en 246.

43) **Structuralism and Science**, bl. 72.

aanvulling tot spraak, supplementêr,⁴⁴⁾ 'n bemiddelende representasie van denke. Derrida se redenasie kom daarop neer dat 'n aanvulling iets aanvul wat nie volledig is nie; dit werk supplementêr en voeg toe deur vervanging van wat nie daar is nie. So kom dit dan in die plek van; en as dit representeer dan is dit omdat dit waarvoor daar ingestaan word nie teenwoordig is nie, die plek daarvan word dan ingeneem. 'n Leemte word gevul deur 'volmag' ('proxy') as teken; en a.g.v. daardie volmag verkry dit as teken eie bestaansreg sonder afhanklikheid van die saak waarvoor dit gestaan het.

Hier is dan 'n dekonstruksie van die hele tradisionele denkwyse oor skrif sedert Plato, soos verteenwoordig in dié uitspraak van De Saussure:

'Language and writing are two distinct systems of signs; the second exists for the sole purpose of representing the first.'⁴⁵⁾

En as skrif nie meer, elementêr, gesien word as 'n verteenwoordiging van spraak nie, dan is dit ook nie van geïdealiseerde spraak nie, en ook nie van denke nie. Die implikasie t.o.v. teks en ideologie is dan dat die skrif self ideologie kan wees:

'Thus, literature is viewed, not as a secondary reflection of something else, but as a real social force, existing in its own right, with its own determinations and effects.'⁴⁶⁾

- 44) **Of Grammatology:** 'Languages are made to be spoken, writing serves only as supplement to speech - Speech represents thought by conventional signs, and writing represents the same with regard to speech. Thus the art of writing is nothing but a mediated representation of thought.' (bl. 144)

En:

'Languages are made to be spoken, writing is nothing but a supplement of speech...The analysis of thought is made through speech, and the analysis of speech through writing: speech **represents** thought through conventional signs, and writing represents speech in the same way; thus the art of writing is nothing but a mediated **representation** of thought, at least in the case of vocalic languages, the only one that we use' (bl. 295, kursivering oorspronklik).

- 45) **Of Grammatology**, bl. 30.

- 46) **Formalism and Marxism**, bl. 41.

Hoofstuk 2

Die stilte van die teks

Verskeie elemente moet teenwoordig wees by die lees van 'n literêre teks, veral by die 'scriptible' teks; want daar is geen enkele betekenis nie, die teks is meerduidig en mens kan nie net vra *wat* die betekenis is nie, maar eerder *hoe*. Vir die kritikus wat wil skryf oor 'n werk is dit op meer as een vlak 'n kwessie van bemiddeling: die bepaling van verhoudings tussen die formele analise van 'n teks en sy sosiale basis, en ook die wyse van bemiddeling tussen teks en leser. Want is dit nie so dat die kritiek se teks parasities bestaan van die literêre teks nie? Die gasheer voed die parasiet en gee dit lewe; maar die parasiet kan ook die gasheer vernietig - soos die vereenvoudigende normatiewe kritiek 'n teks impotent kan maak.¹⁾

Twee aspekte van die literêre teks en die kritiek wat ek hierbo genoem het, vra verdere aandag: verhouding en normatiewe; en die relasionaliteit is vir my belangriker as enige norm-kritiek. Die belangrikste verhouding is dié tussen teks en geskiedenis en teks en leser. 'n Literêre kritiek hoort in die eerste plek die dialektiek wat die historisme van die teks in ag neem te beoefen:

‘Thus dialectical criticism is at the other extreme from all single-shot or univalent aesthetic theories which seek the same structure in all works of art and prescribe for them a single type of interpretative technique or a single mode of explanation.’²⁾

Die werk bestaan nie uit idees wat los staan van die geskiedenis nie. Dit is gevorm deur die materiële magte wat daar was tydens die skryf daarvan: geen teks is 'n medium vir betekenis of waarhede wat vooraf bestaan het en slegs deur die teks weerspieël kan word nie. Betekenis word nie weergegee nie; dit word geproduseer deur die ineenvlegting van persoonlike, sosiale, historiese en linguïstiese drade.³⁾

‘By keeping to the legitimate intention of protecting the *internal* truth and meaning of the work from historicism, biographism or psychologism...one risks losing any attentiveness to the internal historicity of the work itself, in its relationship to the subjective origin that is not simply psychological or mental.’⁴⁾

1) *Deconstruction and Criticism*, bl. 217.

2) *Marxism and Form*, bl. 333.

3) *Marxism and Deconstruction*, bl. 163.

4) *Writing and Difference*, bl. 14.

Dit wil nie sê dat die werk se outonomie as werk afgebreek word in 'n assimilasië met die historiese nie; slegs dat die outonomie en volledigheid daarvan self 'n dialektiese fenomeen is,⁵⁾ en dat die leser daarvan hom nie kan sien binne 'n voltooide, absolute, hede nie; maar dat daardie hede ook histories is. As jy dus binne jou eie 'spesifieke hede' vir die eerste maal 'n nuwe teks lees, is dit nie 'n unieke ontmoeting tussen jou en die teks nie - jou leesgewoontes en die ontstaan van die teks is beide alreeds histories en materialisties geprogrammeer. En die taak is om bewus te wees van jou gedetermineerdheid - jy as letterkundige wat sekere middelklas materiële belange en 'n sosiale stand verteenwoordig - en om verby daardie bewussyn te probeer streef.⁶⁾ Dis verder nodig om te besef dat die literêre werk nie 'n abstraksie is nie, maar in die loop van sy bestaan telkens in terme van sy effek anders gedetermineer gaan word, as teks gaan 'verander' na gelang van die ontvangs daarvan:

'A text always has several epochs and reading must resign itself to that fact. And this genealogical self-representation is itself already the representation of a self-representation...'⁷⁾

Mens sou kon praat van geskiedenis as skrif, en van alle romans as histories; en in daardie skrif lê die verskrikkinge van die geskiedenis van die mens en sy kultuur:

'As in all previous history, whoever emerges as victor still participates in that triumph in which today's rulers march over the prostrate bodies of their victims. As is customary, the spoils are borne aloft in that triumphal parade. These are generally called the cultural heritage. The latter finds a rather distanced observer in the historical materialist. For such cultural riches, as he surveys them, everywhere betray an origin which he cannot but contemplate with horror. They owe their existence, not merely to the toil of the great creators who have produced them, but equally to the anonymous forced labour of the latter's contemporaries. There has never been a document of culture which was not at one and the same time a document of barbarism.'⁸⁾

Maar as die kritiek sy historisme erken, het hy nog nie al die probleme opgelos nie.

Wat is die werkwyse van die kontemporêre literêre kritiek - ook in Afrikaans?

5) *Marxism and Form*, bl. 313.

6) 'What makes (petty-bourgeois intellectuals) the representatives of the petty bourgeoisie is the fact that in their minds they do not get beyond the limits which the latter do not get beyond in life, that they are consequently driven, theoretically, to the same problems and solutions to which material interest and social position drive the latter politically. This is, in general, the relationship between the political and literary representatives of a class and the class they represent.'

Karl Marx, *The Eighteenth Brumaire of Louis Bonaparte*, New York, International, 1963, bl. 50.

7) *Of Grammatology*, bl. 102.

8) Walter Benjamin, aangehaal deur Jameson in *The Political Unconscious*, bl. 281.

Die literêre werk se ‘inhoud’, ‘struktuur’ en ‘middele’ word gewoonlik eers weergegee, of gedeeltelik gereproduseer. Dit is deel van die proses van ‘interpretasie’, 'n penetrasie van die teks wat dit oopbreek op soek na die dieper betekenis, die geheime kern daarvan:

‘The interpreter accomplishes this liberating violence: he dismantles the work in order to be able to reconstruct it *in the image* of its meaning, to make it denote directly what it had expressed obliquely.’⁹⁾ (Kursief oorspronklik).

Die kritiek wil dus op 'n ander wyse - dikwels d.m.v. allerlei spitsvondighede van die kritikus - sê wat die werk alreeds gesê het:

‘an intrinsic literary criticism is metaphorical, in that it seeks to replace the work with a description of its structures, with a new “metalanguage” which resembles it’.¹⁰⁾

Nou die normatiewe. Die uiteindelijke doel van hierdie interpretasie is om die kritikus in staat te stel om te kan evalueer, om sy vertroude norme - wat natuurlik êrens 'n ideële teks moet impliseer - te kan toepas sodat die leser gesaghebbend ingelig word oor die estetiese waarde van die werk - en as verbruiker die verwagte reaksie sal hê. Omdat die Afrikaanse letterkundige so tevrede is met sy kulturele besitting - die Afrikaanse letterkunde - sal die teks dan as dit 'n ‘aanwinst’ of 'n ‘bydrae’ of 'n ‘hoogtepunt’ is, 'n posisie van eer toegeken word. En as daar konsensus onder letterkundiges is, sal die werk uiteindelik bekroon word - as trotse besitting van die Afrikaner. So word ‘letterkunde’ boeke op rakke, verhef tot die vergetelheid van ‘kultuurskatte’, en nie die skrif van die ideologie van 'n volk nie.

As die literêre kritiek wil wegkom van dié parasitiese en mimetiese bedryf, van hierdie tweederangse rasionalisasies, van die rol van arbiter van smaak, sal ander alternatiewe gesoek moet word. Die een wat ek hier wil beproef, wat aansluit by die benadering gegee in die eerste hoofstuk, kan mens noem 'n soeke na die stiltes van die teks:

‘The authentic poem now achieves its dearth of meaning by strategies of exclusion, or what can be called litanies of evasion.’¹¹⁾

Miskien moet die kritiek eerder *oor* die werk praat as om net te wil herhaal *wat* die werk gesê het - dus nie beskryf nie, maar verduidelik; dan kan eksplikasie, en nie interpretasie nie, van die kritiek 'n selfstandige diskoers maak.

9) *A Theory of Literary Production*, Pierre Macherey (translated from the French by Geoffrey Wall), Routledge & Kegan Paul, 1978, bl. 76.

10) *The Prison-House of Language, A Critical Account of Structuralism and Russian Formalism*, Frederic Jameson, Princeton University Press, 1972, bl. 123.

11) *Deconstruction and Criticism*, bl. 15.

Om die ‘stiltes’, die ‘litanies of evasion’, die ‘distortions of the various kinds of censorship that have been at work’¹²⁾ te bepaal is natuurlik nie eenvoudig nie. Die teks praat nie daarvoor nie:

‘... we must go beyond the work and explain it, must say what it does not and could not say: just as the triangle remains silent over the sum of its angles’.¹³⁾

Daar is nie 'n metode nie, al wat jy kan doen is om na te gaan hoe ander dit probeer doen het. Soos byvoorbeeld Louis Althusser se bespreking van 'n toneelstuk van Bertolazzi, *El Nost Milan*, in ‘Notes on a materialist theatre’,¹⁴⁾ waarin hy 'n onvoltooide betekenis vind, die begin van 'n stil diskoers. En dan moet mens gedurig bewus wees van die teenstellende:

‘The speech of the book comes from a certain silence, a matter which it endows with form, a ground on which it traces a figure. Thus, the book is not self-sufficient; it is necessarily accompanied by a *certain absence*, without which it would not exist. A knowledge of the book must include a consideration of this absence.’

Uiteindelik kom dit weer neer op die Marxistiese benadering: op dit wat die teks nie kon artikuleer nie, op die proses van die teks se produksie:

‘Its task is to show the text as it cannot know itself, to manifest those conditions of its making (inscribed in its very letter) about which it is necessarily silent. It is not just that the text knows some things and not others; it is rather that its very self-knowledge is the construction of a self-oblivion. To achieve such a showing, criticism must break with its ideological prehistory, situating itself outside the space of the text on the alternative terrain of scientific knowledge.’¹⁶⁾

'n Politieke bewustheid by die literêre kritikus is dus essensieel. 'n Inleidende, en daarom elementêre illustrasie van die onbewuste werking van ideologie ten opsigte van klas, representasie, die verbeelde, distorsie, interpellasie, kultuur, subjek en Subjek en die spekulêre kan geïllustreer word aan die hand van die teks **Vorgevoel** van John Miles.¹⁷⁾

Vorgevoei.

Ek het die man die straat sien oorsteek, van die kafee se kant af. Hy het óór die voor getrap, óp na die sypaadjie en moet 'n blomknop of twee sien lê het - die vorige nag het die wind nogal erg gewaai - want hy het vinnig

12) *Marxism and Form*, bl. 404.

13) *A Theory of Literary Production*, bl. 77.

14) *For Marx*, bl. 151.

16) Terry Eagleton, *Criticism and Ideology*, Study in Marxist Literary Theory, NLB, 1976, bl. 43.

17) *Liefs nie op straat nie*, John Miles, Buren-uitgewers, 1970, bl. 13.

opgekyk na. my tuin en toe sy oë die groot struik vind, kon ek sien hoe
vorm sy lippe die vier sillabes van *kamelia*.

Ek ken sy gesig al. Daagliks kom hy van die kafee se kant af as ek my tee staan en drink, hier voor die venster. En elke keer volg ek sy figuur se stokkerige bewegings deur die ou ruit, half onbewus, terwyl ek besig bly met een of ander formulering vir my proefskrif. Dis amper 'n soort dwangaksie om so te speel met die distorsies van die ou ruit: Ek draai my kop net baie effens en merk hoe sy voete buite verhouding is met die res van sy lyf; dan dans sy kop weer glaserig 'n ent voor sy lyf uit. Maar dié keer het ek my werk geheel en al vergeet: hy ken dus ook die kamelia. Vir wie sou hy werk? Hy was nogal goed versorg. Ek het gewonder of hy Sotho of Zoeloe is. En hy ken 'n kamelia. Ek het dadelik besluit om 'n geselsie met hom aan te knoop en het my reeds begin wegdraai van die ruit..., in my spore verstyf. En net daar bly staan. Hy wou net-net by die volgende huis wegraak maar met my effense beweging van so ewe het hy skielik oor die hele onderkantste helfte van die ruit versprei. Hy't die kamer ingestroom met sy kleur, op my stoele gaan sit, deur die naslaanwerke vir my proefskrif geblaai en gevra of hy sy pyp mag stop.

Die eerste vier woorde stel alreeds 'n verhouding daar: tussen 'ek' en 'die man'; en die volgende sin brei verder uit op hierdie verhouding: deur die gebruik van 'op' en 'opgekyk na my tuin'. Daaruit lei mens vanselfsprekend af dat die man onder is en die spreker bo, dat daar ook 'n afstand tussen hulle is, wat bevestig word deur die gebruik van 'moet'; die spreker se uitsig op wat die man sien, is beperk: 'n beperkte visie, 'n beperkte verhouding. Die beperktheid van die verhouding word skynbaar opgehef met die begin van die tweede paragraaf: 'Ek ken sy gesig al...' en 'daagliks' en 'elke keer'. Dié vermoede word egter gou verbreek deur frases soos 'half onbewus...terwyl ek besig bly...' 'n soort dwangaksie om so te speel...', want nou word die man eintlik verobjektiveer tot iets waarmee hy afgetrokke kan speel terwyl hy met 'n ander aktiwiteit besig is. En hierdie spel is feitlik 'n soort dehumanisering van die man, vanuit die spreker se oogpunt.

'n Soort verhouding wat besig was om te degenerer tot 'n verbeeldingspel word egter gered deur die **vermoede** (want dis deur 'n verwingende ruit) dat die man 'n Afrikaanse, westerse, woord **vorm** met sy lippe. Nou is ons binne 'n spesifiek Suid-Afrikaanse situasie waar gesê word: 'Vir wie sou hy werk? Hy was nogal goed versorg. Ek het gewonder of hy Sotho of Zoeloe is...' Die ruimtelike afstand van die eerste paragraaf tussen die twee mense, die beperkte visie van die spreker met betrekking tot die man, word met 'vir wie sou hy werk' verplaas tot 'n klasse-afstand; en nou lees ons binne bekende ideologiese terrein: die witman wat rustig aan sy proefskrif formuleer, die besitter in sy huis wat daagliks met teetyd 'n swartman sien wat die straat 'oorsteek' (op die verkeerde plek - soos hulle maar is!?) van die kafee af, is verbaas dat 'n swartman 'n

westerse woord ken. Klas en die tipiese wit Suid-Afrikaner se ingebeelde verhouding tot die werklikheid - dus ideologies - het geprojekteer: 'n swartman wat sekere woorde ken, moet besonder wees; hy kán nie gewoon wees nie.

Maar die spreker is bereid om hierdie 'ideologiese' visie te vervang met 'n werklike verhouding - tentatief, versigtig, by wyse van 'n 'geselsie'. Waarom?

Dis duidelik, in die derde paragraaf: '... hy ken dus ook die kamelia', en weer: 'En hy ken 'n kamelia'. Die spreker **herken** dus iets van sy wêreld - taal, kultuur - in die woord wat die man met sy lippe vorm. Dit bring mens by die ander aspek van ideologie wat Althusser noem interpellasie: die feit dat die man eintlik, onbewus natuurlik, deur iets wat hy doen 'n beroep doen op die spreker, dat hy wat voorheen 'n objek van spel was nou 'n subjek word, uit gewys deur 'n ideologie-bepalende faktor. Die 'ek' wil kontak maak met dié 'man', van hom 'n subjek maak, omdat hy iets van sy eie herken het in die man: die man weerspieël iets wat hy (die 'ek') ook weerspieël. Die individu-as-subjek herhaal 'n ander, groter, Subjek: Afrikaans, die Westerse kultuur, ens.

'n Mens kan verder in dié verhaal praat van weerkaatsing: die herhaling - of die reproduksie - van die man binne die spreker se huis. Die middel wat daarvoor verantwoordelik is, is die glas, die ou ruit wat 'n spieëleffek veroorsaak. Maar die verhaal laat dit duidelik blyk dat hierdie 'weerkaatsing' eintlik 'n illusie is: die spieëlbeeld is dus die verbeelde, net soos die ideologiese die verbeelde verhouding is. Die verbeelde hang egter saam met die voorgevoel, met die gevoel van iets wat gaan gebeur in die toekoms - of die hoop dat so iets kan gebeur. Maar weer: dit gebeur deur glas, in 'n fiksie, in die verbeelding, literêr; en literêr is spieël, óók distorterende glas (want die letterkunde kom uit die suprastruktuur van die ideologie). Dit bly dus 'n **verbeelde**, en nie 'n **werklike** verhouding nie.

Die blote feit dat 'n skrywer so 'n verhaal skryf, met so 'n voorgevoel, sou kon aandui dat daar by hom 'n gedagte is dat so 'n vereniging, opheffing van grense, sou kon plaasvind. Maar dit gebeur nie, omdat dit hier sou moes gebeur het in terme van die spreker se ideologiese interpellasies: sy huis, sy tuín, sy stoele, sy proefskrif, en veral sý taal en kultuur. Die man sou dus, saam met hom, weerspieël moes word in 'n Groter Ideologie, weliswaar nie dié van apartheid en klas nie - maar tog op 'n dialektiese wyse daaraan verbonde, want die **werklike** verhouding (wat die skrywer klaarblyklik begeer, aldus die verhaal) is dialekties verbonde aan die **verbeelde** verhouding, aan die ideologiese. Die ideologiese, die **idee**, blokkeer die verwerkliking, die **materialisering**, van die voorgevoel. Die mate waarin ideologie - die verbeelde verhouding tot die werklikheid - alreeds self werklikheid (substituut vir werklikheid) geword het - word deur die sin '... in my spore verstyf' aangedui. As mens 'verstyf' lees as sinoniem vir 'skrik' dan is die inverterende werking van ideologie ook hier duidelik: wat normaal sou kon wees, laat die spreker skrik.

Daar is ander maniere om hierdie verhaal te 'reproduceer', maar die dialektiese bring dit nóg nader aan die Suid-Afrikaanse werklikheid.

Hoofstuk 3

Bywoners

‘Dit sal 'n ramp wees wanneer ons landboubevolking feitlik net nog uit kapitaliste en kaffers bestaan’
(Carnegie-kommissie)

Jochen van Bruggen se *Op veld en rante* het verskyn in 1920,¹⁾ midde-in 'n tyd van ekonomiese en sosiale veranderings. Daar was die gevolge van die ontdekking van goud, die Anglo-Boereoorlog, en uiteindelik die depressie van 1930. Maar miskien was die belangrikste feit in die geskiedenis van die Afrikaner dat die ontdekking van ryk minerale aan die einde van die negentiende eeu 'n gerieflike bestaansekonomie begin verander het tot 'n kapitalistiese wyse van produksie:

‘The years after 1870 witnessed profound and violent transformations in South Africa. Old patterns of life were shattered, and men and women were hurled into new, foreign, and threatening economic, social and political environments. The rapid development of industry and the largescale proletarianisation of both black and white rural producers intensified these social disruptions in the 1920's and 1930's. Old certainties were destroyed, old world views and moralities undermined; men and women were forced to adapt their values and ideas to totally new relationships, new patterns of life.’²⁾

Daar was 'n geleidelike disintegrasie van plattelandse gemeenskappe deur verstedeliking en die ontwikkeling van 'n arm wit proletariaat, die ‘armblankes’³⁾ (‘... die ekonomiese en sosiale agteruitgang van 'n aansienlike gedeelte van die blanke plattelandse (of oorspronklike plattelandse) bevolking van ons land’⁴⁾).

‘Armblankes’ volgens die Carnegie-kommissie se ondersoek, het bestaan uit persone van Europese afkoms wat hoofsaaklik uit boerdery hulle bestaan gemaak het; en die grootste groepe daarvan was arm bywoners, huurlinge op plase, diegene wat stukkies plaas besit het waaruit geen bestaan gemaak kon

1) *Op Veld en Rante*, J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, Vyfde druk, 1930.

2) Dan O'Meara, *Volkskapitalisme*. Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism. 1934-1948. Ravan Press, Johannesburg, 1983, bl. 67.

3) J.L. Sadie, O'Meara, bl. 52.

4) J.F.W. Grosskopf, ‘Plattelandsverarming en Plaasverlating’, in *Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel I, Pro-Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1932, bl. V.

word nie; arm nedersetters en ongeskoolde of swak geskoolde werkers buite die boerdery.⁵⁾

Die feit dat daar iets soos die Carnegie-kommissie bestaan het, is bewys van die kommer oor die armbanke, soos ook prof. H.F. Verwoerd se rede op die Volkskongres van 1934, met as tema ‘die hele nadruk lê...op voorbehoeding en opheffing’.⁶⁾ En wat vir ons veral hier ter sake is, is Van Bruggen se ‘Bywoners’ in *Op veld en rante*; en wat hy later oor die ontstaan van die *Ampie*-trilogie gesê het, is van besondere belang:

‘In die buurt van ons plaas het kort na die vorige Wêreldoorlog die ellendigste huisgesin gewoon wat ek ooit geken het. Hulle het bymekaar gehok in die primitiefste skuiling en amper barbaars gelewe. Hul ellende is in die roman glad nie oordryf nie. Hulle het my gedagtes in die boek vergesel.’⁷⁾

Bywoners was besitlose boere wat met die toestemming van 'n plaaseienaar (soos 'n feodale heerser) op sy plaas gewoon het, met die verstandhouding dat die bywoner sou help met die plaasarbeid. Bywoners was ‘almal wat wit is op 'n plaas en nie baas is nie’, of ‘... elke wit man wat op 'n ander se grond is en nie huurder is nie’.⁸⁾

Omdat ‘Bywoners’ - en die *Ampie*-trilogie ook - minder teks-bewus is as byvoorbeeld Miles se ‘Voorgevoel’ sal my ‘teks’ daarvoor aanvanklik meer konvensioneel moet wees.

Dis episodes van aard, bestaande uit sewe hoofstukke met onderafdelings. Elk beskryf - want die teks is binne die ‘beskrywende’, ‘realisme’-opvatting van taal-as-weergawe geskryf - handeling en gebeurtenisse wat nie 'n geïntegreerde eenheid vorm nie. Maar alles gebeur op die plaas van Andries Vry, die eienaar, en die bywoners is die hoofspelers. Die feit dat handeling wat deur karakters gespeel is, beskryf word, sê al iets oor die teks: dat dit illustratief is, byna 'n ‘exempel’, met betekenisvolle name soos ‘Vry’ en ‘Sitman’.

In die begin - die eerste hoofstuk heet ‘Hulle Baas’ - word Vry se idilliese milieu beskryf. Hy is die tevrede patriarg wat die vrugte van sy arbeid pluk, tevrede met sy plaas wat hy gerestoureer het ná die vernietiging van die Anglo-Boereoorlog:

‘Dis tog te duidelik, dat die huisgesin gelukkig saamleef...O rustig is daardie lewe en innig vroom blink die eenvoudigheid. Sy breë rug is vol en sag oor die leuning en oom Andries kan ver oor die lande kyk, waar hulle nou hawer sny en hy is dankbaar dat hulle vorder met die oes - sy bywoners.’⁹⁾

5) A.w. bl. V.

6) *Toe Witmense Arm was*, uit die Carnegie-verslag saamgestel deur dr. Dian Joubert, Brandpunte 2, Tafelberg, 1972, bl. 58.

7) *Die Huisgenoot*, 27.11.42, bl. 15.

8) *Plattelandsverarming en Plaasverlating*, bl. 121.

9) *Op Veld en Rante*, bl. 10.

Direk na hierdie mededeling arriveer 'n vervalde mynwerker, De Klerk, wat grond by Vry wil huur, omdat 'die beste... wat ons Afrikaners kan doen... (is) boer' (bl. 11). Hy weet niks van boerdery af nie maar is bereid om te probeer.

Die tweede hoofstuk ('Hulle, maar vernaamlik Gouws') beskryf die bywoners. Hulle huise illustreer hulle eienskappe: onverskillig, tevrede, ambisieus. En die hoofspelers word voorgestel: Sitman en familie, verwaarloos, vuil, bitter arm; Gouws, nukkerig maar 'n goeie werker; en die beste bywoner, Willemse, die vriend en die regterhand van die baas. Die handeling in dié hoofstuk is die beskrywing van 'n bekende toneel in vroeë Afrikaanse plaasromans: die hawersny wat 'n mededinging tussen die beste arbeiders word. Gouws en Willemse kompeteer (Sitman het nie sy verskyning gemaak nie!), Willemse wen en Gouws is ontsteld. Dis egter nie slegs oor die neerlaag dat hy vies is nie, maar veral om sy onhoudbare posisie as bywoner. Hy sê aan Vry dat hy van plan is om in die myne te gaan werk.

'Die plasie bo in die rante' (Hoofstuk 3) is die plekkie waar De Klerk en sy vrou hulle droom koester. Dis mooi en idillies, maar gou word hulle gekonfronteer 'met die grootste moeilikheid waarmee 'n boer te kampe het - hulp' (bl. 25). Arbeid. Probleme met swart arbeid forseer De Klerk om Sitman as werker aan te neem, en 'n klein huisie word vir Sitman, sy vrou Bettie en kinders naby De Klerk se gehuurde huis gebou.

Maar sy gesukkel met arbeid kry nie einde nie, en in die volgende hoofstuk ('n Winternag op die eensame plasie') word ons weer ingelig oor die swarigheid met swart arbeiders, en hierin bots De Klerk met Sitman. Arbeid en die probleme op die plaas affekteer die verhouding tussen De Klerk en sy vrou, Hendriena. Sy raak neuroties en een aand moet Sitman en Bettie haar oppas toe De Klerk weg is.

Sitman is bereid om De Klerk te help met albei (hoofstuk 5, 'Die invloed en uitwerking van 'n karmenaadjie'); maar toe hy hoor van die varkslagtery by Willemse oorwin sy honger vir varkvleis sy motivering tot werk. By die slagtery word lekker gesels - selfs 'n bietjie semi-intellektueel - en elkeen kry 'n karmenaadjie.

Sitman en familie is weer die onderwerp van die volgende hoofstuk ('In die hartbeeshuisie') wanneer hulle besoek word deur Vry en die dominee. De Klerk en Hendriena het besluit dat die kerk hulle moet verlos van Sitman, wat intussen eiers begin steel het, en uiteindelik weggejaag word. Die woorde van die dominee val egter op dowe ore.

Hoofstuk sewe is getiteld 'Die bywonders af'. Ná 'n mislukking as myner as gevolg van 'n botsing met die skofbaas, keer Gouws vir 'n rukkie terug; maar hy vertel van beter finansiële omstandighede wat daar sou wees indien die bywoners sou aansluit. (''Ek sê nou so, ons regering wou mos oorlog maak, laat hom dan ook maar goed betaal ook. Hy was mos so mal!''', bl. 69). Een vir een, beïnvloed deur die 'oorlog se verleiding,' verlaat hulle Andries Vry. Net Sitman en Willemse bly oor.

Die teks eindig met Vry se nostalgie oor die verlede, want ‘sy hart heg alte vas aan die gemeensame lewe, waarin hy as koning was...’ (bl. 72). Maar hy is nietemin gelukkig, ook in die wete dat Willems se seun by sy dogter kuier.

Dis basies wat die teks vertel en beskryf, direk en eenvoudig. Ek het doelbewus die verhaal ‘geparafraseer’, opgesom wat die teks met 'n konvensionele deurlees sê. Maar as mens probeer om na die teks as skrif, as teks-self en as ideologie-vorming, te kyk, is daar veel meer in hierdie ‘naïewe’ verhaal.

Aan die begin is daar die parallelismes en kontraste. Eers word gegee die beeld van die idille wat Vry vir hom opgebou het; en direk daarna, dus gekontrasteer daarmee, verskyn De Klerk, versukkel, maar van plan om ook sy idille te bou - 'n parallel, maar ook nie heeltemal nie, want hy is net 'n huurder. Dan, ná De Klerk, die bywoners. Eers in 'n idilliese opset, maar dis Vry se idille wat hulle vir hóm bou; teenoor De Klerk wat vir homself wil bou.

Vanuit die idille van die werkende bywoners kom die teenstellende: Gouws wat kwaad is en weggaan. Vry se droom word versteur. En De Klerk se gedroomde droom begin mooi; maar die teenpool kom met arbeidsprobleme en Sitman, wat varkvleis verkies bo arbeid (weer 'n soort teenstelling), en verja word. De Klerk, Gouws, Sitman opponeer die idille; hulle veroorsaak konflik deur die feit dat hulle telkens teenoor die droom staan. Die enigste wyse waardeur die konflik opgelos kan word, is deur die verwydering van die bron daarvan. Die teks laat hulle verdwyn - en aan die einde keer die idille terug. Maar ons weet dat dit nou 'n valse idille is.

Dit kan bevestig word deur te kyk na die teks binne die raamwerk van produksieverhoudings, arbeidsverhoudings en klasseverskille.

Die eerste paragraaf van ‘Bywoners’ is 'n gepaste ekonomiese en sosiohistoriese inleiding:

‘Andries Vry is die eienaar van een van die grootste plase in die distrik en het nie nodig om self in sy boerdery te werk nie. Hy is ook al taamlik bejaard daarvoor. Na die Anglo-Boer-oorlog was hy in staat om, in betreklik kort tyd, sy woning en werf van verwoesting se merke reg te dokter. Aan hulp het dit hom daarvoor nie ontbreek nie, want baie verarmde boere was maar te begerig om 'n sitplekkie te kry as bywoner in daardie dae, en Andries Vry is 'n eersteklas witman.

En sedert bewerk hulle lappies grond op sy plaas uitsluitend vir hulleself, waarvoor hulle aan Andries Vry die arbeid gee, wat hy nodig het in sy eie boerdery.’ (bl. 7).

Die landboustelsel was dus nog feodaal met 'n landheer en bywoners, of plakkers, wat uiteindelik a.g.v. droogtes, die mark en die depressie sou uitbeweeg van die plattelandse gebiede na die stede:

‘Following the defeat of the Boer Republics in 1902, northern agriculture underwent a process of transition to capitalist agriculture. This proletaria-

nised many white farmers on the one hand, and lead to the emergence of a class of capitalist farmers on the other.’¹⁰⁾

Hoofstuk een van die novelle is getitel ‘Hulle *baas*’, en hoofstuk twee ‘*Hulle*, maar vernaamlik Gouws’ (my kursivering); en die inligting van die eerste twee paragrawe dui op pre-kapitalistiese produksieverhoudings. Hierdie verhoudings, al is dit hoe elementêr in die geval van dié novelle, is die basis van die sosiale struktuur van die novelle:

‘Dit is elke keer die direkte verhouding van die besitter van die produksievoorwaardes tot die direkte produsente - 'n verhouding wat in dieselfde vorm natuurlik ontstaan in die definitiewe ontwikkelingsfase van die metodes van arbeid en sy sosiale produktiwiteit - waarin ons vind die binneste geheimenis, die verborge grond van die hele sosiale konstruksie...’¹¹⁾

Hierdie sosiale struktuur, bestaande uit 'n landheer en sy bywoners, waarborg 'n idilliese bestaanswyse vir Andries Vry. Dit is dus hierdie arbeidsverhoudings wat van hom 'n vry man gemaak het. Arbeid is so belangrik in hierdie novelle dat die plek van elke karakter binne die sosiale milieu bepaal is deur sy verhouding tot plaasarbeid. Willemse, die netste, mees ambisieuse en hardste werker is die ‘koningbywoner’; Gouws, hardwerkend maar buierig is benede Willemse wat gehalte betref. En die laagste is Sitman (sitman ‘... 'n man, wat sit waar hy sit... die elfde plaag’, bl. 31). Hy is 'n parodie op alle arbeid; en dit is net arbeid, volgens die moraliteit van die teks, wat hom kan red:

‘... die enigste hulp wat 'n mens vir hulle kan gee is gee hulle werk en daarvoor is Korneels te sleg...’ (bl. 60)

Dan is daar nog De Klerk wat wil boer maar net sukses kan behaal as hy arbeid vind: aan die begin het Vry dit duidelik gestel:

“Nee wat! 'n mens moet werk dat die sweet so van hom aftap: dis die wet en ons moet luister!” (bl. 8)

Omdat hierdie arbeidsverhoudings die feodale idille behou, en aan Vry sy sekuriteit gee, sal hy vanselfsprekend die *status quo* wil handhaaf. Hy protesteer dus teen nuwe ekonomiese en sosiale verwikkelings:

10) O'Meara, bl. 54. En vergelyk ook die volgende:

‘British scorched earth policy during the war had devastated Boer agriculture... Thousands of *bywoners* and small landlords could no longer survive and were driven off their land. In the immediate postwar years most Boer landlords were able to survive only by populating their farms with ever farger numbers of cultivating African tenants - in many cases driving off Boer *bywoners* to accommodate them.’ (a.w. bl. 25).

11) Karl Marx, *Das Kapital*, Ökonomische Schriften, Dritter Band, II ‘Die Arbeitsrente,’ bl. 635. Herausgegeben von Hans-Joachim Lieber und Peter Furth, 1971 Colta-Verlag, Stuttgart.

“Die myne is ons volk se grootste vyand, meneer De Klerk. Vandat hulle geopen is, het “Yes” en “No” in die land gekom, en vandat “Yes” en “No” in die

land gekom het, het ons al die sonde. Duisende jong Afrikaners se lewe is vandag verrinneweer.” (bl. 10-11)

Die erns van hierdie verset is beklemtoon deur die feit dat die bestaan van die volk ook bedreig word:

‘To the Afrikaans-speaking farmers in all areas, the petty bourgeoisie and “poor whites”, monopoly capital meant above all the British and the political domination of British “imperialism”’.^{12.)}

In wese is Vry die patriarg, die nasionalis, die bewaker van die idille teen die aangroeiende kapitalisme wat sy wêreld gaan bedreig, maar wat hy nog nie verstaan nie. Die verteller, die teks, gebruik nooit die woord nie, maar sy bewustheid daarvan kan nie betwyfel word nie.

Aan die begin van die novelle vertel die teks van sekere mense wat soms Vry se plaas besoek:

‘Sy boerdery ly ook aan 'n rustige egaalheid. Selde is daar verbetering of uitbreiding waar te neem. Alles bly in die ou sleur, volgens die gewoonte, wat sy opvoeding hom geleer het. Die mense, wat niks met hom kan uitvoer nie is hulle, wat rondgaan om moderne landbougereedskap aan die boere te verkoop. Hy sal stil sit en luister na die goeiigheid van hulle goed, niks bestry nie, niks veroordeel nie, 'n aanmoedigende knikkie selfs gee, hulle goed onthaal met koffie en middagete maar niks koop of bestel nie.’ (bl. 8)

Hy weier om te koop want dit sou die begin van die kapitalisering van sy plaas wees, en die einde van sy bywoners. In wese is sy verset teen die transformasie van 'n feodale tot 'n kapitalistiese produksiewyse:

‘So gou as die kapitalistiese produksie die landbou in besit neem, in die graad waarin hy dit doen, neem met die akkumulاسie van operatiewe kapitaal die vraag na die landelike arbeiderbevolking absoluut af.’¹³⁾

Die verlies van sy bywoners sal sy wêreld vernietig, sy idille, fisieke arbeid, die arbeidsetiek. Daarom die weersin in landboumodernisasie.

Maar sy bywoners is nietemin besig om te vertrek. In die tweede hoofstuk, nadat De Klerk gekom het om 'n gedeelte van die plaas te huur - wat alreeds 'n ontwikkeling weg van bywoners na 'n meer kapitalistiese stelsel is - gaan een van hulle myne toe a.g.v. finansiële probleme. En vanaf die vierde hoofstuk lyk dit of die balans van die novelle versteur is wanneer die lui, nikswerd plakkerbywoner progressief meer aandag van die teks ontvang. Hierdie aandag kulmineer in hoofstuk ses waar die dominee en die feodale heerser probeer om Sitman en familie te rehabiliteer.

12.) O'Meara, bl. 33.

13) Karl Marx, *Das Kapital*, Kritik der Politischen Ökonomie, Erstes Buch, Der Produktionsprozess Des Kapitals. Alfred Kröner-Verlag, Leipzig, 1929, bl. 364.

In 'n sekere sin kan Sitman, wat hulp aangebied het toe De Klerk probleme gehad het met swart arbeiders, verantwoordelik gehou word vir die mislukking van sy boerdery-onderneming. Sitman word dus eintlik 'n bedreiging vir De Klerk. En mens sou dié redenasie nog verder kon voer: Sitman, die 'meeldiaken', die parasiet, is teoreties ook 'n bedreiging vir Andries Vry - en, meer nog, sy hele bestaanswyse vloek teen die norme van die Afrikaner ('n soortgelyke probleem bestaan in *Ampie*, maar dáár word 'n oplossing gestruktueer, sien hoofstuk vier van dié studie):

'Die leraar diens. Hy het armoede gesien van naby en in velerlei vorm, maar die koue feit van ontaarding hier voor hom, maak sy vaardige tong is om te disintegreer, dat hierdie soort pre-kapitalistiese landboustelsel nie groet uit te spreek. Sy Afrikanerhart bons met sonder "georganiseerde" arbeid rs hierdie wat so lewe en dis vir hom so duidelik dat selfrespek lankal die krot verlaat het. Hier moet 'n kristen met 'n hand sal kan voortbestaan van yster knyp.' (bl. 64)

Dit word duidelik dat die gelukkige plaasgemeenskap besignie.

Wat is die oplossing? Die denouement van die teks is kort en klaarblyklik bevredigend: die bywoners (buiten die nuttelose Sitman, nou hulpeloos benede rehabilitasie) verlaat die plaas en sluit aan; Vry bestel 'n snymasjien; Willemse se seun kuier by Vry se dogter. Die voortbestaan van die familie blyk gewaarborg te wees. Maar die eenaardige kontradiksie van die teks is dat dié novelle oor bywoners eindig met die skielike verdwyning van al die bywoners deur 'n oppervlakkige *deus ex machina* oplossing (die oorlog wat vir 'n heenkome sorg!) Hierdie skielike oplossing vra eksplikasie - want miskien het ons hier 'n voorbeeld van onbewuste ideologiese kondisionering.

Sekere definitiewe arbeidshierargieë kan afgelei word, al spel dié direkte en eintlik onsubtiele teks dit nêrens duidelik uit nie. Willemse is die beste, Gouws het potensiaal, De Klerk is êrens in die middel, Sitman is die slegste, en die swart arbeiders nóg slegter. 'n Noukeurige ondersoek na hierdie arbeidsverhoudings sal ook 'n elementêre en opkomende bewustheid van klas aandui.

Nadat die eerste hoofstuk op gemoedelike wyse Vry se tevredenheid en betreklike welvaart as die eenaar van die wyses van produksie geteken het, begin hoofstuk twee met die volgende beskrywing van die bywoners:

'Versprei oor die plaas lê hulle klein boerderye. Rousteenmure, 'n hupdak van gras en 'n plat agter is hulle wonings en 'n woelige kroos van kinders kort op mekaar, hulle grootste seën in die meeste gevalle.' (bl. 13)

Hulle word duidelik met Vry gekontrasteer as 'n aparte klas. Maar binne hierdie gemeenskappe is daar ook verskille. In dieselfde hoofstuk beskryf die teks met soortgelyke stilistiese herhalings:

‘Daar is 'n uitgeteerde murasie op Andries Vry se plaas, onder 'n sinkdak, met lutterige vensterluike so klein soos hoenderhokdeurtjies, waarin die armoede broei van Sitman en sy gesin.’ (bl. 13)

En:

‘Daar is sy woning van rooi baksteen met parmantige gewêls; gerieflik en netjies binne deur betreklike welvaart. Op sy werf wys kraal en waenhuis, dat Willemse 'n koning-bywoner is. Hy kan maklik vir homself uitsluitend gaan boer. Maar hy het op die ou plaas geword, wat hy nou is en regterhand van Andries Vry is hy ook sy vrind en hy weet dat oom Andries dit sonder hom bitter swaar sal kry. *Dog ook onsigbare drade weef 'n magtige netwerk om sy opstal met oom Andries Vry se woning in te vang.* Sy oudste seun Albert is 'n knap jongkêrel, soos 'n *voorslag in die werk* en Andries Vry is baie gek na hom’. (bl. 15) (Kursivering van my.)

Mens sou kon redeneer dat dié oënskynlike klasseverskil tussen die twee bywoners aangebring is deur arbeidspotensiaal en kan daarop gemik wees om die waarde van eerlike, harde arbeid - die arbeidsetiek - te illustreer. Maar wanneer De Klerk van die myne kom om boerderygrond te huur behoort hy ten minste in die begin die gelyke van Willemse te wees. Die plaasarbeiders waaruit hy hulp kan kies is egter Sitman en die swart werkers. Die teks laat nie toe dat hy van dieselfde klas as Willemse word nie, en die teks forseer hom om te assosieer met Sitman - al is hy van 'n ander ‘klas’. Die volgende insident sal illustreer.

De Klerk moet een aand sy vrou alleen laat, en Sitman en Bettie word gevra om na haar te kyk. Na 'n woordewisseling met haar man is sy gespanne en op die rand van histerie. Die nag is koud, Hendriena is gepreokkupeerd en hoor nie Sitman se geklets nie. Maar dan trek die geraas van 'n drinkparty by die swart arbeiders haar aandag. Sitman se verduideliking van wat aan die gang is, openbaar 'n rassisme wat verband hou met klas:

‘Ek sal vir jou vertel, nig Driena!’... ‘Sê nou ek is 'n Kaffer - ek meen vir 'n voorbeeld - of nee, sê nou jy is 'n Kaffer - dit kom beter, nou gaan jy heen en maak soveel kafferbier as waar jy voor kans sien om te maak en dan nooi jy al die ander Kaffers vir 'n tea meeting...’ (bl. 38)

Hendriena kry een of ander aanval en Sitman se vrou stuur hom om hulp te gaan kry, maar eers nadat sy hom oortuig het dat die De Klerks ‘is mos ander mense as ons... hulle natuur is mos heeltemal anderster’ (bl 41). Terwyl haar man weg is, probeer Bettie om Hendriena te dokter, en in haar soektog na medisyne herhaal sy gedurig ‘hulle is mos heeltemal anderster as ons, hulle natuur is anderster, hulle lewe is anderster’ (bl. 44). Die implikasie is duidelik: hulle is anders omdat hulle van 'n ander, beter, klas is.

Willemse se vrou word geroep en sy troos Hendriena met meerdere wysheid: ‘En waar was dan jou geloof? Is jou lewe dan nie in die Here se hand nie?’ (bl 46)

Die teks het hier duidelike klas-onderskeidings gemaak: die ‘kaffers’ is die laagste, dan Sitman, dan De Klerk - en dán Willemse se vrou: die hoogste klas onder bywoners.

'n Verdere sentrale gebeurtenis kan ook illustreer. 'n Vark word geslag op Willemse se erf; en voor die slagtery gesels Willemse en 'n buurman ‘kultureel’ oor boeke wat hulle gelees het, veral oor die Bybel. Hulle elementêre spitsvondigheid word kortgeknip deur die noodsaaklikheid van die slagtery. Sitman arriveer op die regte oomblik, hy weet dat hy volgens tradisie 'n karmenaadjie sal kry. Sy aankoms kort na die ‘ernstige’ gesprek en die slagtery word aangekondig deur 'n *faux pas*:

“Môre boere,” sê Sitman met ongewone vrypostigheid. “Mapstieks ek kom so in die leeu se bek!” sê hy verkeerd, hoewel hy dit reg meen.’ (bl. 53)

'n Gek in almal se oë, beveel Willemse hom bars om te help; en wanneer hy wil saampraat, word hy belaglik gemaak. En wanneer die karmenaadjies uiteindelik uitgedeel word deur Willemse se vrou kry hulle seun 'n uitsoekporsie om na die Vry-gesin te neem. Daar kuier hy die aand by Vry se dogter.

Albei voorvalle dui op 'n klasbewustheid. Vry, die baas, die heerser, dan Willemse en gesin wat streef na daardie klas ‘bourgeoisie’; met die De Klerk's, dan die Sitmans - en die swart werkers op die vlak van die ‘proletariaat’.

Omdat die teks illustratief is, sal daar 'n element van die moraliserende daarin wees, wat gewoonlik aan die ‘verteller’ toegeskryf word:

‘n Ander gevaar wat eintlik voorkom uit die maatskaplik-verworde wêreld van die novelle, is dat die verteller dikwels te eksplisiet wil wees en oorbodige kommentaar of moralisasies lewer.¹⁴⁾

Die teks lewer wel kommentaar op sy wêreld; hy het daardie wêreld geskep juis om daarvoor iets te sê. Vroeg in die novelle praat hy oor Vry se weiering om moderne landboumasjienerie te kry; hy sê op Vry se plaas is daar ‘selde... verbetering of 'n uitbreiding waar te neem’ (bl. 8). Dikwels sê die teks waaruit karakterdialoog bestaan het, sonder om self die dialoog te gee. Hy interpreteer dus wat gesê sou wees - byvoorbeeld, toe Gouws die plaas verlaat, sê hy dat Gouws se woorde ‘vol bitterheid oor sy onhoudbare posisie as 'n bywoner’ is (bl. 22).

Ons is dus gewaarsku: die teks wil sekere interpretasies hê: die teks is ideologies. En daarom oop tot die moontlikheid van 'n dialektiek tussen teks en leser; soos die volgende oor ekonomie en arbeid:

‘Maar al die boere kan geen bywoners aanhou nie. Daarvoor is baie grond nodig. Huurders en klein grondbesitters moet hulle arbeid met

14) J.C. Kannemeyer, *Jochem van Bruggen*, Monografieë uit die Afrikaanse Letterkunde, Nommer 8, Nasou Bepers, bl. 5.
Moet mens nog ‘verhaal’ van ‘verteller’ skei? Is albei nie deel van die ‘teks’ nie? Is ‘wyse van vertel’, ‘vertelpunt’ nie *juis* die uiteindelijke ‘skrif’ waaragter jy moet soek na die ‘stiltes’ nie?

klinkende munt betaal. Indien nou alles gunstig saamwerk en in ruil vir die klinkende munt, 'n vaste gereelde arbeid staan, soos in 'n fabriek, waar geen versuim geduld kan word nie, dan kan die uitkoms profyte toon. Behalwe die vernielkrag van die elemente, wat gedurig sy verwagtings beheers, is die wetteloosheid van die natuurlikste werkkrag, wat Suid-Afrika kan lewer, die spook, wat 'n vooruitstrewende boer buite kan rondja. 'n Blanke wat nie pal werk nie, ontaard, maar 'n Kaffer floreer sonder werk. Loop die Kafferstede maar deur!' (bl. 31)

En omdat die swartman 'n noodsaaklikheid is binne die produksieverhoudinge huiwer die teks nie om ideologiese houdings - of mites - te verkondig nie:

‘Die Kaffer voel hom buite te onafhanklik, want hy kan altyd en orals sy maag volmaak sonder veel moeite, as hy die begeerte daarvoor het. Sy eerbied vir die boer het verdwyn, omdat die tug belet is, wat 'n boer vroeër kon uitoefen. En lyfstraf is in die stadium waarin die Kaffers nou nog leef, vir hom noodsaaklik en heilsaam ook vir sy werklike posisie teenoor die blanke. Die toekoms het sy eie ewolusieproses en dis 'n groot fout om deur sieklik-sentimentele mensliewendheid daardie proses te verhaas, nie te dwarsboom enkel tot nadeel van die blanke en nie tot heil van die kleurling nie. Laat hom verstaan dat *werk* die eerste wet is wat God oor die sondaar gestel het, en *leeglê* die woekertyd van Satan is. Bou op hierdie fondament verstandig vorentoe in weerwil van dwase vroomheid se slawerny-geroep, wat die regte aard van die Kaffer nooit sal begryp nie.’ (bl. 33) (Kursivering oorspronklik).

Net soos die teks hier op sy eie teks kommentaar lewer - en daardeur skrif en ideologie skep; net so werk die teks deur die skep van episodes en deur die ruimte afgestaan aan karakters.

Een voorval kan as voorbeeld genoem word. Die aand voor die oes ontvang bywoner Gouws 'n rekening wat hy nie kan betaal nie. Hy besluit om myn toe te gaan: maar hy gaan nietemin help met die oes. Vir twee lang paragrawe word feitlik 'n liriese beskrywing gegee van arbeid op die land (en net soos in die geval van die voorbeeld uit *Somer*, is dit vir die teks 'n genot - want dis wat behoue moet bly). 'n Reisis begin tussen die bestes: Gouws en Willemse. Vry verlaat selfs sy feodale veranda, opgekikker deur dié manifestasie van menslike arbeid. Gedagtes oor sy finansiële probleme jaag Gouws sodat hy so vinnig soos Willemse sny. Wanneer Willemse - met rus in sy gemoed, die uitverkorene van die baas - hom egterterg, hou hy op met sny en deel hy Vry mee dat hy nie meer op die plaas gaan werk nie:

“Wat help dit vir my om hier te bly werk. Ek vrek tog van ellend! En as ek stil sit is dit net dieselfde! Ek sal dan maar liewers padgee, dan doen ek tog iets”.’ (bl. 23)

Hierdie episode het gewys dat alhoewel daar bywoners is wat die vermoë het om goed te werk, hulle tog nie kan bestaan nie. In die situasie waarin die ekonomie hom bevind, kan selfs die mees ywerige arbeider nie vrygemaak word nie. Gouws verdwyn nou van die toneel, om vlugtig aan die einde te verskyn - vir 'n ander didaktiese rede. En De Klerk se poging tot boer is geskep om te bewys dat daar geen boerdery sonder arbeid kan wees nie.

Ek het alreeds m.b.t. Sitman daarop gewys dat die verhaalruimte aan karakters toegeken nogal taamlik kan wissel. Sitman die parasiet en De Klerk die mislukking kry die meeste verteltyd as mens dit vergelyk met Vry en Willemse. Ons word ingelig oor die swart arbeiders - hulle noodsaaklikheid, maar veral hulle vele tekortkominge; ons is dus bewus van hulle êrens in die agtergrond. Maar slegs een keer kom ons naby aan hulle: die nag van Hendriena se aanval. Nie naby genoeg om te sien nie, net om te hoor:

‘En buite is dit stil...Nee, flou dring oor die rante 'n verwarde kaffergeraas, wat toeneem na mate die aand vorder.’ (bl. 38)

Sitman verduidelik van hulle drinkery en gefuif, en Hendriena is bang. Daarna hoor ons nooit weer van hulle nie, al bly hulle vanselfsprekend aan op die plaas. Die feit dat die enigste werklike ‘ontmoeting’ met hulle geassosieer word met vrees, en die feit dat Sitman van alle mense ons oor hulle ‘kultuur’ moet inlig, kan betekenisvol wees. Kies die teks Sitman daarvoor omdat hy, die laagste klas van die witman, die naaste aan die swartman staan? Ek glo nie mens kan enige ander afleiding maak nie.

As mens die moraliserings, didaktiek, vooroordele en manipulasies van die teks in ag neem dan het ons hier meer as net die verhaal van eenvoudige en arm bywoners. Die teks sê dan dat die feodale stelsel met sy bywoners nie langer kan voortbestaan nie, dat Andries Vry nie kan voortgaan met pre-kapitalistiese boerdery-metodes terwyl die landbou besig is om gekapitaliseerd te raak nie - dat sy wyse van boer, en sy leefwyse, uiteindelik materialisties gedetermineer gaan word.

Die teks wil dat die novelle gelukkig eindig. Vry behou die beheer oor die wyse van produksie, hy en Willemse staan op die drumpel van kapitalistiese landbou. En die sukkelende bywoners is weg (die oorblywende Sitman ook meer geen bedreiging nie). Die swart arbeiders is nog daar in die agtergrond, maar die arrogante houding wat die teks teenoor hulle inneem dui daarop dat hulle nie méér as slawe is nie; en slawe sal hulle moet bly, want slawe sal die mate van produktiwiteit van die gemeenskap bepaal.¹⁵⁾ Die illustrasie van De Klerk se mislukking is histories gedetermineer,

‘...since access to African labour had been determined in the first place by slavery and tribute expeditions of the decades between 1840 and 1875

15) Stanley Trapido, *Aspects in the transition from Slavery to Serfdom: The South African Republic 1842-1902*. Uit: *The Societies of Southern Africa in the 19th & 20th Centuries*, vol. 6.

and the wars of the eighties, the poorer peasants, whether tenants or landowners were left with a very small labour force.¹⁶⁾

En ook die rassisme van die teks was die gevolg van die feite van die tyd:

‘...the black peasant “with his more thrifty habits and small wants is gradually ousting the poor white”.’¹⁷⁾

Deur die houding van die teks teenoor bywoners wat die plaas vir die myne verlaat, is dit duidelik dat dit nie 'n oplossing is nie. Andries Vry se patriargale en nasionalistiese woorde aan De Klerk toe hy teruggekeer het tot die grond, en sy kritiek op Gouws wanneer hy weggaan is die bewys daarvan. Maar die kursoriese behandeling van die bywoners wanneer hulle vertrek (die teks sê ‘Die bywoners af’, m.a.w. van die toneel af, weg uit ons gesigsveld) is nog 'n duideliker aanduiding van onsekerheid en selfs teenkanting. Hulle verlaat nie net die toneel nie; maar die teks verlaat hulle met 'n siniese en klaarblyklik anti-kapitalistiese kommentaar oor die redes vir hulle vertrek (maar ons wéét nou ook dat die teks die aanskemering van 'n kapitalistiese wyse van produksie kan sien):

‘toe het die blink van die oorlog se verleiding in die karige bywonerhuisies kom skyn en het die een na die ander vir Andries Vry verlaat’. (bl. 69)

Die teks verset hom egter nog teen proletarisering van die wit Afrikaner: hulle gaan eerder oorlog toe as na die myne en industrieë, en Gouws keer ontevrede van die myne af terug (‘ek is 'n Afrikaner en ek laat my nie beledig deur 'n Engelsman nie’, bl. 67; en: ‘...dis mos Boer se kind hierdie en hy sal hom mos nie van 'n Engelsman laat beledig nie. Ek het hom toe reguit gesê, hy kan met sy 'jop'en al na die swernoot gaan! En ek is toe vort!’ , bl. 68). Hy sluit ook aan, en De Klerk keer nie ná sy mislukking terug stad toe nie, maar gaan bly op sy pensioen in die dorp.

Alhoewel die teks klaarblyklik onseker is oor die toekoms van die ‘onterfde’ bywoner is dit tog uiteindelik duidelik dat hulle teen proletarisering beskerm moet word:

‘The intellectuals' response to the “poor white” problem was one of acute horror at the poverty and degradation, coupled with a recognition that it was caused by the effects of capitalist development on agriculture, and a desperate search for measures which would arrest both the proletarianisation and the threat it posed to the position of both the intellectuals and petty commodity producers.’¹⁸⁾

16) Trapido, bl. 28.

Vergelyk ook die redes vir die ‘Natives' Land Act’ van 20 Junie 1913: die kompetisie van die swart boer was 'n sterk motivering vir die instelling van daardie wet. Kyk Sol. T. Plaatje, *Native Life in South Africa*, Ravan Press, 1982, En:

17) Colin Brundy, *The Rise and Fall of the South African Peasantry*, Heinemann, London, 1979, bl. 210.

18) O'Meara, bl. 54.

Deur te kyk na hierdie novelle van Van Bruggen met 'n bewustheid van materialistiese determinisme in die geskiedenis van die Afrikaner; en deur die 'stiltes' van die teks - sy latente struktuur - in ag te neem raak mens bewus van sake soos produksieverhoudings, die begin van kapitalistiese landbou, klasseverskil. Jy sien eintlik die begin van 'n ideologie, want jy is besig met

'the analysis of the South African social formation squarely within the context of the process of capitalist accumulation and the class struggles through which such accumulation takes place' (a.w. bl. 2).

Jy sien die begin van 'n proses wat vandag gekulmineer het in die Afrikaner se oplossing vir Suid-Afrika - soos dit onlangs deur 'n vooraanstaande Afrikaner uitgespel is in 'n lesing met die titel 'Law, justice and order':

'The activities of the free enterprise system do create wealth, and should thus be allowed maximum freedom in any society - such as our own - that desperately requires an increase in wealth, as well as equal opportunities for access to that wealth.'¹⁹⁾

En, in aansluiting, die oortuiging dat:

'n Vrye ekonomiese stelsel en ongehinderde toegang daartoe (is) die beste metode om groei te bevorder, werkgeleenthede te skep en 'n gevoel van vervulling en individuele sekuriteit vir die grootste deel van ons bevolking te verseker.'²⁰⁾

19) Regter J.H. Steyn, *Gazette of the University of the Witwatersrand*, No. 58, Des., 1980, bl. 16.

20) Jan H. Steyn (uitvoerende direkteur van die Stedelike Stigting), 'Strukturele hervorming en die taak van die stedelike stigting', in *Woorden Daad*, Maart 1983, bl. 8.

Hoofstuk 4

Ampie

Die *Ampie*-trilogie verskyn in 1924 (*Die natuurkind*), 1928 (*Die meisiekind*), en in 1942 (*Die kind*).

In hierdie teks oor Van Bruggen se drie tekste wil ek ter inleiding die volgende feite gee, wat ek sonder presiese sistematiesing gaan gebruik.

‘Die ekonomiese struktuur van die kapitalistiese maatskappy het voorgekom uit die ekonomiese struktuur van die feodale maatskappy. Die ontbinding van laasgenoemde het die elemente van die vorige vrygestel.’¹⁾

‘Die vader het sy oudste seun aan my verhuur vir een jaar. Die loon was agt pond. Teësinnig het ek die beslommernis aanvaar, omdat ek geen vertrouwe gehad het in die besigheid nie en die seun se voorkoms my werklik afgeskrik het. Sy oë was bang, oorbluf en skigtig. Ek het egter nooit spyt gehad dat ek die seun in dien geneem het nie, intendeel hy was later 'n werkkrag waarop ek kon bou en sy oë het vaster en soms uitdagend geword; sy maniere en geaardheid manliker.’²⁾

'n Groot deel van Claude Levi-Strauss se vroeër werk het gegaan oor die opposisie tussen natuur en kultuur. Dit is ook die basiese onderskeid in *Ampie* - en daardie verskil word geïnisieer en gehandhaaf deur ekonomiese omstandighede.

Daar is ook 'n sekere relevansie in hierdie uitspraak van die groot opvoeder Jean-Jacques Rousseau:

‘He who dares to undertake the making of a people's institutions ought to feel himself capable, so to speak, of changing human nature, of transforming each individual, who is by himself a complete and solitary whole, into part of a greater whole from which he in a manner receives his life and being; of altering man's constitution for the purpose of strengthening it; and of substituting a partial and moral existence of the physical and independent existence nature has conferred on us all. He must, in a word, take away from man his own resources and give him instead new ones alien to him, and incapable of being made use of without the help of other men.’³⁾

1) Karl Marx, *Das Kapital*, Erstes Buch, bl. 370.

2) ‘Ontstaan van die Trilogie Ampie’, *Die Huisgenoot*, 27.11.42, bl. 15.

3) David McLellan (red.), *Karl Marx, Selected Writings*, Oxford University Press, 1977, bl. 56, 57.

In 'n sosiale teorie oor plakkers word die volgende gevolgtrekking gemaak:

‘It sees them as part of a “culture of poverty” which makes poverty inevitable because the squatters lack the “normal” bourgeois virtues of ambition, enterprise, and hard work which would permit them to raise themselves out of poverty; and it poses them as a threat, a source of radicalism against the bourgeoisie.’⁴⁾

‘Die hooffiguur word egter nie alleen in 'n reeks milieus geplaas wat hom tot die sosiaal didaktiese leen nie; ook die karakters in die trilogie, en veral die *verhoudings* wat Ampie tot hulle het, verrai die eintlike doel.’⁵⁾
(Kursivering oorspronklik).

Basies gaan dit in die *Ampie*-trilogie oor drie verhoudings: Ampie en sy donkie; Ampie en die vrou; Ampie en die kind. Dit begin alles met Ampie en die donkie, ou-Jakob. Deur die verkoop van sy donkie kry Ampie geld waarmee hy na Blikkiesdorp gaan, waardeur hy in opstand kom teen sy pa, as gevolg waarvan hy uitverhuur word aan die feodale heer, Kasper Booysen. En die vervreemding tussen hom en sy meisie Annekie hou ook met dié verkoop verband, omdat die goedkoop ring wat hy haar skenk uit daardie verkoop gekom het. Hulle uiteindelijke versoening kom ná die brief wat hy aan haar geskryf het oor die dood van ou-Jakob.

Van die begin af is dit duidelik dat ons hier met 'n buitengewone verhouding te doen het. Ampie en die donkie is 'n twee-eenheid, Ampie is die menslike ekwivalent van die donkie, terwyl die donkie 'n klankbord vir Ampie se emosies is, sy gesprekgenoot, sy alter ego. Alhoewel daar 'n basiese verskil tussen mens en dier is, vind hier 'n opskorting van sekere verskille plaas a.g.v. 'n eendersheid, waarvan Ampie nie bewus is nie (as hy was sou dié soort verhouding immers nie bestaan het nie). Die affiniteit met die donkie is in 'n mate 'n eenderse dierlikheid, wat voortgekom het uit armoede en agterlikheid:

‘En gebore in die gestadige verslegting van ouers het hy die vryheid van 'n dierlike lewe lief gekry en die dwang van die beskawing gehaat wat hom op die skoolbanke geforseer het.’⁶⁾

Oral beklemtoon die teks deur vergelyking en wyse van beskrywing Ampie se dierlikheid; en dit word selfs gestel teenoor menslikheid - alhoewel Ampie in daardie geval besig was met 'n ‘menslike’ handeling, nl. vuurslaan: ‘Sy menslikheid is weg, en in die donker, wat om die veldbrand toegesak het, lyk Ampie soos 'n woesteling, onkeerbaar’ (bl. 146). Maar dis nie alles negatief nie, want dikwels is daar ook by hom 'n natuurlikheid, 'n drang na die vrye natuur, weg van mense, 'n eenheid met die natuur en 'n liefde daarvoor (‘... in sy digte

4) *The myth of marginality*, Janice Perlman, Berkely, 1976. Bespreek in *Marxism and Deconstruction*, bl. 126-127.

5) J.C. Kannemeyer, Monografie, bl. 10.

6) Jochem van Bruggen, *Ampie, Die Trilogie*, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1965, bl. 8.

boesem swel 'n ontvanklikheid wat liefde voel vir kaal bulte, die onpeilbare hemelblou' ... bl. 119). En die klimaks van dierlike instink en 'n vrees vir die mag van die natuur - 'n vereniging van dierlike en natuurlike - word in die teks bereik met die donderstorm waarin Jakob vrek, en waaraan die teks, beskrywend, baie aandag gee.

Ampie se dierlikheid en natuurlikheid - wat materialisties gedetermineer is - bestaan sonder bewustheid van die teenoorgestelde, nl. mens-wees en kultuur. Maar die teks, wat vanuit sy aard kultuur-objek is, weet wel daarvan. Ampie se andersheid, wat slegs kan bestaan omdat daar teenoorgesteldes is - soos kultuur bv. - bedreig terselfdertyd die bestaan daarvan, dialekties gesien. Daarom moet dit verwyder word, en om dit te verwyder moet hy 'n bewussyn ontvang; bewussyn wat 'n sosiale produk is;⁷⁾ en om dit te kry, moet hy geleer word om met mense saam te leef. Die geval Sitman in 'Bywoners' was in 'n sekere mate dieselfde; mens sou dus kon vra waarom het hý nie soveel aandag gekry nie. Ek dink dis histories en ideologies verklaarbaar: 'Bywoners' was die eerste werk oor die saak, en daar was toe nog nie duidelikheid oor 'n ideologiese strategie nie. Daarteenoor is die strategie van die Ampie-tekst inisiasie en opvoeding.

Wanneer Ampie dan deur Kasper Booysen ingeneem word, word hy gewas, sy kop in fatsoen gebring (!), kry hy skoon klere en 'n vaste verblyfplekkie - en moet hy op 'n bed slaap. Hy word met die ondertekening van sy werkskontrak bewus gemaak van die gesag van sy pa, al is dit 'n korrupte en dom gesag (wat nog kan beveel '... jy moet elke aand jou vraeboek leer, want jy is nog maar baie dom en dis kaffersleg as 'n mens ongeleerd bly', bl. 61). En hy word geleer dat daar sekere gedragskodes by die hofmaak van 'n meisie is. Dit alles is 'n inisiasie tot die besef dat daar gesag is, outoriteit, 'n baas; dat daar orde moet wees vir 'n samelewing om te kan funksioneer.

Die wyse wat die teks kies om hierdie opvoeding en proses van bewuswording te bewerkstellig is materialisties gedetermineer. Ampie se pa het hom beveel om sy donkie te verkoop. Sy donkie word dus getransformeer tot iets wat geldwaarde kan hê, sy donkie is dus nie meer 'donkie' nie maar 'waarde'. Hy word dus materieel gedwing om hom te vervreem van sy donkie.

Ek het aanvanklik gedink dat sy donkie hier 'n kommoditeit word. Dis egter nie heeltemal die geval nie,⁸⁾ omdat 'n kommoditeit *geproduseer* moet word vir verruiling:

- 7) 'Consciousness is...from the very beginning a social product, and remains so as long as men exist at all. Consciousness is at first, of course, merely consciousness concerning the immediate sensuous environment and consciousness of the limited connection with other persons...'
The Essential Marx, New America Library, edited with new translations by Saul K. Padover, 1978, bl. 295.
- 8) 'For a product to be a commodity
 - (i) it must possess both use and exchange value,
 - (ii) it must be produced for the purpose of exchange,
 - (iii) it must be transferred to another person through the medium of exchange,
 - (iv) it must not be produced as a means of subsistence of the direct producer', Glen Moss, *Africa Perspective*, Nr. 7, April 1978, bl. 51.

‘Om ware (kommoditeite) te produseer, moet daar nie net gebruikswaarde geproduseer word nie, maar gebruikswaarde vir andere, gemeenskaplike gebruikswaarde.’⁹⁾

Buiten die feit dat Ampie vanselfsprekend nie donkies geteel het vir gemeenskaplike gebruikswaarde nie, het sy donkie eintlik vir die koper daarvan, Kasper Booysen, ook geen gebruikswaarde nie. Dis gekoop uit feodale goedhartigheid, patroniserend. Dus hoegenaamd nie 'n kommoditeit nie. Maar omdat Ampie nie van sy donkie vervreem kan word nie verkoop hy sy arbeid aan Booysen. En dit is nie meer feodaal nie, maar die embrionale begin van primitiewe kapitalistiese akkumulاسie:

‘... hierdie nuwe bevrydes word verkopers van hulleself, nadat hulle beroof is van hulle produksiemiddele en van alle waarborge wat die ou feodale instellings vir hulle bestaan gegee het. En die geskiedenis van hierdie onteiening berus nie op blote veronderstelling nie. Dit is die geskiedenis van die mens onuitwisbaar geskrywe in bloed en vuur’.¹⁰⁾

Ampie se inisiasie vind natuurlik plaas binne die sekuriteit van die feodale opset, maar die waardes wat hy daar leer bevat die elemente van 'n sisteem wat die feodale sal vervang. Tydens sy opvoedings- en sosialiseringproses werk hy saam met Flip Staander, Booysen se bywoner en dus van 'n hoër stand as Ampie. Hy raak versot op Staander se dogter, Hester, en hy besef.

‘dat hy hom nou sal moer roer om ook aangeneem te word, en hy't besef dat as hy ooit met Hester behoorlik sal kan opsit, hy kant en klaar moet wees, nes Hester self’. (bl. 114)

Deur die aanneme kan hy dus gelyk wees met haar; deur 'n godsdienstritueel kan hy sy klas te bowe kom en aanvaar word binne 'n ander stand. En hierdie besef bring 'n openbaring (‘Nuwejaarsdag was vir hom 'n openbaring’ bl. 129): dié van klas en klasseverskil. Wanneer Ampie dit besef, is die denkwysie nie meer dié van 'n naïewe natuurmens nie, maar dié van 'n ideologie-skeppende teks:

‘Al die jongmense het hom daarvandaan vermy en Hester het geen notisie van hom meer geneem nie. Hy het die feesvreugde as 'n buitestaander aanskou en in sy hart het die bitterheid baie groot geword. Vir die eerste keer in sy lewe kon sy oë toe opmerk die verwaarlosing en verslegting van sy familie, en hy't met afkeer aan die murasies gedink waarin hulle opmekaar bondel soos beeste in 'n kraal en slaapplek vat as hulle vaak kry ... Al wat Nortjé is, het hy toe verwens met ruwe vloeke - ook homself. - Sy swaarkry in die lewe, sy agteruitstaan by alles waar 'n ander jongman met hom meeding, die besef dat die mensdom hom gebruik net wanneer hy iets vir hulle kan verrig, maar verder hom eenkant laat staan

9) *Das Kapital*, Erstes Buch, bl. 20.

10) A.w. bl. 371.

- alles, het hy toe gevoel, is net te wyte aan die slegtigheid van die Nortjé's daar in die afstootlike murasies.' (bl. 130)

Dieselfde teks wat hom voorheen gerig het teen Ampie se verwaarlosing en beestelike gewoontes, skaar hom nou by Ampie in die kritiek op die Nortjés; en as die teks woorde soos 'verslegting', 'agteruitstaan', 'meeding', 'slegtigheid' en 'afstootlike' gebruik, sê dit dat Ampie nou weet van beter. En wanneer Bart (Annie se broer) Ampie later sien, beskryf die teks - vanuit Bart se oë - hierdie nuwe mens:

'Nou lyk hy in sy mooi pak klere self 'n grondbesitter, so deftig alles in die haak, g'n skoenriempie verkeerd nie.' (bl. 143)

As jy in gedagte hou dat Bart later die epitoom van die kapitalis word, is dié waarneming sprekend. Die uiteinde van die opvoeding is die ideaal:

“... as oom Kasper nie omgee nie, dan sal ek daardie huisie van oom Flip vir ons regmaak, want ek moet vir Omie bekend maak dat ek en Annie sal gaan trou nes die huisie reg is en ek 'n lappie grond by Oom gekry het om op te bestaan...” (bl. 148)

Byna al 'n bourgeois-ideaal; maar die feodale sisteem bly nog sy sekuriteit, want hy het ook besluit dat hy nie 'dorp' toe - dus industrieë toe - sal gaan nie.

'n Sentrale gegewe in die tweede deel van die trilogie lê in dié gedagtes van Ampie, aan die begin van die boek:

'Soos 'n siddering het dit sy siel deurtril, die swak bewustheid dat hy deel uitmaak van 'n maatskappy met sy wet en orde waaraan hy homself tog sal moet onderwerp.' (bl. 155)

En teen die einde:

'As hy so stadigaan die nuwe lewe gewend kan word, sal die sake stryk.
- Die wette van die lewe moet hy gehoorsaam.' (bl. 224)

Die teks wat Ampie gevorm het tot 'n aanvaarbare mens en hom laat wegbreek het van die brute natuur en hom op die pad tot kultuur geplaas het; daardie teks gaan hom nou ideologies vorm; en omdat dit 'n proses van instruksie is, sal die teks homself gedurig laat geld. Byvoorbeeld, die frase uit die vorige aanhaling, 'deel uitmaak van 'n maatskappy...' ens.: dit is 'n cliché wat Ampie nie so dikwels vantevore gehoor het dat hy dit self kan gebruik nie. Dis die teks self wat praat, die teks-vir-ideologie.

Direk na die mededeling dat hy hom sal moet onderwerp, in die volgende sin, volg die eerste onderwerping: om saam met Annie aangeneem te word. Die beloning, maar ook die verlies indien hy faal, is Annie. Dis egter ook die erkenning van en onderwerping aan 'n hoër gesag wat dit van hom vereis; en hier

werk die ontsag van die natuurmens vir 'n groter mag saam om hom die nodige agting en vrees vir gesag te gee:

‘Hoekom wil oom Tys dit hê? Waarom wil God dit hê? Hy voel mos dat hy nou sonde gaan doen: sy hart rebelleer. Hy kan Annekie nie mis nie; hy word gedryf; hy moet daardeur, maar by God kom hy nie verby nie! Ampie voel geweldig bang vir God. Hy kan hom mos orals skielik bykom en sommer verdedig. Hoe vreeslik is ou-Jakob met een bliksemslag verniel ...’ (bl. 186-187)

Oom Tys, Annekie se pa, is 'n swak bywoner (‘hy voel hom misplaas daar op die lande waar hy met teësin werk vir kos en klere’, bl. 166), maar die teks ignoreer sy swakhede omdat hy ander waardes besit, nl. die geestelike - en hy neem die Bybel as maatstaf vir alles. Hy word dan ook deel van Ampie se inwyding tot die godsdiens. Op 'n baie elementêre vlak het mens dus met die eerste twee dele van die trilogie 'n skeiding tussen ‘infrastruktuur’ (ekonomiese determinisme) en ‘suprastruktuur’ (kultuur), waar die suprastruktuur dan deel twee van die trilogie uitmaak, en die ‘geestelike’ oom Tys oorneem by die ‘materiële’ Kasper Booyesen.

Die geestelike instruksie van die teks leer hoofsaaklik van gesag, orde, sonde, skuld en tug, en van die inherente boosheid van die mens. En in Ampie se eenvoudige formulering van die betekenis daarvan openbaar die teks sy rassisme en klasbewustheid:

‘Ampie begryp nou hoekom God so straf is. As 'n mens 'n slegte kaffer, wat boonop verbrou het, tot inkeer wil bring en iets werd wil maak, dan moet hy hom goed kasty, ja, amper verniel om hom reg te kry. En heel die mensdom is sleg en het verbrou, en daarom moet hulle so kort-kort een-een deurloop.’ (bl. 201)

Ou-Jakob se dood was dan ook a.g.v. Ampie se sondetjies. Hy vind rus in die wete dat God ook liefde is - en net soos Kasper Booyesen se feodalisme hom beskerming gee, net so vind hy nou beskerming in die wete van 'n streng en liefdevolle vader. Ampie kan Annekie alleen besit as hy die wette van hierdie vader gehoorsaam - en die onmiddellike, mees gedugte, is die aanneming.

Dit behoort duidelik te wees dat die godsdiens hier 'n sosiale produk is wat deur die maatskappy gebruik word as 'n middel tot konformisme, en hier veral die skuld-teologie wat die teks onverbloemd as ideologie aanbied. Ampie se opvoedings- of bewuswordingsonderneming het ontstaan a.g.v. sy materiële omstandighede; en net so vereis die wêreld dat hy hom nou ook religieus moet onderwerp. Maar ten spyte van sy vrees gaan hy die aanneme deur, en kan die huwelik voltrek word. Sy grootste opstand kom egter tog teen 'n laaste eis van die godsdiens: dat hy moet bid. As hy dit nie kan doen nie, dan het hy nog nie deel geword nie (‘Ek het nooit kon dink dat jy so sleg is nie. 'n Mens wat klaar aangeneem is en boonop getroud is, behoort mos te kan bid!’ sê Annekie, bl. 226). Uiteindelik konformeer hy tog:

‘... Ampie sluit nou elke aand die boekevat met “Ons Vader”. Annekie is heeltemal daarmee tevrede, want hulle kan tog nie soos heidens lewe nie.’ (bl. 229)

Die teks handel die hele dramatiese aangeleentheid af in slegs daardie twee sinne. Wat mens laat wonder: is dit wêrklike oorgawe? Die ‘Onse Vader’?

Terwyl hierdie ideologiese bande om Ampie gespan word, is daar 'n ander karakter, Bart, wat geleidelik in die teenoorgestelde rigting begin beweeg. Ampie raak verstrick in 'n feodale ‘klein-burgerlikheid’; en Bart breek uit na die lokkende kapitalisme en vryheid. Die volgende stukkie dialoog tussen Ampie en Bart sal illustreer:

“Jy kan mos nie besigheid doen nie, Bart! Jy is mos nog nie mondig nie!”

Bart staan Ampie verwonderd en aangaap.

Mondig? Wat het besigheid te doen met mondigheid? As die een mens die ander vertrou, en die een die ander een nie verneuk nie, dan is die besigheid mos reg en regverdig...! Na sy vlugtige bedenkinge sê hy met 'n spotlag:

“Nou lol jy oor mondigheid, Ampie! Ek is vandag mondiger as jy! Jy kan nie maak soos jy wil nie! Jy moet vir Booyesen luister, maar ek loop waar ek wil en ek maak net soos ek wil! Ek gaan “diekens” toe en wie sal my keer?”.’ (bl. 206)

Bart se handeling hierna dui op 'n onvermydelike determinisme. Hy neem die geld vir Ampie-hulle se huweliksfees sodat daar nie gevier kan word nie - 'n konvensie is gebreek - en hy vertrek wanneer Ampie mondig word - 'n kontras wat die teks bewerkstellig. Mens sou dus kon sê dat Bart teenoor Ampie staan soos die begin van kapitalisme teenoor die einde van 'n agrariese bestaans ekonomie.

Maar alhoewel Ampie konformeer, gesosialiseer is om aan te pas by die besondere gemeenskap, is daar tog ook tekens van 'n strewe na iets hoër, van 'n groeiende ‘bourgeois’-bewustheid. Hy verlang na 'n mooi toekoms waar hulle twee ‘alleen hier in die woning met hulle eie goedjies’ (bl. 158) kan bestaan, en hy sien hoe Annekie hulle besittings rangskik; hy voel verantwoordelik, hy voel ambisieus (‘... Annekie mag nie agteruitstaan nie ...’ bl. 159), en hy begin selfs dink aan kommoditeite (‘Oor 'n paar maande sal Annekie met haar eie hoendereiers na die winkel toe kan stap ...’ bl. 159). En wanneer daar - volgens konvensie - besluit word dat hulle seun na Ampie se vader vernoem moet word, kom hy in opstand omdat sy pa staan vir verslegting en verwaarlosing; juis dit waarteen hy nou strew.

Die besluit om die kind Jakob te noem is eintlik 'n eienaardige kontradiksie - 'n klein aanduiding van die basiese kontradiksie wat deel is van die hele *Ampie*-trilogie. Hy vernoem sy seun na die donkie omdat die donkie vir hom meer beteken het as sy pa - en sy pa staan vir die ergste van bywoner-misère. Dit weet Ampie nou nadat hy gesosialiseer en ‘opgevoed’ is; maar dit kon hy

alleen bereik het a.g.v. die donkie. Die donkie staan egter ook vir die natuur, vir vryheid, los van die maatskappy. Miskien wil die naamgewing aan die kind 'n versoening van teenoorgesteldes wees: natuur teenoor kultuur.

Boek drie van die trilogie is die finale fase in die bewuswordingsprogram van Ampie; maar nou is dit gekompliseer deur Bart, Ampie se kind, die delwerye en die godsdiens - determinasies wat tot tragedie en 'n ommekeer van alles lei.

Die teks is taamlik eksplisiet oor Bart, die skrandere seun 'met meer besigheid in sy pinkie ... as die hele familie saam in hulle koppe' (bl. 272), se rol in die ontwrigting van die bywoner-gemeenskap. Hy 'wat net waarde heg aan 'n besitting om dit te verkwansel' (bl. 274), word die leier van dié eenvoudige mense op die pad na die delwerye, waar selfs Ampie se versukkelde ouers hoop om tot die middelklas te kan behoort (bl 276). Bart is die verteenwoordiger van die nuwe strewe tot kapitaal - en weg van die land af.

Hulle wegtrek word duidelik materieël bepaal in die beskrywing van slegte landboustoestande wat dreig om die ondergang van die boerebevolking te veroorsaak. Kasper Booyen die grondbesitter som die situasie op in woorde wat sy verset teen enige ander wyse van produksie openbaar:

'Die delwery gaan ons land leegsuig, en daar tussen die kreunrantjies sal 'n groot deel van ons boere opmekaar bondel, ongeskik vir plaaswerk word en 'n las vir die maatskappy ... Altemit sal ek die swaar tye deurkom; maar wat van die bywoners wat van ons afhanklik is? Niemand van hulle kan dit bekostig om een oes te verloor nie. En wat bly oor? Onderstandswerke! Dis kliphard vir 'n boer om daagliks op vasgestelde ure vir 'n hongerloon per dag onder die oë van 'n baas te werk. - Nou kom die gevaar! Die delwerye streef die ingebore vryheidsgevoel, want daar kan hy altemit die geluk kry om selfstandig te werk.' (bl. 246)

Die alternatiewe is dus: delwerye of onderstandwerke. Mens kry die gevoel dat Booyen liever die onderstandwerke - soos om op die pad te werk - verkies as die delwerye. En Bart verkies die delwerye. Albei heenkomes verteenwoordig 'n verandering in die wyse van produksie - albei op die pad na kapitalisme deur arbeid as 'n kommoditeit; of, in die geval van Bart wat 'n Baas wil wees, deur die besit van die produksiewyse. Booyen wil Ampie red deur hom op sy eie voete te laat staan as geldverdiener, arbeider op die pad. Dis 'eerlike' arbeid, in-die-sweet-van-jou-aangesig-arbeid. Maar Booyen kan nie insien dat die feodale stelsel waar hy die produksiewyse (as grondbesitter met bywoners) besit het in wese nie veel anders was nie; behalwe dat bywoners onder hom gewerk het in die idille van die natuur. Dis dié idille wat Ampie nog onbekemmend beleef voordat hy van sy wêreld vervreem gaan word.

Bart as uitbouter teenoor Ampie as geëksploteerde, Bart as kapitalis teenoor Ampie as arbeider, Bart as besitter teenoor Ampie as die eerste van die klas van die proletariaat - dit word duidelik hier gesê:

‘Bart hou sy kop in al die snaakse teenstrydighede wat die lewe voor sy voete rol ... en die lewe is agterstevoor. Diegene wat sy kop gebruik, gaan vorentoe, dis duidelik. Daar is so baie voorbeelde. Die padmakers swoeg heeldag deur met graaf en pik, terwyl die ploegbaar, wat selde sweet, die pad maak. Sy baas weer, wat in die motor rondry en vet word en nooit sweet nie, gebruik sy kop en maak die distrik se paaie. Al die teenstrydighede kom reg anderkant uit. En al die kopmense maak vriende met die onregverdige mammon”.’ (bl. 326)

En die ergste ekspluitasie vind plaas wanneer Bart Ampie-hulle se diamante steel, die kind sy erfgenaam maak, maar dan met alles verdwyn - en van die kind, volgens Ampie, 'n spotterny maak.

Maar die kind is nie net daar as middel om uitbuiting in al sy aaklikheid te belig nie. Die kind is deel van Ampie se opvoeding tot verantwoordelikheid (‘...die strelende bewustheid dat hy werk en sorg vir sy kind...’ bl. 248). Hierdie verantwoordelikheid veroorsaak dat hy gedwing word tot nuwe, vreemde, materiële omstandighede - en 'n verdere inisiasie sal moet deurgaen:

“‘Ons toekoms, kind! Dis vir jou toekoms dat ek hier is. Jy moet eendag kan sê dat jou pappie jou goed groot gemaak het. Die doel het my laat maats maak met die mammon. Ek het verkeerd aangevoor”.’ (bl. 378)

En buiten mammon was daar ook ander bedreigings: dat hy nie kan konformeer nie, nie kan buig ‘onder die basemente’ van ander nie, dat hy nog nie kan ‘maats maak met die mense van die wêreld’ nie (bl. 367).

Die hoofdeterminante van Ampie se nuwe milieu is die delwerye. Hier word hy - half-natuurmens, half-bywoner, half-opgevoede, half-op-die-pad-nabourgeoisie - gekonfronteer met 'n ander wyse van produksie en *daarom* met 'n ander sosiaie milieu.

Die teks het die delwerye gekies as heenkome vir die verarmde bywoners omdat dit - net soos in ‘Bywoners’ - nog nie mense kon skep binne 'n kapitalistiese produksiewyse nie, want dan sou hulle werkers, 'n proletariaat, moes gewees het; en die sprong van 'n idilliese feodale produksiewyse tot kommoditeitsprodusente en verhandelaars van hulle eie arbeid was nog te groot. Die delwerye is 'n tussenfase: alreeds binne 'n kapitalistiese stelsel, maar hulle wat voorheen bywoners was, werk tog hier vir hulleself (‘Die delwerye streel die ingebore vryheidsgevoel...’), en uiteindelik kan die gelukkiges miskien bo uitkom, hulle ‘eie baas’ word, besitters van die wyse van produksie word, kapitaliste word sonder om die vernedering van proletêr-wees deur te gaan. Hulle wou almal base word. En die proefkonyn was Ampie. 'n Baas sou hy nooit kon word nie, maar miskien kon hy die tipe van die geëksploiteerde word, die ideële proletariaat, want hy is by uitnemendheid geskik tot uitbuiting (Bart het dit al lankal begin doen). Daarom is dit nodig om hom te sosialiseer.

Een van die sterk sosialiseringsmagte is hier ook die godsdiens; en een van die tekens van verantwoordelikheid is die huisgodsdiens, en die gebed in die

openbaar. As Ampie dit nog nie kan doen nie, het hy nog nie ten volle man geword nie:

‘Jy is tog immers nou 'n man en ook reeds 'n vader, wat hoort te weet hoedanig hy sy huis moet menteneer en sy huislike pligte moet uitvoer, al kom die koning ook by ons kuier...Die satan het sy klou nog danig vas om jou hart, Ampie...’ (bl. 269)

Maar Ampie kon die godsdiens nooit as 'n sosiale feit aanvaar nie: die gebed was vir hom privaat, die gemeenskap met die Here privaat; en die sektes waarin Annekie so opgegaan het by die delwerye - wat haar van alle beskroomdheid genees het - het hy gehaat:

‘Ek het vanaand ook godsdiens in ons kaia gehad, Annekie. Ek het gevoel dat God hier by ons was...net Jakoppie en ek - allenig. Ons twee het lekker gesels en die Here saam gedien. Ek sal die kind meermale oppas, want in die tabernakel, waar almal so raas, sal ek my nie so gelukkig kan voel as hier in die kaia by Jakop en die Here nie...!’ (bl. 305)

As die klein, intieme gemeenskaplikheid van die huisgodsdiens nie deur sy privaatheid kon breek nie, sou die groot sosiale gebaar van die tabernakel hom nog minder sosialiseer. Maar die druk daarvan, en van aanpassing by die vreemde, van mammon, van eksploitasie, sou ondraaglik word. Sy ontsnapping vind hy deur drank, 'n ‘wêreldse’ ontvlugting (die wyse van die ontvlugting is dan alreeds 'n verzet teen die kerk). Uiteindelik in 'n toestand van beneweling ruk hy hand-uit wanneer sy kind in die kerk is, en hy probeer die kind red. Maar hy word gered, deur Kasper Booysen, en die teks impliseer dat hy nie hier hoort nie, dat hy terug moet plaas toe.

Deur die handeling so te struktureer sal die teks egter nog duideliker die vinger op die wond lê. Die kind se dood word gekoppel aan verskeie dinge: Ampie se dronkenskap - waarvoor Bart aanvanklik verantwoordelik was, asook sy ineenstorting omdat Bart van sy kind 'n spotterny gemaak het; Annekie se sekte-beheptheid wat tot verwaarlosing gelei het; maar die finale determinerende milieu was die delwerye waarheen hulle a.g.v. die ekonomiese determinisme moes gaan. Na die dood van sy kind keer Ampie terug plaas toe: terug na die natuur, terug na die aarde, terug na die feodale stelsel.

Daar is verskeie dinge agter hierdie ‘gelukkige’ einde te lees; moontlike konsekwensies wat die teks nie kon uitspel nie, omdat die teks toe dit gekonsipieer is, gedetermineer is deur dieselfde omstandighede wat die lewens van die karakters daarin bepaal het.

'n Mens sou kon sê dat Ampie teruggekeer het omdat hy half-simpel is en daarom nie opgewasse kon wees teen die harde wêreld van geld en eksploitasie nie. Dan is daar niks meer te sê nie, en is Ampie net maar nog een van die idiote in die Afrikaanse letterkunde. Of dan is dit bloot die verhaal van 'n individu - met ‘eksistensiële’ ondertone - wat nie deel van 'n gemeenskap is nie of die slagoffer van 'n milieu is - en dan is die teks sonder enige verdere moontlikhede

van 'n dialektiek. Die teks is egter nie net 'n beskrywing, verhaal nie, maar ook 'n bondgenoot by die lotgevalle van Ampie,¹¹ 'n teks wat dus die skrif van 'n ideologie aan die maak is. So, wyer gelees, is Ampie dan die gekose persoon wat vanaf die eerste boek vanuit sy natuurlike, pre-feodale staat geruk is en opgevoed word tot 'n besef van (feodale) waardes, tot verantwoordelikheid, tot 'n beskermdede burgerlike bestaan, en tot konfrontasie met 'n vreemde en dreigende sosiale milieu waarteen hy hom gedurig verset. Binne hierdie verbande en verhoudings gesien word hy 'n korrelaat vir die historiese en materialisties gedetermineerde bestaan van die Afrikaner vanaf feodalisme tot die begin van kapitalisme.

Maar die teks skipper aan die einde, omdat dit 'n terugkeer na feodalisme wil hê en kapitalisme as bese mammon-aanbidding, eksploitasie en manipulasie beskou. Die feodale idille - die gemoedelike, vriendelike gebruik van arbeid sonder inagneming van die mag van die ekonomie - is beter as kapitalistiese eksploitasie. Liewer bywoner as proletariaat. Tensy jy jou eie baas kan wees en nie onder ander se 'basemente' hoef te buig nie. Maar 'n baas - ook 'n feodale baas - is alreeds 'n element in die kapitalisme. En die kapitalisme kan sonder sy proletariaat nie bestaan nie. Vanwaar dan die proletariaat?

11 Elize Botha, 'Die partydigheid van outeur en verteller in *Ampie: Die natuurkind*'. *Oor die Afrikaanse prosa en ander opstelle*. Tafelberg, 1980, bl. 150-161.

Hoofstuk 5

Die Ontferdes

‘The bourgeoisie has torn away from the family its sentimental veil, and has reduced the family relation to a mere money relation’
(Karl Marx)

Aan die einde van *Ampie* was daar 'n konflik in die teks tussen kapitaal en feodaal. Die kapitalisme word nie eintlik aanvaar as 'n oplossing vir die ontferdes uit die feodale wêreld nie; maar die feodalisme is ook nie ekonomies gedetermineer om te kan voortduur nie. Ons bevind ons dus in 'n tydperk waarin intellektueel, skrywer, leier, ander uitweë, ander ideologieë soek. Fragmente en kort samevattinge uit enkele ander tekste van daardie tyd of oor daardie tyd kan miskien agtergronde van die denke gee waarbinne *Die Ontferdes* (1944) van Holmer Johannsen saamgedink het.

In die twintigerjare al maak dr. D.F. Malan die volgende uitspraak oor samewerking met die Arbeidersparty:

‘Die waarheid is natuurlik dat die Nasionale Party en die Arbeidersparty nie verder met mekaar sal saamwerk as wat hul wedersydse beginsels dit toelaat nie, en dat hulle ook nie verder van mekaar af behoort te staan as hulle gemeenskaplike belange en beginsels nie, en *as wat die stryd om lewe en dood van die volk teen kapitalisties-monopolistiese oorheersing dit vereis nie.*’¹ (My kursivering).

En in die dertigerjare sê dr. Nicolaas Johannes van der Merwe - predikant, politikus, kultuurleier, geestelike leier, jeugleier, republikeinse leier, partyleier:

‘Ons moet sorg dat die vryheid van Suid-Afrika gehandhaaf en ontwikkel word sonder enige imperialistiese neigings, hetsy op ekonomiese of konstitusionele gebied. Ons moet sorg dra dat daar geen kapitalistiese party ontstaan of sal wees nie, sodat ook die arm Afrikaner in die stede en in die dorpe en op die platteland in ons party tuis sal voel.’²

Maar die flirtasie met kapitalisme begin tog, byvoorbeeld in prof. L.J. du Plessis se ‘volkskapitalisme’, wat daarop neerkom dat die oorsprong van

- 1 Jan J. van Rooyen, *Die Nasionale Party, Sy Opkoms en Oorwinning - Kapland se aandeel*, uitgegee deur die Hoofraad van die Kaaplandse Nasionale Party, 1957, bl. 106.
- 2 *Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940*, G.D. Scholtz, Voortrekkerpers, 1944, bl. 243.

Afrikaner-armoede nie in kapitalisme as sodanig geleë is nie, maar in die feit dat die stelsel in die hande van nie-Afrikaners was. Volgens hom moet daar nie na die vernietiging van kapitalisme gestreef word nie; dit moet getransformeer, ‘veretniseer’ word sodat dit die aard van die Afrikaner pas. En toe het gekom die Reddingsdaadbond - 'n etniese organisasie, Christelik-Nasionaal, wat alle Afrikaners bymekaar wou bring vir die bevordering van hulle kulturele, maar veral hulle ekonomiese belange. Die Reddingsdaadbond wou die volk ook leer dat handel en nywerheid nie teenstrydig is met godsdiens en Afrikaner volkseenheid nie:

‘...the symbolic effect of the Reddingsdaadbond, impossible though it is to measure, must have been considerable. For example, certain intellectual leaders of the Afrikaner civil faith began to shift from the old attack on “Hoggenheimer” to praise the new “People's Capitalism”, without in any way casting off their traditional civil religion, and to urge that Afrikaners cultivate the virtues of an urban industrial society: to invest, to strike, to spend, to borrow, and to lend at interest. Despite its rural origins, the Afrikaner civil religion adapted surprisingly easily to urban industrial life.’³

Inspan en Koers het aangemoedig, geleer en die pad na kapitalisme met vrome argumente aangewys, soos:

‘Ons kan nie anders as om aan te neem dat die besitneiging, die drang om die stof te beheers en in te span in diens van die Skepper, deur God in die mens ingeskape is met die doel om Hom daardeur te verheerlik en sy beeld glansryker te weerspieël. Maar ons wil ook so ver gaan as om te beweer dat die beeld van God die sterkste geopenbaar word in en deur diegene in wie die wil om te regeer of om heerskappy te voer die sterkste tot uiting kom, nie willekeurig nie maar deur God daartoe geroep. Die *aartsvaders* in wie God Homself kragtig geopenbaar het, was vooraanstaande figure in die Gewyde Geskiedenis. Hulle was ryk en magtig en het as vorste gelewe. Dink aan Abraham, Jacob en Job. Ons volk het in die verlede ook baie sulke patriargale figure voortgebring. 'n Slaaf kan hom nie laat geld nie, omdat hy niks besit nie, maar besit word. Minder as 'n slaaf, kan iemand wat van liefdadigheid lewe, hom laat geld. As iemand hom wil laat géld, moet hy ook genoeg besit om in sy eie behoeftes te voorsien en boonop ook nog genoeg om as middel te gebruik in diens van God en sy volk.’⁴

Die volgende stap was die ‘Christen-kapitalis’ en die versoening tussen kapitalis en arbeider:

3 T. Dunbar Moodie, *The Rise of Afrikanerdom*, bl. 207.

4 J.H. Pretorius, ‘Spaarsin en spaarkrag by ons volk’, in *Koers* (twee-maandelikse tydskrif, uitgegee deur Die Westelike Stem, Potchefstroom), Nr. 5, Deel III, April 1941.

‘Insteede dat kapitaal en arbeid, soos die kommuniste leer, geswore vyande is, moet hulle vir ons broers wees wat saam werk en mekaar help in die lewenstryd. Kapitaal moet behou word as 'n hemelse gawe wat meer werkgeleentheid skep - wat minderbevoorregtes 'n kans in die lewe gee. Christus het die Ryke Jongeling wat 'n kapitalis was, lief gehad. Die Meester het nie beswaar gehad teen sy kapitaal nie - maar teen die doelloosheid en byna nuttelosheid daarvan. Christus wou hê dat hy sy kapitaal moes gebruik om armes te help... Hoe anders sou die wêreld wees as hierdie twee vyande orals bondgenote kon word? As die een die ander sou help en dien, as die kapitalis sou strew om soveel moontlik van die goeie dinge in die lewe aan die arbeider te besorg, en as die arbeider sou strew om die beste en die meeste arbeid aan die kapitalis te gee.’⁵

Só wil tekste van die tyd 'n harmonieuse verhouding tussen werker en kapitalis, en by implikasie ook die gesagsverhouding, kondisioneer. Dán word die bestaan van 'n wit proletariaat 'n voldonge feit:

‘Die arbeidsgemeenskap mag dan nooit sy karakter verloor as 'n gemeenskap van lewende mense, mense met vreugde en smart, ideale en verwagtinge, deugde en gebreke. Die mens ook in sy arbeid selfs die sogenaamde laagste is nooit 'n nommer nie, maar 'n volle, mondige, vrye persoonlikheid, draer van die beeld van God. Dit is die redding van die Arbeid.’⁶

En natuurlik ook, en veral, die redding van die kapitalisme.

Sjakkie Portjee, die inisiatief in *Die onterfdes* begin sy lewe as getroude man en hoof van die huis met die volgende teksverse van sy pa:

‘Sy pa het meermale vir hom gesê: “Sjakkie, ou seun, daar is drie soorte mense op die wêreld: Die hotnots, ons en die ryk mense. Oor die hotnots hoef jy jou nie te bekommer nie, hulle is sommer vuilgoed. En die ryk mense hoef jy nie af te skrik nie, as jy maar net uit hul pad uitbly en weet hul huis is nie joune nie. Ou Faantjie Delport mag sê dat ryk mense jakhalse is wat die bietjie vleis van die arm man wegvreet. Maar Faantjie was al in die tronk vir die-here-weet-wat, en hy is 'n kommunist! Onthou jy daardie rysweep wat ek vir kaptein Wilmot gemaak het? Portjee, het die kaptein gesê, ek is so damn satisfied met my sweep, as jy nog netso een vir miesies Wilmot maak, betaal ek jou twee pond en 'n dop goeie ou whisky! Hy was vir jou 'n gentleman, en so ryk dat jy nie naby kon kom nie! Nee, ou seun, ryk of arm, die mens is goed en God is goed. Haal jou hoed af vir die grotes en sê hallo vir jou eie mense, en die Here sal jou seën, so wragtag!”

5 Dr. T.C. de Villiers, ‘Die Christen-kapitalis’, in *Inspan* (amptelike orgaan van die Reddingsdaadbond en die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings), Februarie 1949, bls. 19, 30.

6 ‘Die Calvinistiese beskouing van die arbeid’ in *Koers* XIV, Nr. 2, Okt. 1946, bl. 49-55.

En na hierdie patroon van die mensewêreld het Sjakkie Portjee dan ook sy eie lewetjie probeer inpas. Trots op sy wit vel, solidêr met hulle wat vir elke pennie moes dankie-sê, en met 'n skugtere eerbied vir die grotes wat vir hulle kon laat werk en vir wie die mooi huise en die motorkarre gemaak word. Dit was die wêreld waarin die Liewe Heer op 'n goeie dag vir Sjakkie gesit het. En wie sou teen Sy Orde probeer spook? Nie Sjakkie Portjee nie!.'⁷⁾

Hierdie woorde toon duidelik 'n aanvaarding van klas, van kapitalis en proletariaat. Diegene wat in verset teen kapitalisme is, word gediskrediteer. Daar is ook agting vir gesag: vir dié van God wat alles so gewil het, en vir Sjakkie se vader wat hom die les geleer het. En die aanvaarding van sy vader se opvatting, is ook 'n voorneme om sy lewe daarvolgens in te rig - om harmonieus saam te leef met gesag.

Die teks begin met die huweliksbevestiging van Sjakkie en Sanna, die vestiging van 'n familieverband waarin dit beklemtoon word dat Sjakkie die hoof van die gesin sal wees - 'die vrou sal volg waar die man gaan' (bl. 5). Die familie - Oom Hennie, Sjakkie se vader, in die teks altyd 'Vader Portjee', sy seun en skoondogter, die portret van vader Portjee se gestorwe vrou, en later Sanna se siek moeder - leef saam in liefde, toegeneentheid en besorgdheid vir mekaar. Saam, onder die leiding van vader Portjee - vir die teks 'n 'dierbare oubaas' - bou hulle aan 'n toekoms. Reeds vroeg al is dit duidelik dat hulle mekaar gelukkig wil maak - veral die vader wat begin deur skelmpies 'n stryplank te maak om Sanna te help. Hulle is ywerig, almal werk, en die woord 'fluks' kry 'n taamlike hoë frekwensie in die teks. Dis 'n familie wat vooruitgaan, ook wat getalle betref, want later kom 'n veelgeliefde kindjie by.

Wanneer vader Portjee sy plan vir die stryplank verduidelik, kom vra Anna Coetzee - met ses kinders, een op pad, en 'n dronk man, Japie - brood en koffie. Daardeur word die Coetzee-familie, met Japie die chauvinis en dronkaard wat vrou en kinders mishandel, gekontrasteer met die vlytige Portjee-familie. Waar die Portjee's vooruitgaan, gaan hulle agteruit; ook wat huisgenote betref, want van die kinders sterf en later die vrou ook. Periferaal staan Faantjie Delport ook teenoor die Portjee's: hy is los van sy familie, 'n swerwer sonder inkomste wat nie vir hulle kan sorg nie. Deur arbeidsywer en harmonieuse samesyn bereik die Portjee's materiële welvaart wat hulle bo die Coetzee's en Faantjie Delport verhef. Maar dit veroorsaak nie 'n gevoel van klasseverskil tussen hulle en die ander nie, net so min as wat daar so 'n bewustheid bestaan tussen hulle en die klein-kapitalis Van Dyk, of die kapitalis-Jood Solem Rabinowitz. Die moontlike of potensiële klasseverskil tussen die Portjee's, Coetzee's (en Delport), Van Dyk's en Rabinowitz'e - almal as families want oral word iemand se vrou of kinders betrek - word oorbrug deur mededeelsaamheid, medemenslikheid of gemoedelikheid. En telkens is dit die

7) Holmer Johanssen, *Die Ontferdes*, A.A. Balkema, 1956, derde druk, bl. 9-10.

een wat finansiëel beter daaraan toe is wat die ander help. Uit jammerte help die Portjee's die Coetzee's en wanneer Japie uit die tronk kom en geld vra, gee vader Portjee dit (alhoewel dit Sjakkie se geld is, maar 'Sjakkie sal verstaan, hy's 'n goeie seun ...' bl. 127). Uit jammerte wil hy ook aan Faantjie Delport geld gee; maar Faantjie weier - en daarmee impliseer die teks dat hy beter as Japie is, al is hy 'n kommunist. Van Dyk help Sjakkie om sy besigheid te begin, en die herinnering aan vader Portjee se medemenslikheid beïnvloed Rabinowitz se optrede teen Sjakkie wanneer dié in die moeilikheid is.

Die teks wat in handeling en gebeurtenisse die kontras tussen die vrugte van orde en vlyt en die gevolge van wanorde en onverantwoordelikheid geskep het, maak deur sy teks-wees die opposisie tussen Portjee en Coetzee nog skerper. Die teks bestaan uit kort episodes wat deurlopend en chronologies is. Deur gebruik te maak van kort stukkie kan hy parallelle en teenstellings aandui - bloot deur teks te wees. Byvoorbeeld: aan die begin word byna gelyke gedeeltes teks afgestaan aan die Portjee-familie as aan die Coetzee-familie; maar met die vinnige retrogressie van die Coetzee's word die teksgedeeltes aan hulle gewy progressief minder, sodat die voorspoed van die Portjee's meer in die aandag van die leser bly. Hoofstuk twee eindig met 'n suggestie dat Sanna swanger is, en Sjakkie se kommer oor haar. In hoofstuk drie word Japie se sewende kind gebore van 'n verwaarloosde moeder. Hoofstuk vier eindig met nigg Hester wat ekstra koekies van 'n geselligheid wegneem 'vir die kleinspan by die huis'; en hoofstuk vyf begin met Anna se kind wat nie soos ander babas is nie en nie wil drink nie. Hoofstuk sewe eindig met 'n opwelling van bruisende geluk' by Sjakkie wanneer hy die skopbewegings van die ongebore kindjie teen Sanna se maag voel, en hoofstuk agt begin met die opwellings van liefde wat klein Jannie Coetzee vir sy pa het - maar ook met sy herinnering aan dié kere wat sy pa hom uit die pad uit geskop het. Die hele hoofstuk tien word gewy aan die moontlike geboorte van Sjakkie-hulle se kind, en die volgende hoofstuk begin met: 'Rabinowitz was tevrede met sy tafel en stoele' wat Sjakkie en pa gemaak het; sodat die geboorte van die kind plaasvind aan die begin van 'n nuwe materiële era vir die Portjee's. In hoofstuk vyftien word 'n episode gewy aan die agteruitgang by Japie-hulle, en veral die toestand van die kinders wat geen ordentlike sorg meer het nie. Direk daarna, en vir die res van die hoofstuk, gaan dit oor ma Saayman (Sanna se ma) se beroerte en die sorg wat sy van haar kinders en van vader Portjee kry.

Soms is daar ook 'n ander metode waardeur mens, buiten die gebeurtenis wat beskryf word, skielik bewus raak van die teks self, van 'n wyse van sê wat meer sê as net beskryf. 'n 'Poëtisering' miskien, of 'n ironisering, 'n afstand-neem. Vergelyk die volgende - die begrafnis van Japie Coetzee se baba:

'Die dominee bid lank en aandoenlik. God's Weë bly ondeurgrondelik!
Blomme lê dun gesaai aan die voet van die graffie, verlep in die
voorjaarson.
"Die Here het gee, die Here het geneem ..."

Die vroumense huil nou vryelik. Oor die doodkissie wat so wit is en so klein!

As die gat gevul word, borrel 'n onbeheerste snik op in Japie se bors. “Ag, Vadertjie-tog!”

Drie van sy kleinspan wat met hul pa saamgekom het, word nou bang. Huilend pluk hulle aan Japie se broekspeye. 'n Paar mans draai hulle om.

Hulle is nie ou wywe nie, maar hul keelspiere begin darem ongemaklik knyp.’ (bl. 36)

Die superioriteit van die Portjee-familie is te danke aan hulle relatiewe materiële welvaart en hulle bewustheid van orde en gesag. Dit is waarvoor hierdie teks gaan - dit is die dialektiek oor kapitalisme - en ek wil probeer om die verloop daarvan uit te wys.

Aan die einde van die eerste hoofstuk sê die teks, opsommend, hoe Sanna partykeer praat van Sjakkie: ‘eendag, as jy ryk is’ (bl. 10). Hoe kan hy as werker van oubaas Van Dyk ooit ryk word? En eendag maak hy vir haar ma 'n tafelblad reg, en die teks vertel:

“Maar jy is darem knap,” het sy hom bewonder.
 “Knap, nee, ek is dom,” het hy hom verleë maar in eerlike oortuiging verweer.
 “Ek sê, jy is knap!” Nou was sy skielik ongeduldig.
 “Maar ek kon skaars standerd vier deurkom!”
 “Ek wil hê jy moet sê jy is knap!” het sy driftig met haar voet gestamp, en so waarlik, dit was of sy nou-nou wou gaan huil het.
 Vader Portjee het in 'n hoekie van die kamer gesit, haar dopgehou.
 Sjakkie het gesien dat daar 'n fyn glimlaggie oor die ou kêrel se gesig was ...’ (bl. 10)

Die kommentaar oor vader Portjee se reaksie aan die einde is insiggewend.

Sanna se koppige aanmoediging en die teks se subtiele bevestiging daarvan wys vroeg al die pad wat Sjakkie sal moet loop, aangepor en gelei deur Sanna en vader Portjee. Sy wil hê hy moet sy eie baas word, en in hierdie begeerte is daar 'n onverbiddelikheid by haar wat soms onaangenaam raak. Sy moedig hom aan om by Van Dyk geld te gaan leen vir 'n begin, en ‘... Daar is iets hards en onversetliks in haar gesig, asof sy haarself gewapen het vir 'n bitter stryd ...’ (bl. 43). En wanneer Sjakkie en vader Portjee besig is om die prys van 'n bestelling vir Rabinowitz uit te werk sê sy hý moet baie daarvoor betaal omdat hy 'n ‘stink-jood’ is, want ‘... sy kan partykeer so hard en meedoënloos voel as sy aan ryk mense dink. En Rabinowitz is ryk, daarvan is sy seker. Hy is ryk en hy is 'n Jood. Dis genoeg, en sy voel of daar iets bitters is waarteen sy moet stry’ (bl. 78). Sy sou die meedoënlose aanhitser tot kapitalisme kon word, maar die teks ontwikkel dié motief nie, want hierdie sy van kapitalisme is ongewens. Die weg van die goeie, gemoedelike vader Portjee sal eerder gevolg word.

Vader Portjee het nooit vaste werk gehad nie, hy was dus nog nie werklik 'n arbeider nie; maar hy het 'n aanvoeling gehad van wat in die toekoms sal gebeur, daarom het hy sy seun 'n ambag laat leer, timmerman. Hy, die vader, was 'n maker van gebruiksvoorwerpe waarvoor hy dikwels geen geld ontvang het nie. Sy beloning toe hy die dominee se stoel reggemaak het, was: 'Portjee ... jy het my 'n groot diens bewys. Geld het ek nie om jou te betaal nie. Maar ek sal vir jou bid ...' (bl. 15). Maar eintlik is die strykplank wat hy maak al méér as net gebruiksvoorwerp; daar is 'n element van die kompeterende wanneer ander mense die plank bewonder (vgl. bl. 30-31): die strykplank verkry dus 'n waarde wat dit vergelykbaar maak met ander waardes.

Na sy afdanking by Van Dyk, toe Sjakkie en sy pa met die houtwerkbesigheid begin, is daar kommer oor geld; en Sanna se versoek om doeke vir haar kind vind nie by hom byval nie. Dis opvallend dat Sanna 'n klasseonderskeid openbaar wanneer Sjakkie sê Jopie se kinders het nie doeke nie ('My kind sal nie soos 'n hotnot gebore word nie', bl. 46); en dat vader Portjee - as jy die teks versigtig lees - eintlik aan Sanna se kant is m.b.t. die doeke (bl. 48). Die geld wat sy neem vir die doeke lei tot 'n hewige uitbarsting: die harmonieuse familiesamesyn word verbreek a.g.v. 'n strewe na 'hoër materiële waardes'.

Sjakkie se begin as vervaardiger van kommoditeite is teleurstellend omdat hy vir die tafel en vier stoele wat Rabinowitz van hom bestel het 'n lukrake prys maak. Sy profyt is te laag, en geduldig begin vader Portjee hom die formules van kosteberekening en oorhoofse uitgawes leer. 'n Begin is gemaak met vader Portjee se woorde: 'Sjakkie ... jong ... kom ons maak weer biesnies met hom!' (bl. 65)

En wanneer die besigheid in alle erns begin, is dit aanvanklik vader Portjee wat onderhandel - grappenderwys en gemoedelik. As die gekibbel oor pryse ernstig word, weet die ou man om te waarsku:

“Dis net dat ek partykeer dink dat 'n klompie mense moet hard werk en dat die ander die geld kry’.” (bl. 76)

Maar as hy dié eksploitasie-aspek van kapitalisme noem, onthou Rabinowitz:

‘Toe sy enigste baadjie so vuil was dat almal hul neus vir hom opgetrek het - “ou stinkjood!” Net hierdie einste ou Portjee het toe so nou en dan 'n grappie met hom gemaak, hom darem soos 'n witman behandel ...’ (bl. 76)

En 'n transaksie word beklink wat vir albei aanvaarbaar is - omdat ordentlike, menslike besigheid hier gedoen is. Dit is wat die teks wil beklemtoon: die Christelike kapitalisme.

Nie lank na hierdie klein oefening in die humane kapitalisme nie kom kuier Faantjie Delport met die ander beeld daarvan:

‘En hy gesels net oor kommunisme en oor die verdomde kapitaliste. Veral oor die kapitaliste het Faantjie baie gruwelike stories om te vertel. Soos

hulle die arm werkvolk behandel! Dis moord, lae moord, niks anders nie!
 En die lèste ding het Faantjie met sy eie oë gesien, so waar soos hy leef!
 Arm winkeldametjies wie se loon - daardie simpel paar sjielings! -
 agtergehou word omdat hulle nie hul rokkies wil optrek vir die ryk omies
 nie. Arm kaffers wat halfdood geslaan word as hulle 'n stukkie afval uit
 die groot besighede wegneem, net omdat hulle honger is, omdat hulle nie
 geld gekry het om daarvoor te betaal nie! En die rykes staan net by en lag!
 Ja, dreun hulle op, die swartgoed, moor hulle! Wat steel hulle ook ons
 goed!

Faantjie kan buite homself raak as hy daarvoor praat. Hy skree en hy slaan
 met sy vuiste op sy rooi - nogal rooi! - hemp. Hy ruk sy kèps van sy kop.
 "Hulle sal geskiet word, almal van hulle, die vuilgoed!".' (bl. 92)

Die teks se hantering van hierdie uitbarsting is insiggewend. Sy toespraak word
 nie direk gegee nie, maar gerapporteer, en in die verslag daarvan effens gebanaliseer.
 En die teks beklemtoon sy rooi hemp. Op hierdie gerapporteerde woorde volg die
direkte woorde van vader Portjee: 'Faantjie, kry jy nie warm nie?' En daarna antwoord
 vader Portjee alles direk op wat Faantjie indirek -dêur die teks - moes sê. Dis dus
 duidelik dat die teks hom *letterlik* distansieer van Faantjie - en daarom ook van sy
 beeld van die kapitalisme.

Die teks mag hom daarvan gedistansieer het, maar Sjakkie is vrugbare aarde; en
 vader Portjee moet die teendeel bewys. Aanvanklik het vader Portjee se woorde geen
 effek teen Sjakkie se drif oor die weiniges wat het en die menigte wat nie het nie.
 Op die volgende wyse kalmeer die vader sy seun:

'Sjakkie voel hoe sy pa se maer vingers soos 'n skroef om sy arm
 vasklem, harder en harder. Gotta, daar is vir jou nog krag in die ou kêrel
 se hande!

"Pa maak my seer."

"Ek wil hê jy moet voel, jou klein swernoot!"

Dis of sy pa se donker oë tot diep in sy harsings brand. Sjakkie se drif sak
 weg soos water in los sand.

"Skuus-tog, pa."

Toe word vader Portjee weer gemoedeliker. Hy skuif die glase opsy en sit
 sy elmboë op die tafel.' (bl. 95)

Gesag, uitgeoefen met 'n bietjie krag; en Sjakkie bly tjoepstil, vir sy pa om in die
 direkte rede, en vir agt paragrawe lank, uit te wei oor die feit dat daar armes moet
 wees, maar dat die Here hulle nie sal vergeet nie. Jy moet net dít weet:

"Natuurlik moet jy werk dat dit bars. Dis waarvoor die Here jou gemaak
 het. Daarvoor het 'n man mos 'n vrou en kinders".' (bl. 96)

Hy lewer verder 'n apologie vir kapitaliste; en diegene wat teen hulle is - soos
 Faantjie - is geweldenaars, immoreel, ateïsties - en doodgewoon sleg.

Vader Portjee kan hierna sy opvoedingsproses voortsit, deur tentatief voor te stel
 dat Sjakkie 'n spaarboekie kry, maar Sjakkie verkies nog om die

akkumulاسie te sien gebeur ('dis darem lekker om te kan sien hoeveel geld jy het', bl. 99). Dan word Sjakkie gedwing om self te leer onderhandel wanneer kapitalisme in aksie hom byna 'n finale knou gee: Rabinowitz weier om die toonbankkas te aanvaar wat Sjakkie op verkeerde mate gemaak het. Sjakkie vertel hom wat hy geleer het van sy pa: van wedersydse goedgesindheid wat nodig is vir besigheid; en toe praat Rabinowitz van die medemenslikheid wat Sjakkie se pa aan hom betoon het in die veriede. En kapitalisme gekwalifiseer deur menslikheid wen die stryd.

Die laaste les leer Sjakkie van Sanna wanneer sy een aand in tranes uitbars. Die implikasie is dat hy haar verwaarloos het ('Dalk het hy te min aandag aan haar gegee ... en dis nie net oor die besigheid met Rabinowitz nie ...' bl. 144); dat sy besigheid sy gesinslewe begin beïnvloed. Maar dis ironies dat die grootste troos wat hy haar kan gee in die teken van kapitalistiese vooruitgang staan: hy vertel dat hy 'n saag gaan koop wat oor die honderd pond kos, met geld by Rabinowitz geleen:

'Alle onsekerheid gly skielik uit haar weg. Sjakkie kan nou maar praat oor honderd pond, sy sal nie meer bang voel daarvoor nie. Sy is seker hy sal dit kan terugbetaal, sommer gou ook.' (bl. 145)

'n Mens sou verwag dat die teks hier eindig: Sjakkie is op die pad na kapitalistiese akkumulاسie en die teks het die menslikheid en dus aanvaarbaarheid van 'n humane kapitalisme bewys, en die pad na 'n tevrede proletariaat. Maar direk na die vorige passasie - dus doelbewus so deur die teks gewil - volg dié mededeling:

'Sy hoes opeens, heftig en droog. Hy voel sy begin sweet van benoudheid. Hy is nie gerus daarvoor nie. Dis nou al die hele winter. Dis natuurlik daarvoor dat sy so sleg lyk die laaste tyd ...' (bl. 145)

Sanna het toring. Waarom hierdie terugslag wanneer alles begin goed gaan? Nou kan geld nie help nie en vader Portjee gaan praat met die magistraat. Sanna kry plek in 'n sanatorium en die magistraat vra uit oor die lewensomstandighede van die armes, en belowe uitkoms. Die owerheid belowe uitkoms. Soos vader Portjee se gesag oor sy seun gemoedelik en goed is, net so is die magistraat teenoor vader Portjee: 'n belangstellende, besorgde, hulpvaardige, goeie gesag. As die gesag goed is, is dit aanvaarbaar, impliseer die teks. En aanvaarding van gesag is aanvaarding van die orde; en dit is: hiërargie, klas, ryk en arm, die verdeling van arbeid. As jy proletariaat is moet dit so wees; jy kan strew tot iets hoër deur harde arbeid, maar ootmoedig moet jy bly en weet van jou meerderes. Jy is nie gedestineer om bo uit te kom nie - net om gelukkig te leef binne die perke wat die orde, die kapitalistiese orde, daarstel. Die orde kapitalis-werker mag jy nie bevraagteken nie; dit is goed, net soos gesag goed is. Die teks het dit duidelik gewys in die lewens van die mense wat hy geskep het: as jy nie wil werk

nie, gebeur met jou wat met Japie Coetzee en familie gebeur het; as jy die orde en gesag beveg, gebeur met jou wat met Faantjie Delport gebeur het.

Wie kan twyfel daaraan dat Sjakkie Portjee die regte pad gekies het?

Ek wil hierdie hoofstuk afsluit met dié brief uit die novelle *Sonneskyn en Chevrolet*:

‘Sonneskyn en Chevrolet
27 April 1979

Beste Faantjie Delport,

Jy is nou al amper dood, want niemand lees meer *Die Ontferdes* nie, dit word seker haas nie meer herdruk nie, maar nogtans wil ek jou vertel dat jy tot my gespreek het.

Miskien gaan jy nie so ingenome wees met my brief nie. Ek het weinig goeie nuus, hier in die Republiek van Suid-Afrika - ja, wil jy glo, hulle noem dit deesdae 'n Republiek - in 1979.

“Die werkers van die wêreld sal hulle verénig!” het jy gesê. Helaas, Faantjie, ons wag nog daarvoor. Trouens, dit klink seker vreemd daar in jou tyd, maar deesdae is ons nie meer seker presies wat 'n werker is nie. Die ou onderskeid tussen produseerder en eienaar het verval. Die werkers van Noord-Amerika, Brittanje, Wes-Duitsland, die hele Wes-Europa, is tans meer burgerlik as die burglary. Die voorspelde verarming van die werkersklas het toe nooit plaasgevind nie. Die piramide het 'n ui geword. Die Westerse werker het 'n welaf en welvarende man geword, vergeleke met die kreperende massas van die Derde Wêreld.

En soos die arbeiders van die Weste geredelik hul plek ingeneem het aan die gedekte tafel van die burglary, die verbruikerskultuur aangeneem het, die kleinburgerlike bewussyn verinnerlik het, so het ons wit werkers insgelyks die kleinburgerlike opsie aangegryp. Natuurlik gedeeltelik onder dwang van die nodige indoktrinasië-optredes, onderdrukking van linkse denke, die grootskaalse rassehaatveldtogte deur Afrikaner-Nasionalistiese fasciste tydens die dertigerjare, manipulasie deur vakbondleiers, ensomeer. En nou is almal dolgelukkig met hul Afrikanerskap, hul oppergeskiktheid bo hul swart eweknieë, en Amerikaanse vervolgrekse op televisie.

Ek is bevrees jou spesie het uitgesterf, Faantjie. Jy het verniet jou rooi hemp gedra, jou képs van jou kop geruk en toesprake gemaak oor die “verdomde kapitaliste”. Eintlik sal ek nou nooit weet hoe jy gelyk het nie, hoeveel van jou soort daar was nie, presies hoe die dominees van die Bond en hul handlangers en natuurlik, Kapitaal, jou koudgesit het nie. Daar is maar drie weergawes van ons geskiedenis, dié van Afrikaner-Nasionalisme, dié van die pienk boerehaat-liberalisme, en die opkomende

een van Swart Bewustheid. Vir jou, en jou bedreiging vir die ideologiese mites van ons samelewing, is daar nie plek nie.

Intussen maak ons gereed vir oorlog. Ons heersers raak histories oor “die totale aanslag jeens Suid-Afrika” en sweep al wat wit is op om die laaste staan te staan. Maar, soosjy wel weet, Faantjie, is geweld nie vreemd aan ons samelewing nie. Dit wil bloot voorkom asof dit tans besig is om toe te neem, noudat soveel van die swart jeug die land verlaat vir opleiding as guerillas.

Geweld en teengeweld. Verder is daar nie veel waarvan ek kan berig nie. Net, ek dink ons is nou dommer as in jou tyd. Die ideologie het sterker en verreikender geword. Die media, verpligte skoolopleiding, maatskaplike verburokatisering, het groter beheer oor ons denke gebring.

Van een karakter tot 'n ander,
en met wedersydse groete,

Die Intellektueel. (Kursivering oorspronklik)⁸⁾.

8) Dan Roodt, *Sonneskyn en Chevrolet*, Taurus, 1980.

Hoofstuk 6

Om te sterwe

Om te sterwe (1976) verskyn chronologies ná **Na die geliefde land** (1972), alhoewel dit wat die polities-historiese situasie in Suid-Afrika betref eintlik 'n tyd vóór die ‘apokalips’ van laasgenoemde reflekteer. 'n Mens sou waarskynlik insiggewende dialekties-historiese argumente kon maak met betrekking tot tyd van produksie van die twee tekste, maar vir die doel van hierdie beskouing wil ek eerder begin by André P. Brink se ontvangs van **Om te sterwe**, spesifiek die volgende:

‘T.o.v. konsepie staan dit die naaste aan **By fakkellig**: as voorstelling van 'n beleërde samelewing wat sy houvas begin verloor...Maar t.o.v. gebeure op die oppervlak staan dit welig die naaste aan **Na die geliefde land**: dáár had ons 'n blik op 'n (min of meer verre) toekoms, êrens “ná die revolusie” in Suid-Afrika, waardeur die Afrikaanse figure in die roman teruggedompel word in atavistiese reaksies; hier, in **Om te sterwe**, lê die “toekoms”, wat die roman se hede is, veel nader en is dit veel herkenbaarder (uit Angola, uit Rhodesië, uit Namibië). In 'n sin skep dit dan vir die skrywer 'n groter probleem: want waar die leser hom in **Na die geliefde land** geheel en al móés verlaat op die skrywer se voorstelling van die situasie as verbeeldingsgreep (dit is die **a priori** van die roman: daarsonder verval alles), is daar vir die huidige roman analoë werklikheidsituasies waaraan die leser sy reaksies kan toets, sodat die eis van “waarskynlikheid” dienooreenkomstig groei. En onder die buiteliterêre faktore wat op die leser inwerk, tel onvermydelik die feit dat die geweldige gebeurtenisse in Suider- en Suid-Afrika in 'n sin eintlik alreeds die geleidelike oorkantelingsproses van Schoeman se roman verbýgesteek het: as 'n prognoseroman”, as “profetiese roman”, moet hy daarmee by voorbaat al iets inboet.’¹⁾

Sake wat hy hier aanroer soos ‘beleërde samelewing’ hou verband met wat navorsers oor militarisering in Suid-Afrika later sal noem die ‘garrison state’²⁾, en latere romans soos **Blaaskans** van John Miles en **Die laaste Sondag** van Elsa Joubert sou hierdie beleërdheid verder gebruik. Die frase ‘na die revolusie’ sal in die bespreking van **Na die geliefde land** te berde gebring word. Na aaneleiding

- 1) **Tweede voorlopige Rapport**, Human en Rousseau, Kaapstad, Pretoria, Johannesburg, 1980, bls. 74-75.
- 2) Philip H. Frankel, **Pretoria's Praetorians**, Civil-military relations in South Africa, Cambridge University Press, Cambridge, 1984, veral die hoofstuk ‘The rise of the garrison state and the development of total strategy.’

van die ‘analoë werklikheidsituasies waaraan die leser sy reaksie kan toets’, en die latere beswaar oor die ‘suggestiewe waarde van vae, algemene verwysings’ in Brink se bespreking - wat J.C. Kannemeyer ook met ‘vaagheid en onbeantwoorde vrae’ bevestig³⁾ - sou mens natuurlik kon wys op die werking van die ideologiese diskoerse: die interpellatiewe, die feit dat die Afrikaanse leser situasies herken, dat dit binne sy/haar se ideologiese bewussyn is, en daarom hoef alles nie presies uitgespel te word nie. Interpellasie kan dan in 'n geval soos hierdie 'n ontduiking wees van die materiële omstandighede wat lei tot situasies soos in die roman gegee; interpellatiewe verswyging wat op die samewerking - natuurlik onbewus van hom/haar - van die leser steun. Maar wát as die leser begin sê: sê my, spel dit uit, ek wil nie meer kodes lees nie, maar die materiële werklikheid?

Dit beteken natuurlik nie dat Schoeman onbewus was van sekere, aan elke middelklas-Afrikaner bekende, situasies nie; maar dat kritici uit daardie stand soms net nie noukeurig genoeg gelees het hoe hy wél met 'n materiële basis sy roman begin het nie. Die eerste sin lees so:

Daar het vanoggend weer soldate met die grootpad verbygekom: hulle het verbygery en nie by die plaas stilgehou nie, maar alles het rusteloos en 'n bietjie beangs geword en die bediendes het gedemp saam gepraat in die kombuis⁴⁾

Die geïmpliseerde ‘verhouding’ wat hier aangesny word, is tussen die bediendes en die soldate - die res is ‘alles’. Die belangrikste reaksie is die van die bediendes; en in die eerste tien bladsye van die roman word die bediendes tien maal genoem, of figureer hulle, en verder is hulle verskyning en handeling redelik frekwent in die boek.

Ek wil beweer dat die gemiddelde Afrikaanse leser hierdie eerste paragraaf sal lees, en veral bewus sal word van die soldate en van die rusteloosheid en die beangtheid - maar dat hy/sy die bediendes nie eintlik sal raaklees nie. Dit word bevestig deur die feit dat kritici hulle ook nie eintlik raakgesien het nie: nie Brink nie, nie Kannemeyer nie, en slegs een maal Phfeiffer.⁵⁾ Bediendes sien mens net nie raak nie, hulle is net daar. En in die Afrikaanse plaasroman was daar altyd tallose bediendes, naamlose figure in die agtergrond. Buitendien: as mens raaklees met betrekking tot die bediendes sou jou reaksie kon wees: dit is die normale manier in Suid-Afrika waarop bediendes reageer op soldate of polisie. Wat dus hier staan, is in terme van ons ideologiese tekens normaal en hoef nie 'n spesifieke beklemtoning te wees nie. En selfs wanneer afdelings eindig met 'n bediende/werker is dit 'n normale afsluiting vir die plaasroman: ‘Môre moet Jakob die roosbome snoei’. (bl. 7); dis die einde van 'n gedagtestroom, 'n

3) **Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur**, II, Academica, Pretoria, Johannesburg, Kaapstad, 1983, bl. 538.

4) **Om te sterwe**, Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1976, bl. 5.

5) **Standpunte**, 139 32 (1), Febr, 1979, bls. 9-19.

punt, 'n bygedagte wat verband hou met die natuur in die voorafgaande sin: 'Die aande is nog koel, dink sy, al loop die winter einde toe.' Dis byna asof Jakob die werker en die natuur één is: figure of magte buite die besitters.

Bediendes kom in die teks hoofsaaklik op drie wyses voor: as werkers; as ontvangers van die base se oorskot/rommel/afval; en as deel van die agtergrond, décor - soos die pou op die werf: 'Sy staan op en stap oor die grasveld na die huis, verby die eensame pou, verby die bediendes met hulle emmers water op die stoep.' (bl. 8). Maar hoofsaaklik is hulle werkers wat as werkers behandel word, soos in die volgende: 'Hy bulder vir die volk...hy roep vir sy vrou...' (bl. 10). Dus duidelik binne 'n baas (besitter) en kneg (werker) verhouding. Die bediendes het meestal geen persoonlikheid nie, hulle is meestal nie mense nie - hulle is nêr bediendes. Daar is dus 'n baie duidelike verdeling van arbeid en 'n daarby gepaardgaande reïfikasie of dehumanisasie wat saamgaan met die verdeling van arbeid en die klassestruktuur.

Daar is egter verskille in die besitter-arbeid-verhouding afhangende van die familie vir wie hulle werk; en dié verskille is belangrik. Daar is drie families: Enslin-, Anna- en Martha-hulle; en dan ook die soldate (waarmee die boek begin het). Enslin staan in die teks bekend as 'Enslin', en sy vrou 'mevrouw Enslin', waardeur hulle 'n afstand of deftigheid, of klas gegee word wat die ander nie het nie.

By die Enslin-familie is die arbeiders hiërargies in die verhouding baaswerker; hulle is werkvolk (bl. 12) wat in strooise woon, hulle ontvang gedurig opdragte wat geskreeu word, en hulle werk al die tyd vir Enslin (veral besig om af te kamp). Hulle werk nie goed genoeg nie (Mevrou Enslin kla gedurig: bls. 11, 40, 47, 94). En hulle word ook gekoppel aan die terroriste: "Hierdie mense glip ongemerk binne," verklaar Enslin, "en die volk gee hulle onderdak en help hulle..." (bl. 40). Daar word egter nooit 'n kousale verband gelê tussen 'hierdie mense' en die bediendes nie. Gaandeweg raak mens egter bewus van 'n verskil tussen baas en kneg wat méer is as net 'n baas-kneg-verskil, wat selfs 'n mate van antagonisme openbaar. Vergelyk die volgende passasie:

'Die gate vir die pale is gegrawe en die beton word gemeng en gegiet Enslin blaf ononderbroke opdragte uit en die werkvolk staan in groepies saam en gesels wanneer sy oog nie op hulle is nie, onwillig en ongeïnteresseerd. Onder die peerboom staan Linda in die sonskyn en wag op haar moeder, en sien dan die voertuig in die pad aankom.

"Pappie," sê sy, "daar kom mense."

Hy is besig om vir die werkvolk te beduie waarheen hulle die bondel ysterpale moet verplaas en kyk nie op nie. "Ek het nie nou tyd nie," mompel hy en buk om hulle te help.

"Dit lyk vir my soos soldate," sê sy terwyl sy terugstap na die huis om uit die mans se pad te kom. Op die stoep bly sy egter staan en sien die leërvoertuig met krassende remme tot stilstand ruk en haar vader wat die aanvoerder tegemoet gaan en met hom in die rigting van sy kantoor verdwyn. Die

jong manskappe staan op die werf rond in hul kakie-uniforms, en die werksmense het hulle op 'n afstand teruggetrek om die besoekers waar te neem. Die soldate staar terug en praat met harde stemme onder mekaar, haal hulle helms af en leun hul gewere teen die voertuig aan. Dan haal een van hulle 'n bal te voorskyn en hulle begin dit met gekunstelde ongeërgdheid oor die werf rondskop. Die werksmense draai weg en begin gedemp onder mekaar gesels'. (bl. 64-65).

In die verhouding wat hier - op 'n afstand (soos Linda waarneem) - gesuggereer word, is daar die geïmpliseerde afsydigheid van Linda teenoor die werkers, en aanvanklik ook teenoor die soldate, die baas-werker-houding van Enslin, en hulle geïmpliseerde vyandigheid teenoor hom; die gesuspendeerde antagonisme tussen soldate en werksmense, en die doelbewuste afkerende houding van die werkers. Die gemene deler van hierdie gedempte spel van houdings en verhoudings is dié van twee 'kampe', Linda en die soldate teenoor die werksmense; nie direk in die verhouding van vyande tot mekaar nie, maar eerder binne 'n verhouding van klas: besitter teenoor werker. Dis van kardinale belang dat mens hierdie boek met die konsep van klas as deel van jou bewussyn lees, alhoewel klas miskien vir die skrywer ook nog hier as 'n stilte, 'n verdringing, 'n 'containment'⁶⁾, bestaan.

In die geval van die verhouding van Anna tot die bediendes. Sy hou toesig oor hulle ("“Ek weet nie hoe jy jou meide so sonder toesig kan laat werk nie”", bl. 26); en by haar is hulle altyd aan't skoonmaak, altyd op hulle knieë, of werkers in die agtergrond, of deel van die agtergrond. En sy vertrou hulle ook nie ('Dan neem sy mevrou Enslin effens opsy. "Hou bietjie 'n ogie op haar, Ellie," sê sy sag, "ek vertrou haar glad nie"' bl. 100). Sy word dan ook later deel van die militêre mag, net soos Enslin met sy afkampery deel daarvan is.

Teenoor die genoemde twee families word die werker-werknemer-verhouding in Martha se huis nie so sterk beklemtoon nie. Martha dink uiters soms wat hulle 'moet' of 'hoort' te doen. En geleidelik begin haar bediendes - wat name het en reageer op dinge, en selfs praat en menslik voorkom -, geleidelik begin hulle hulle voorafbepaalde, ingedeelde arbeid te oorskry; die spesifisiteit van werkindeling vervaag - en daarmee saam dan uiteindelik ook die reïfikasie en fragmentasie wat die lot van die werker binne die kapitalistiese opset is. Alhoewel die bediendes aanvanklik randfigure is, verskerp die fokus afwisselend op hulle en sien mens hulle raak as mense.

Martha se verhouding tot haar bediendes is human - liberaal - en die teenoorgestelde van die ander wit karakters s'n, selfs 'n omsetting daarvan: sy vra raad, sy soek advies by hulle, sy beheer hulle nie deur haar posisie as deel van die heersers- of besittersklas nie. Alhoewel haar verhouding tot die bediendes nog binne 'n feodale, of vroeg-kapitalistiese, sosiale formasie staan, nl. gebaseer

6) Vgl. William C. Dowling, **Jameson, Althusser, Marx**, an introduction to the Political Unconscious, Methuen, London, 1984, die hoofstuk 'Strategies of Containment'.

op arbeid as norm vir die beoordeling en behandeling van 'n werker (vgl. bl. 69: “‘Jakob het jare lank hier gewerk, hy't met Hendrik se pa grootgeword. Hoe sou hy dan nie betroubaar wees nie?’”), en 'n verhouding waarin geskenke - van ou klere ens. - as gebaar patroniserende betekenis het (bl. 52: ‘Sy knik bemoedigend. En is daar nie nog êrens 'n ou serp van Hendrik nie? wonder sy’); al is dit ook kenmerke van haar verhoudings, is daar tog 'n interessante, wedersyds uitsluitende, parallelisme hier aan die gang: terwyl haar bediendes die huishouding oorneem (bl. 22), is sy besig om haar te onttrek van haar besittings, minder en minder daarvoor om te gee. Sou mens gedwing word om daaruit 'n soort diskoers af te lei van: die geleidelike opheffing van die arbeidsverdeling kan gepaard gaan met die geleidelike afstand doen, aliënasië van besittings en van die wêreld van die besitter? Emily - Martha se bediende - onttrek haar ná Hendrik se dood (bl. 92), en haar ontrekking is eintlik 'n aanduiding van die ineenstorting van 'n arbeidsverhouding wat saamhang met die aanvang van die ineenstorting van 'n ideologiese opset, of 'n spesifieke sosiale formasie, of selfs sinoniem is daarmee. Nie lank daarna nie kom die totale ontrekking:

‘Emily het nie gekom nie, en vir die eerste keer dat sy onthou, is daar niemand in die kombuis om die stoof aan te steek, koffie te maak en die tafel te dek vir ontbyt nie. Die huis wag verbaas, en dit is stil in die skemerige kamers waar niemand die godyne kom ooptrek nie’ (bl. 107).

En direk daarna word die arbeiders deur die soldate weggeneem.

In die lig van arbeidsverhoudings, besittings en die signifikansie van 'n militêre ingryp sou mens voorlopig die afleiding kon maak: die ineenstorting van arbeidsverhoudings, die vervreemding van besittings kan lei tot militêre optrede. En ten opsigte van militarisasie en die werker binne 'n klasseverhouding is dié handeling van die bediende, Maria, opvallend:

“‘Gaan roep solank die soldate, Maria,’ sê sy. ‘Hulle't net opgestap boord toe om lemoene te gaan pluk.’” Maria beweeg egter nie, roerloos op haar knieë by die deur.

“‘Maria is bang vir die soldate,’ sê Emily.

“‘Vir die soldate?’ vra Martha verbaas, “‘Moenie verspot wees nie, Maria, dis dan kleinbaas Eloff en sy maats, hulle sal niks vir jou maak nie.’” Die twee vroue bly egter roerloos oorkant haar, en dan gee sy toe. “‘Vat die skinkbord voorstoep toe, Maria,’ sê sy, “‘dan sal ek hulle gaan roep,’” (bl. 37).

Vir Martha is die soldate eintlik nog siviël (dus van dieselfde klas as sy), maar vir die bediendes is die siviele getransformeer tot die militêre, en hulle potensiële vyand omdat hulle - by wyse van interpellasie - die vyand van die ‘base’, die besittersklas is. Die militêre tree dan op in diens van die besittersklas, en deur die verwydering van die arbeiders verwyder hulle die konflik; maar sonder werkers

word 'n niemandsland geskep, is daar geen plase meer nie, word die idilliese bestaan ondermyn.

Dit bring mens dan by dié ideologieem⁷⁾: 'n versteuring van die klasseverhouding deur die afbreek van die verdeling van arbeid, en deur die groeiende bedreiging van die werkers vir die besitter, kan lei tot militêre oorname, en tot uiteindelijke vernietiging van die wyse van produksie. Die einde is fundamenteel:

‘Uiteindelik ná al die jare is sy vry, onthef van alle verpligtings, sonder gesin of bediendes na wie sy moet omsien...’ (bl. 126)

Maar dán word sy één met die natuur en in 'n sin gedehumaniseerd. Dit is dan ook lente: ‘... deurdringende lentreëen, die eerste van die seisoen, en sy weet dat alle spore uitgewis is’ (bl. 126) en daar is die moontlikheid van verlossing aan die einde. As dit egter die alternatief is tot die bestaan van klas, dan is hier weer 'n stilte; want dan staan hier: dit is noodsaaklik dat klas bestaan, want daarsonder volg die uitwissing van die wyse van produksie en 'n terugkeer tot die natuur (Dié situasie is vergelykbaar met **Na die geliefde land**: daar bestaan geen klas meer nie, maar die gemeenskap is agterlik).

'n Mens sou materialisties en dialekties verder kon lees. Daar is 'n kousale verband tussen wat hier gebeur en die rol van die bediendes: dit is doodgewoon - tot op 'n afgekeerde punt - deel van die proses van historiese materialisme, al word dit nie eksplisiet so uitgespel nie. Maar die karakters besef dit nêrens nie, nie eens Martha nie want sy tree nog op binne die besitter-arbeider-verhouding teenoor Jakob en Emily. Die enigste karakter wat dit waarskynlik besef, is Ernst wat veg vir die terroriste. Maar Ernst is afwesig. Die oorspronlike Hegeliaanse dialektiek benodig 'n tese en antitese vir die uiteindelijke sintese. Indien mens die realiteit van die historiese materialisme in die teks sou kon insien as sintese, die spesifieke wyse van produksie wat daartoe gelei het as tese, sou Ernst dan nie - hy wat aan die besittersklas die ‘anderkant van die saak’ tuis behoort te bring - sou sy rol dan nie antitiesies kon wees nie? Maar omdat hy nie teenwoordig is nie, is die dialektiese proses nie voltooi nie.

Die afwesigheid van die teenpool, die afgekeerde retoriek veroorsaak die vaagheid, idealisme, eksplisiete nie-materialistiese van die roman - dat die teks ‘vreemd’ is vir die werklikheid, dat dit geen ‘counsel’⁸⁾ kan geen nie. Soos Martha vreemd is vir haar omgewing, en meer en meer vervreemd raak, so vervreemd is die skrywer van sy karakters en wat met hulle gebeur. Want basies werk hy hier nie met mense nie, maar ideologiese tekens, ideologeme. 'n Teken is 'n veilige middel ter verwydering van die werklikheid van bloed en vernietiging.

7) Die oorsprong en betekenis van dié konsep word later in hierdie hoofstuk bespreek.

8) Vgl. Walter Benjamin, **Illuminations**. Edited and with an Introduction by Hannah Arendt, Fontana/Collins, Suffolk, 1982: ‘... the storyteller joins the ranks of the teachers and sages. He has counsel - not for a few situations, as the proverb does, but for many, like the sage’, bl. 108; en: ‘What draws the reader to the novel is the hope of warming his shivering life with a death he reads about.’ bl. 101.

Verwyderingsstrategieë

Net so min as wat die karakters van oorsaak en gevolg en die klassekonflik weet, net so min weet hulle van wat om hulle - of op die 'grens' - gebeur. As mens nagaan hoe na die werklike oorlog verwys word, kry jy die volgende: 'n wilde besigheid', 'hierdie gelol', 'dit begin ernstig word', 'hierdie besigheid', 'hierdie moeilikhede', 'al hierdie dinge', 'hierdie voorvalle op die grens laasweek'; hulle **hoor oor die radio**, dit word gesê dat dit oorlog is (bl. 64).⁹⁾ Dan verander sake effens wanneer oom Hendrik sterf, in dié sin dat iets gebeur - maar sy dood is slegs 'n gevolg waarvan die oorsaak onduidelik is; en uiteindelik weet almal dat iets gaan gebeur - maar nie wát en wáárom nie. Hier is dan weer die situasie van karakters wat in vaagheid leef, terwyl die leser eintlik net vermoed wat gebeur - omdat die leser die ideologiese tekens van interregnum-Suid-Afrika ken. Oorlog, opstand en die grens is ideologiese tekens waarbinne Schoeman skryf, en omdat hy interpellatief werk hoef hy nie spesifiek te wees nie, kan hy 'verwyderd' skryf: hy doen 'n beroep op ons kennis van ons situasie om mede-bepalend by sy teks te wees. En hierdie interpellasie is dan ook sy kortpad-tegniek, hy hoef dus nie aandagte gee aan die materiële omstandighede, dus aan die wérklike redes vir die ontstaan van revolusionêre omverwerpings nie.

Om te sterwe, is dan ook eintlik om af te sterwe van jou materiële omstandighede. Dié kerngedagte is saamgevat in die woorde van oom Hendrik:

'Dis nie wat óm jou gebeur wat belangrik is nie, dis wat binne-in jou gebeur, in jou hart en jou siel en jou verstand' (bl. 29).

Dit is 'n bevestiging van die ideële bo die materiële, en hou verband met die verwyderings- of onttrekkingstrategieë van die teks.

Martha sê dat sy van alles begin afsterf (bl. 21), Hendrik hou hom net besig met sy boeke oor die verlede; hulle sterf dus eintlik ook van mekaar af en onttrek hulle meer en meer van die werklikheid. Martha ervaar gevoelens van vervreemding tussen mense (bl. 24), sy soek na Duitse gedigte van jare gelede (bl. 35), en Linda is afgesny van die lewe. Daar word 'n draad om hulle huis gespan. Die aandag gegee aan foto's sluit ook hierby aan (bl. 19): 'n foto van die verlede, van 'n werklikheid wat verby is wat nie meer onmiddellik bestaan nie. Martha verkies om te skryf eerder as om die telefoon te gebruik. Die grot en omgewing waarheen Martha vlug, by uitstek onttrekkingsimbool, word idillies beskryf:

'Later die middag gaan sy stap, alleen soos haar gewoonte is, dwars deur die veld en teen die helling van die berg. Deur die jare het sy hierdie wandelinge altyd alleen onderneem, met net die honde wat haar

9) Die radio word eintlik 'n kode in die moderne Suid-Afrikaanse roman, 'n vae en indirekte kontak met die materiële politieke werklikheid waarvan die protagoniste gevlug het. Vgl. ook die radio in Nadine Gordimer se **July's People**.

kwispelend kom vergesel, maar vandag sien hulle haar nie van die huis weggaan nie: alleen stap sy op verby die dam, verby die spruit en met die al steiler voetpaadjie langs die ingang van die grot en oor die rotse terwyl sy aan takke en struikewas om haar op te trek. Wanneer sy bo kom, gaan sit sy op 'n rots en luister na die wind in die groot stilte. Vlak onder haar lê die plaashuis met sy buitegeboue en bome, Hendrik se rondawel, die werf; sy kyk uit oor die landerye, die wit stofpad wat voortvleg dorp toe, die bome van Smaldeel eenkant en Rietfontein anderkant, en die verdere plaashuise in die verte, donker boomkolle op die witgebleikte vlak van die veld. Hoe dikwels het sy deur die jare nie hier gekom nie, eers as ontvlugting toe sy 'n bruid was in 'n huis vol oumense, vol siekte en dood, waar die een na die ander gesterf het, en later eenvoudig omdat die plaas en hierdie uitsig en die hele wye land vir haar dierbaar geword het, die stilte, leegheid en onveranderlikheid 'n troos in elke kwelling en verdriet. Sy ken die veld en die berg, die kloue en skeure, die voetpaadjies en seldsame strome, soos selfs Hendrik hulle nooit leer ken het nie ...' (bl. 59)

Hierdie gedeelte vereis 'n bietjie meer aandag, hoort eintlik onderwerp te word aan iets soos 'n diskoersanalise, waarin ook styl as ideologiese teken of kode in ag geneem word, want hier is 'n opvallende en noukeurige stilering. Ek wys slegs op die parallelle sintaktiese patrone, die ritmiese opbou by sinne tot oomblikke van rus ('sy kyk uit...plaashuise...donker boomkolle op die witgebleikte vlak van die veld'), poëtiese herhalings ('Sy ken die veld...leer ken het nie').

Die gepoëtiseerde natuurbeskrywing, wat ook aan die einde van die boek - by die 'bevryding' - opval, idealiseer die natuur, en in daardie idealisering roep dit natuurlik op die Afrikaanse plaasroman: die mens se verhouding tot die natuur, veral tot die idilliese natuur. En betrokkenheid by die natuur beteken onttrekking van mense, en weer eens aansluiting by die ideële, vervreemding van die materialistiese. (Sedert die plaasroman sou mens die spoor kon volg van die ideële, idealistiese in die Afrikaanse roman, ten koste van die materiële, materialistiese).

Essensieel het ons hier te dien met die idee bo die materie, want selfs die vernietiging word geïdealiseer - die lente kom. Martha keer terug tot die natuur, haar onttrekking word dan ook 'n daadloosheid, sodat dié dialektiek gegenerereer kan word: onttrekking teenoor die daad. Daar is dan in die teks die daadloses teenoor die daders: Martha teenoor Anna, Linda aan die begin teenoor Linda aan die einde. Maar veral Ernst teenoor Martha, alhoewel Ernst afwesig is - en die vaagheid oor wát hy doen, sluit dan aan by die vaagheid waarin die karakters lewe. 'n Verdere afleiding te maak oor hierdie vaagheid is dat die skrywer onbetrokke by sy karakters is: hy het hom onttrek en gee aan ons net die ideologiese tekens en die ideologeme waarbinne ons moet lees - die werklike materiële omstandighede is dus nie van belang nie. Die oorsaak

daarvoor lê in wat Frederic Jameson noem ‘strategies of containment’¹⁰⁾, die verdringing of verdoeseling van die essensiele deur te veel aandag te gee aan die illusionêre. Eintlik het ons dan hier 'n mistifikasie, 'n repressie van die onderliggende kontradiksies wat die vernietiging van hierdie gemeenskap in **Om te sterwe** veroorsaak het.¹¹⁾

Ideologiese tekens

Omdat taal intiem verbonde is met ideologie, word taal - veral in die letterkunde - gebruik binne 'n ideologiese teken-sisteem. Met ander woorde objekte, verskynsels, karakters, situasies, handeling, ruimtes, dialoog in 'n teks kan dus ook ideologiese tekens wees, dus tekens wat deel uitmaak of verwys na 'n breë ideologiese struktuur.

Soos wat daar in Elsa Joubert se **Die laaste Sondag** 'n lang beskrywing is van pannekoekbak, wat mens kan lees as ritualisering van 'n spesifieke Afrikaanse kultuurbedryf. Maar deur die ritualisering word dit geïdentifiseer as ideologiese teken.¹²⁾

Ook binne die teks van Schoeman sou mens sekere ideologiese tekens kon isoleer, soos byvoorbeeld die plaas en die realisering daarvan deur dié plaasroman, die grens, die siviël-militêre, kultuurhandeling.

Oor die kodes van die plaasroman en die vernietiging van die idille is daar alreeds iets gesê. Ten opsigte van die grens is daar 'n opvallende ontwikkeling tot bewuswording. Dit word as volg gedoen: bl. 20:

‘... maar die wêreld het hierdie afgelope paar maande verander, en as jy dit nog nie agtergekom het nie, is dit tyd dat jy dit doen. Net laasweek nog is daar mense langs die grens op die pad aangeval, sommer helder oordag en vlak by hulle huis.

“Ag, Pappie, ons is dan hóé ver van die grens”.

bl. 38: “O, langs die grens,” sê sy, en neem die skinkbord op. “Wat verwag hulle dan sal hier by ons gebeur?

As hulle nie meer op die grens teen die mense kan uithou nie, gaan ons blykbaar 'n tweede front word, soos dit vir my lyk.”

bl. 51: “Maar dis 'n moeilike tyd, Mies,” sê Jakob skielik... “Daar word geveg by ons, daar is baie soldate.”

“Ja, natuurlik, julle is mos naby die grens. Ons hoor daarvan oor die radio. Hier by ons is dit deesdae ook baie bedrywig.”

10) Vgl. weer Dowling, a.w.

11) ‘The ultimate aim of a Marxist criticism remains...the isolation and dismantling of the strategies of containment embodied in literary works, the opening up of the individual text into that **hors texte** or unspoken (non-dit) ground of intolerable contradictions that it cannot acknowledge’, Dowling, a.w. bl. 84.

12) die toegewyde beskrywing van pannekoekbak word gegee op bls. 44 e.v.

bl. 64: ““Ek vertel mos heeldag vir jou dis oorlog hierdie,” sê haar man. “Dis nie net 'n kwessie van skermutselings êrens langs die grens nie, dis erns, bloedige erns. Ek wens julle wil dit in julle koppe kry.””

bl. 68: ‘Erens tussen die blou berge van die horison word daar geveg, dink sy weer. Op die stoep daardie oggend het dit alles nog so ver weg gelyk, yl en wasig soos die berge, maar nou besef sy hoe naby dit is. As kind het sy tog met haar vader saamgery wanneer hy vir sake oor die grens moet gaan; sy het haar ouers vergesel op besoeke aan die plaashuise wat nou soos vestings versterk en bewapen is teen die gevaar wat hulle bedreig, en met die plaaskinders gespeel in die gebied wat niemandsland geword het. Haar moeder het gelyk, besef sy; want daar is rede vir angs.’

Progressief kom die grens nader, tot dit 'n realiteit word in die tekste van die tagtigerjare, soos bv. Alexander Strachan se **'n Wêreld sonder grense** (1984) en Louis Krüger se **'n Basis oorkant die grens** (1984). Dit sou lonend wees om na te gaan hoe die grens ontwikkel van 'n vaagheid soos by Schoeman tot 'n realiteit soos by Strachan en Krüger, tot uiteindelik 'n kode vir die Afrikaner. Of is dit alreeds, histories, 'n kode?

Die volgende twee aanhalings plaas die kwessie van siviël-militêre verhoudings in perspektief, en gee ook die toon aan waarbinne ons dit moet verstaan - skep dus die kodes.

bl. 85: ““... en vir al die kêrels in die kamp, al die manskappe en offisiere - ons sê vir julle baie dankie, manne, dat julle so ver van die huis af gekom het en jul in gevaar stel om die lewe vir ons veilig te maak, ons waardeer dit en ons is baie dankbaar, en ons wil net vir julle sê, dons die vuilgoed op!”” (woorde uitgespreek op 'n geselligheid vir die soldate).

bl. 109: ‘Geleidelik begin die soldate se stemme deur die kamers weerklink, hul gelag en geskerts al hoe vroliker in die verlate huis.’

Die soldate word deel van die gemeenskap. Dit word as normaal gesien: daar is geen grens tussen siviël en militêr nie - ons aanvaar dit so feitlik sonder om dit agter te kom. Dit is die begin van 'n hegemoniële verhouding; die hegemonie, as instemming, in aksie.¹³⁾

Soldate wat deel het aan die vleisbraai met die bykomstighede daarvan, het deel aan 'n kulturele geleentheid - wat hulle deelname dus nog meer intiem maak. Kulturele handeling is kenmerkende kodes wat Schoeman gebruik in sy apokaliptiese romans (ook in **Na die geliefde land**); ideologiese tekens wat geassosieer behoort te word met 'n spesifieke gemeenskap, optree as identifikasie

13) ‘What we can do, for the moment, is to fix two major superstructural “levels”: the one that can be called “civil society”, that is the ensemble of organisms commonly called “private”, and that of “political society” or “the State”. These two levels correspond on the one hand to the function of “hegemony” which the dominant group exercises throughout society...’ Antonio Gramsci. **Selections from Prison Note-books**. Lawrence and Wishart, London, 1978, bl. 12.

van daardie gemeenskap, en miskien, op ironiese wyse, wil staan vir die voortsetting van 'n bo-bou, terwyl die infrastruktuur besig is om te verkrummel.

Die volgende sodanige kodes word opgeroep: die damesleeskring en die besoekende skrywer (bl. 84), die vleisbraai (bl. 85), die volkspele (bl. 87), die boereliedjies (bl. 88), die taal (bl. 114) - en dan aan die einde, Engels en die vreemdelinge wat skynbaar oorgeneem het (bl. 127). 'n Mens sou hierdie slot - met die woorde 'Who are you?' - ideologies kon lees: as aanwyser vir die verbreking van al die voorafgaande kodes, dus die vernietiging van een hegemonie.

Die ideologeem

Die konsep 'ideologeem' kom vermoedelik oorspronklik van V.N. Volosinov, **Marxism and the philosophy of Language**.¹⁴⁾ Dit word 'n bruikbare tipering binne ideologiese verband in die werk van Frederic Jameson, **The political unconscious**.¹⁵⁾ In Afrikaans het Hein Willemse die eerste bydrae gemaak tot die beskrywing van een van die ideologeme van die Suid-Afrikaanse klassediskoers. Vir hom staan die twyfelende intellektueel in enkele romans van Schoeman 'in die teken van die soeke na oplossings in die huidige Suid-Afrikaanse tydsgewrig'. Hy stel dit so:

'Die intellektueel wat wil oorleef en deur die historiese kataklisme van sy tyd wil leef, staan in diens van 'n ideologeem - oorlewing - 'n kleiner faset van die omvattende klassediskoerse'.¹⁶⁾

Die konsep word verder verhelder deur Peter John Massyn: "n Klasselangue is georganiseer rondom minimale "eenhede" of ideologeme. 'n Ideologeem word struktureel gekenmerk deur 'n tweeslagtigheid: enersyds is dit 'n begripskern wat konseptueel ontwikkel kan word tot 'n abstrakte waardesisteem in die vorm van 'n filosofiese stelsel, andersyds 'n verhaalkiem wat deur narratiewe ontwikkeling verwerk word tot 'n kollektiewe (klas-) fantasie in die vorm van 'n kulturele teks.

These ideologemes are the ideologically charged raw materials upon which ... narrative art works - seeking to articulate and work through the deeper contradictions by the complex process of erating new narrative details".¹⁷⁾

Die woord en konsep is 'n kombinasie van ideologie en foneem, waar foneem die kleinste eenheid van 'n klankstruktuur is. Alhoewel dit 'n veel vaer begrip as die linguistiese is, bring dit wel die moontlikhede van die ontleding van 'n klasse-ideologie in die kleinste betekenisvolle eenhede daarvan.

14) Seminar Press, New York and London, 1973, bl. 33.

15) Methuen, London, 1981.

16) **Die Afrikaner-intellektueel in krisis: 'n dialektiese ondersoek na 'n faset van Karel schoeman se 'Na die geliefde land' en 'Die hemeltuyn'**, M.A. Universiteit van Wes-Kaapland, 1984, bls. 8-9.

17) **Histories-Materialistiese grondslae van 'n politieke teks van André P. Brink**, M.A. Universiteit van die Witwatersrand, 1987, bl. 33

Dit lyk nuttig om dié betekeniseenheid verder te probeer benut in Afrikaanse literatuurstudies: om ideologeme te identifiseer en te probeer benoem beide as konsepte en as deel van 'n narratiewe struktuur, vgl. Jameson bl. 87-88, en:

‘As a minimal unit, the ideologeme can be developed in either of two contrary directions: the conceptual, in which case it appears in rudimentary form as a “pseudo-idea” (opinion, belief, prejudice, etc.) but can then be taken to the length of a complete philosophical system, or the narrative, in which case it appears first as a “protonarrative” (fantasy, anecdote, tale, etc.) but may then be taken to the length of a cultural narrative like a novel or epic poem.’¹⁸⁾

Die ideologem kan dan wees 'n klein betekenisdraende eenheid wat deel van 'n waarde-sisteem is, 'n filosofiese konsep, of 'n simboliese oplossing vir 'n konkrete historiese situasie wat binne kontradiksies staan.

Hendrik se preokkupasie met die geskiedenis in **Om te sterwe** en die siening van die geskiedenis, of die gebruik daarvan, in die moderne Afrikaanse prosateks lyk asof dit, ‘die geskiedenis’, as ideologem geïdentifiseer kan word (maar dit sou natuurlik verdere navorsing verg: beginnende by Jan Rabie se **Eiland voor Afrika?**).

Hier by Schoeman begin die gesprek daarvoor op bl. 33:

‘Hendrik sny sy vleis, versigtig en presies. “Die mense van daardie tyd het 'n waardestelsel gehad,” antwoord hy dan. “Daar was dinge wat vas gestaan het, dinge waaraan hulle kon glo sonder om te twyfel.”

“En teenswoordig dan nie meer nie?” vra sy ...

“Ag wat,” sê Hendrik ongeduldig, “teenswóórdig. Daar's geen gevoel vir waardes of tradisie meer nie,” voeg hy by, “geen besef van die verlede. Niks het wortels nie.” ... “Dis wat verkeerd is. Kyk nou so 'n meisie soos Linda - sy's 'n liewe kind, heeltemal intelligent, maar as ek byvoorbeeld met haar oor die geskiedenis praat, verloor sy al haar belangstelling.”

“Vandag se jongmense het waarskynlik belangriker dinge wat hulle besig hou,” merk sy op.

“Belángriker ...” begin hy verontwaardig.

“Nou ja, kyk na Eloff wat aangesluit het om te gaan veg, jonk soos hy is ...”

Hy het sy mes en vurk neergesit en van sy kos vergeet, verdiep in 'n onderwerp waarvoor hy altyd opgewonde kan raak. “Maar jy kan die verlede nie sommerso afskryf ter wille van 'n handvol terroriste nie. Om te verstaan wat vandag gebeur, moet mens juis die verlede verstaan: die voorgeslag is net soseer daarby betrokke as óns.”

“Maar dis óns wat nou uit die gesukkel moet uitkom,” sê sy ...

18) Dowling, a.w. bl. 133.

“Wat bedoel jy?” vra Hendrik effens uit die veld geslaan en kyk haar aan, sy gedagtegang onderbreek.

“’n Kennis van die verlede gaan Eloff tog nie help as iemand op hom begin skiet nie,” sê sy. “En in elk geval, as jy so redeneer, is dit ook oom Diederik se geslag wat verantwoordelik is vir al die dinge vandag waarvan jy nie hou nie, én vir hierdie oorlog ook as dit daarop neerkom.” (bl. 33).

Maar ongelukkig word die gesprek nie voltooi nie, en al wat mens moet aflei, is dat geskiedenis gesien word as stof tot idealisering, intellektualisering, of as herhaling, in die verhouding waartoe hede tot verlede staan. Die verlede figureer nie in terme van 'n dialektiek nie, dis slegs 'n teken, en ideologies omdat dit slegs met betrekking tot die Afrikaner gesien word. Daar word ingesien dat daar 'n herhaling van stryd is; maar dat die verhouding van klasse in dié stryd nou anders is (in die sin dat die vroeëre koloniseerders nou soos koloniste optree) dit is nie duidelik nie. Die ideologem geskiedenis-wat-herhaal-word (of: die Afrikaner se geskiedenis is die oorsaak van wat nou met hom gebeur) verkry nie volle narratiewe realisering nie omdat geskiedenis nie in terme van klas en produksieverhoudings gesien word nie, die herhaling-van-die-geskiedenis ideologem is 'n verdoeseling van die werklike redes. Dus weer 'n 'containment' of 'evasion': 'a way of achieving coherence by shutting out the truth about History'.¹⁹⁾

Omdat **Om te sterwe** binne 'n ideologie geskryf is wat slegs kan voortbestaan deur die handhawing van klas en klasseverskil, binne 'n bourgeois ideologie, daarom kan die teks nie deurbreek en die werklik onafwendbare van die geskiedenis gee nie, nl. die vernietiging van klas. Alhoewel die teks 'n vermoede openbaar dat die kontradiksie van die klasseverhouding besitter-werker die oorsaak van die vernietiging van idilles is, bly dit 'n vae, ideële struktuur wat 'n versoening met die materialistiese onmoontlik maak.

19) Dowling, a.w. bl. 77.

Hoofstuk 7

Na die Geliefde Land

Op die eerste bladsy van Schoeman se **Na die geliefde land** behoort die volgende frases opvallend te wees: ‘Wie is jy?’ ‘Ek soek die pad...’ ‘Wie is jy?’ ‘Waar kom jy vandaan...?’ ‘Ek kom van oorsee’ ‘... ek het blykbaar by een of ander afdraaipad verbygery’ ‘Is jy Anna Neethling se seun?’¹⁾

Die bedoeling is duidelik: hier is 'n vreemdeling van oorsee, wat 'n ‘wagwoord’ sê, wat 'n ‘kenteken’ het, ‘hierdie oorgeërfde gelaatstrekke’, wat dus homself moet **identifiseer**, of **geïdentifiseer** moet word deur die mense by wie hy hom bevind. Hy stel homself hier nooit by name voor nie, niemand vra hier sy naam nie; hy word slegs geïdentifiseer in terme van ander (Anna, oom George, Lottie Neethling, Rietvlei). Hy bestaan dus slegs **in verhouding tot ander**, in verhouding tot die Hattings. Hy het geen identiteit van sy eie nie - ook nie eintlik in Europa waar hy vandaan kom nie, want daar het hy slegs in verhouding tot sy moeder bestaan (van sy lewe daar sê hy min - maar ons sal later weer daarvoor iets te sê hê). Dit is dus moontlik om te sê dat hy op soek na 'n identiteit is, op soek na 'n verhouding tot iets of iemand, 'n groep mense wat aan hom daardie identiteit sal kan gee. Anders gestel: hy is op soek na **herkenning** (of in terme van die formulering rondom die konsep ideologie, Louis Althusser se konsep **interpellasie**).

Met die hoofkarakter se ontmoeting met die Hattings neem hy die volgende waar en hoor hy die volgende:

‘In die vaal elektriese lig sien hy drie jong mans vlak voor hom, eenders in dieselfde kakieklere...’

“‘Ons lewe hier eenvoudig,’...‘Jy sal wel gewoon wees aan ander dinge oorsee.’”

‘Daar is stywe pap en gekookte boontjies...Die tafel is bedek met 'n geblomde seildoekkleed...en die borde pas nie bymekaar nie, die meeste met happe of krake. Aan hóm as gas is daar blykbaar spesiales borde gegee, oorblyfsels van 'n vergane servies met 'n goue rand.’ (L.W. die tafel is **bedek**, nie **gedek** nie).

En dan, ‘...(hy) word skielik oorweldig deur onbeskryflike moegheid ná die lang reis en afkeer van hierdie swygende mense in hulle vuil klere, die kos, die sleg verligte kamer, en die vreemdheid en onverwagte armoedigheid van alle dinge.’ (bl. 7)

1) Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1972.

Reg deur die boek word ons attent gemaak op die lewensomstandighede van die mense waar George besoek aflê. Let op die volgende bladsye: 21: ‘die liggaamsreuk van iemand wat op die land werk’; 34: ‘die ouderwetse ledekant, die wastafel met gekraakte marmarblad...’; 51: ‘Sy lyk soos 'n seun in haar werkklere...’; 52: ‘... en nou kom jy goedgunstiglik kyk hoe dit gaan met ons wat agtergebly het, jy met jou duur klere...’ 58: ‘Skielik verloor George sy humeur oor die gestrompel in die donker gang...die skelheid van tant Miemie se stem, Bettie se opdringerige heupe...’; 87: ‘Maar jy kyk tog op ons neer,... armoedige boere wat hier in 'n uithoek sit met hulle skape en hul mielies en probeer om aan die lewe te bly...’ 101: ‘George sien 'n middeljarige man met 'n uitgerafelde snorretjie, 'n vrou met rooigemaakte wange, en drie opgeskote meisies wat hulle skamerig en giggelend terughou...’; 102: ‘Die vrou wat binnekom...Bo-op daardie geweldige romp lyk die kop byna belaglik met die helder oë...’ 121: ‘Ons lewe hier is 'n ernstige saak...ons moet veg vir ons bestaan. Daar is nie tyd vir nuttelose dinge nie.’ 129: ‘Die boordjie is gerafel langs die rand,...en die kraag van die baadjie vetterig verkleur, en hy voel skielik moeg en teensinnig, sodat hy gaan sit sonder om verskoning te maak’; 151: ““Ons praat 'n ander taal,...al klink die woorde ook dieselfde...””.

Aangesien alle ervarings en alle waarnemings vanuit die oogpunt van George, die waarnemer/verteller, is, kan mens sy instelling teenoor die mense van die wyse waarop hy hulle beskryf, aflei. Dit is duidelik dat hy nie besonder positief teenoor hulle voel nie, dat hy hom eintlik op 'n afstand van hulle voel, dat hy hulle eintlik **effens benede** hom sien. En die skrywer is medepligtig aan hierdie gevoel: dit word die duidelikste geopenbaar met betrekking tot die gedigte waaruit daar so kwistig aangehaal word (bl. 121-123). Hierdie gedigte is deur Schoeman self geskryf, doelbewus swak.

Ons het duidelik te doen met 'n klasse-afstand hier. Die konsep ‘klas’ kan as volg gekwalifiseer word:

‘... classes are obviously not sums of individuals...it is impossible to make a class by adding individuals together on whatever scale. Classes are **functions of the process of production as a whole**. They are not its subjects, on the contrary, they are determined by its form.’²⁾

Dit bring mens dan by die kwessie van produksie, van produksiemagte en produksieverhoudings, by die feit dat 'n maatskappy bestaan vanweë die produksieproses - waaruit dan ook die geskiedenis kom:

‘The growth of human power is the central process of history. The need for that growth explains why there is history. “Men have history because they must produce their life”’.³⁾

2) Louis Althusser, **Reading Capital**, Verso, London, 1983, bl. 267.

3) G.A. Cohen, **Karl Marx's Theory of History**, a defence. Oxford University Press, Oxford, 1978, bl. 23.

Hierdie produksie van lewe, wat deel van die proses van die geskiedenis is, bepaal dan uiteindelik watter klasseverhoudings daar tussen mense sal bestaan - indien daar sodanige klasseverhoudings is - en dié verhoudings binne 'n kapitalistiese maatskappy word bepaal deur die plek van die mens binne die netwerk van besitsverhouding.⁴⁾

In **Na die geliefde land** produseer die skrywer drie maatskappye: 'n idilliese bestaan in die verlede, wat vervang is deur 'n armoedige en agterlike bestaan in die hede, en aan die periferie 'n buitelandse bestaan. Deur George se koms na die geliefde land word die maatskappy van die verlede **herproduseer, of gereproduseer**. Die implikasie van hierdie reproduksie is dat die huidige maatskappy (in die teks) onbevredigend is (dis as mens dialekties redeneer); maar daardie reproduksie is ideëel, die huidige is die werklik-materiële. George se koms aktiveer feitlik letterlik Althusser se siening van ideologie as ‘A “representation” of the Imaginary relationship of individuals to their real conditions of existence.’ Representasie = reproduksie; en die maatskappy van die verlede - wat verby is - is die verbeelde, wat as 't ware dubbel verbeel word, aangesien dit nog in die fiktiewe romanvorm voorkom.

Ons het dus hier: klas, wat saamhang met produksieverhoudings, ideologie, wat saamhang met bestaansomstandighede, geskiedenis, wat as verlede fungeer; en drie produksies (reproduksie) van sodanige bestaansomstandighede (‘conditions of existence’). Daarby impliseer klas en ideologie, konvensioneel Marxisties gesien, natuurlik die aanwesigheid van kapitalisme. Maar die eerste taak is om dié drie maatskappye te identifiseer - dus te her-reproduseer (dit is die taak van die leser: sy/hy moet dus reproduseer wat alreeds in die teks geproduseer en gereproduseer is).

Die maatskappy/gemeenskap wat in die hede van die boek figureer is eenvoudig, armoedig, met brood en koffie vir middagete en pap en boontjies vir aandete; met harde en droë beskuit en koppies net half geskink; en selfgedraaide sigarette, waar vroue ouderwetse tabberds dra en die mense redelik vraatsig te kere gaan wanneer hulle per geleentheid by mekaar kom om skaars skaapvleis en slaai te eet en te veel selfgestookte brandewyn te drink. Dis 'n gemeenskap wat alles verloor het en waar die dae bestaan uit harde werk op die plaas, vroeg opstaan en omsien na skape en mielies en koeie en groente en aartappels koöperasie toe neem. Die mense is slordig en geïsoleerd, met min tyd vir ontspanning of gesellige saam verkeer. Die weer is meestal tries en herfserig, die paaie sleg, tuine en landerye verwaarloos en huise vernietig; die kamers in huise kil en troosteloos, met portrette van voorvaders en nie oral ligte in huise nie; waar ouer mense die dinge van die verlede koester, of in die verlede leef en die hede ontken. Die boere is - skynbaar - weggedryf vanaf die stede waar hulle eers gewoon het; hulle is ontmens en leef - skynbaar - onder druk van 'n

4) Cohen, a.w. bl. 73.

burokrasie of 'n diktatuur, skynbaar met aanhoudings en teregstellings sonder verhoor. Dit is 'n beleërde maatskappy. Só het George dit eerste ervaar:

‘En dus het hy gekom, die eerste van die geslag wat in die vreemde grootgeword het. Hy het die gloed van die sonsondergang gesien en die skielike donker van die nag; hy het vreemde, onverklaarbare klanke in die verte gehoor. Aanplakbiljette en slagspreuke op die mure in tale wat hy nie kan verstaan nie, papier wat reeds begin lostrek en afrafel; die felheid van die son en die hitte van die dag, opgestapelde bosse vlamhelder blomme, opgestapelde massas vreemde vrugte met die ryk, soet geur van ontbinding. Hy het die ontelbare, anonieme menigtes van die bushalte en stasieperronne gesien, die kinders gehoor in hul spel, en die mans wat onder mekaar praat terwyl hulle van die werk af kom. En toe het hy hierheen gekom, na hierdie mense wat syne is, na hierdie grond wat nou aan hom behoort, hierdie aarde, klippies en gruis’. (bl. 63-64)

Dis skynbaar 'n maatskappy wat deur 'n vreemde mag vernietig is. Maar weer: skynbaar, want Schoeman werk hier met wat mens kan noem die ideologiese teken, dié teken wat sê ‘vernietiging/destruksie’ - en verder hoef hy dan nie te gaan nie, want die politiek-bewuste leser kan die interpellasie maak, kan die semiotiese snap.⁵⁾

Hierdie maatskappy het die vorige vervang. Ons moet nou daardie vorige maatskappy her-reproduseer uit die reproduksies van die ouer mense en van George. Dit het só gelyk.

Erfplase kon met geld en volk onderhou word; daar was welgestelde mense, in akademiese kringe belangrike mense, in die regte en die politiek, mense met titels. By troues was daar ministers, Weermagmense, sewehonderd gaste. Daar was vyf ‘meide’ in die huis, en nog meer as daar die dag skoongemaak word. Meisies het nooit nodig gehad om iets in die huis te doen nie, en hulle het tennis gespeel, gedans en bioskoop toe gegaan. Dit was 'n wêreld van direksiekamers, senaatsvergaderings, prestasies, onderskeidings, besittings, winste, verowerings en beleggings in die buiteland. George se ouers, in die diplomatieke diens, was hooggeplaastes; en die plaas waarna hy kom soek, het aan sy familie behoort; hy het dit van sy moeder geërf, en George is altyd deur klein Mieta opgepas wanneer hulle plaas toe gekom het. Hulle was besitters - en George het ook nou gekom om in besit te neem wat syne is. Dit was 'n goeie tyd en die mense het 'n beter lewe geken. Hulle het onthaal, talle skape geslag vir vleisbraai, waar Ministers by was, die burgemeester en die hele stadsraad. Daar is gepraat oor geld, hotelle, bediendes, gastelyste, vakansieoorde, klere, karre. Rietvlei was 'n ware lushof: die plaashuis was groot, met baie vertrekke en groot kaggels. Selfs dié wat nie direk ingeskakel was by die kapitalistiese hegemonie nie, kon goed leef, het 'n goeie huis in die stad gehad, was owerstes oor dertig ‘kaffers’.

5) Vgl. hier Elize Botha, **Die Afrikaanse Letterkunde sedert Sestig**, Nasou Beperk 1980, bl. 536. Hier word wel 'n soort orde in die maatskappy gesien.

Alles dui dus op 'n maatskappy wat met grasia en met gemak geleeft het (vgl. N P van Wyk Louw se gedig 'Nuusberigte' in **Tristia**), en in weelde. 'n Kapitalistiese maatskappy met 'n besitters- en 'n proletariaatklas. Diegene van die besittersklas wat hierdie wêreld moes verlaat kon toe in Europa iets soortgelyks **reproduseer**. Die wêreld waarin George woon, bestaan uit skilderye, etse, boeke, juwele, 'n villa net buite Lausanne, 'n Europees-verfynde atmosfeer, met besoeke aan Parys, Londen, die Italiaanse mere, die Dordogne. Opera, ballet, wyn, truffels, mooi klere, ens.

Maar omdat hulle in Europa nie werklik kon reproduseer wat hulle in Suid-Afrika gehad het nie, het hulle terugverlang - en George se moeder was daarin die hooffiguur van verlanse.

Die wyse van produksie van die vroeër, gevalle, maatskappy verskil duidelik van die produksiewyse en produksieverhouding van die huidige maatskappy in die teks. Wanneer daar gepraat word van produksie en produksieverhoudings, dan word daar gewoonlik ook gepraat van ideologie, as voorstelling, dus ook 'n reproduksie waarin 'verbeelde' en 'verhoudings' belangrike konsepte is, en waar die konsep 'klas' onafskeidbaar is. Twee aanhalings uit Louis Althusser sal die verbondenheid van die konsep ideologie met klas en produksie duidelik maak:

- a. 'It is only from the point of view of the classes, i.e. of the class struggle, that it is possible to explain the ideologies existing in a social formation.'
- b. 'For in a class society the relations of production are relations of exploitation, and therefore relations between antagonistic classes.'⁶⁾

Alhoewel ons as lesers die maatskappy van die verlede moes her-reproduseer, het ons nietemin 'n duideliker beeld/voorstelling van daardie wêreld as van die een waarin die karakters in die boek leef. Afrikaanse, eietydse, letterkundiges soos Elize Botha en J C Kannemeyer probeer ook vasstel en vra ook hoe hierdie wêreld van die hede lyk (bls. 536-537: **Die Afrikaanse Literatuur sedert Sestig**, en bl. 537: **Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur**) - en basies is albei ontevrede met die huidige realiteit van die boek.⁷⁾ Waarom is die maatskappy van die verlede dan vir ons duideliker alhoewel daar minder daarvoor gesê word? Die antwoord lê daarin dat daardie maatskappy soos ons huidige wêreld is; dit is dus herkenbaar as ons eie (en herkenbaarheid = 'n beroep doen op = interpellasie = 'n definitiewe eienskap van die ideologie, van die mens se verhouding tot sy bestaansomstandighede). Daardie wêreld is dus uiteindelik nie 'n reproduksie (in die boek) nie, maar slegs die weerspieëling van 'n bekende wyse van produksie, nl. die kapitalistiese. Daardie wêreld word geïdealiseer deur die ou mense, en deur George wat dit kom soek - m.a.w. die **verbeelde word verkies bo die werklike** bestaansomstandighede. George kan nie daardie

6) Louis Althusser, **Lenin and Philosophy**, bl. 171 and 172.

7) Vgl. Kannemeyer: 'maar in sy uitbeelding van hierdie groep Afrikaners met hul verouderde leefwyse en hulle wêreldvreemdheid in 'n krisissituasie tas Schoeman die geldigheid van sy hele voorstellingswêreld aan'.

‘verbeelde’ werklikheid vind nie, en by die ‘werklike’ kan hy nie aanpas nie - daarom moet hy terugkeer na Europa, waar lewensomstandighede bestaan wat 'n spieëlbeeld is van die produksiewyse - nl. die kapitalistiese - wat hier in Suid-Afrika in die verlede bestaan het.

Die bestaansomstandighede wat in die teks in die verlede bestaan het en geïdealiseer word, waarvan die ‘mooi dinge’ wat uitgehef is, ooreenkom met die deursneë wit, bourgeois, Afrikaanse leser se huidige bestaansomstandighede; die wêreld waarna verlang word, is duidelik die verlore ‘state of grace’, die beter wêreld. En dit was klaarblyklik 'n soort kapitalistiese hegemonie.

Waarom het hierdie wêreld verdwyn? (Botha vra dieselfde vraag: bl. 537). Om hierdie vraag te beantwoord, moet mens Schoeman se toekomsprojeksie en die leser se verhouding tot die twee maatskappye in ag neem, deduktief histories en ideologies probeer dink - want Schoeman gee weinig aanduidings van die materialistiese oorsaak van die verdwyning van daardie wêreld. Vanuit die huidige bestaansomstandighede in die teks, wat tegelyk die geprojekteerde en gesuggereerde toekomstige omstandighede vir die leser is, moet ons die redes vind. Waar is die kousaliteit? Dié soort toekomsprojeksie het al 'n ideologeem geword: die vernietiging, agteruitgang, aftakeling, verbreking van strukture, met die implikasie van 'n permanent vernietigde wêreld (vgl. J M Coetzee, **The life and times of Michael K.**, en Nadine Gordimer, **July's People**). Maar dan is dit 'n ideologeem omdat daar nie rekening gehou word met die historiese materialisme nie, of omdat dit geïgnoreer word, óf omdat dit nog nie die bewussyn van skrywers deurgedring het nie, óf omdat dit verdring word - 'n mens sou miskien sou miskien selfs kon praat van ideologie in dié geval as ‘a strategy of containment’.

Die ideologeem in hierdie teks van Karel Schoeman kom dus daarop neer: die vernietiging van 'n kapitalistiese maatskappy met sy klas en sy besitters kan net as gevolg hê 'n armoedige, agterlike, geïsoleerde, beleërde maatskappy in die hande van 'n vae diktatuur. Volgens Marx is daar vier progressiewe tydperke in die ekonomiese vorming van 'n maatskappy (en as uitgangspunt moet mens dit ook in gedagte hou: (Volgens die materialistiese siening van geskiedenis is die fundamentele determinant in die geskiedenis die produksie en reproduksie van die lewe self). Die vier eras is dan: 1. Pre-klas maatskappy (primitiewe kommunisme), 2. Pre-kapitalistiese, klassemaatskappy (feodaal), 3. Kapitalistiese, klassemaatskappy, 4. Post-klassemaatskappy (sosialisties).⁸⁾ En dis dan interessant om daarop te let dat kapitalisme die wegbereider vir sosialisme is: ‘Development of the productive forces of social labour is the historical task and justification of capital. This is the way it unconsciously creates the requirements of a higher mode of production.’⁹⁾ En ook bl. 202: ‘The violent destruction of capital not by relations external to it, but rather as a condition of its self-

8) Cohen, a.w. bl. 198.

9) **Capital**, aangehaal deur Cohen, bl. 201.

preservation (di. kapitaal moet, om voort te bestaan, gedurig in krisis verkeer) is the most striking form in which advice is given it to be gone and to make way for a higher state of social production’.

Die maatskappy van **Geliefde land** is klaarblyklik nie in ‘a higher state of social production’ nie. Die skrywer het dus nie aan historiese materialisme aandag geskenk nie - omdat hy dit sekerlik nie as belangrik of betekenisvol beskou nie. Die verlede was die ideaal en kapitalisme is die norm.

Daarteenoor is daar egter van die karakters binne die bestaansomstandighede, soos geskets in die teks, wat bereid is om daardie werklikheid te aanvaar. Carla wil nie in opstand kom teen ‘hulle’ (die diktatuur) nie, en sý wil nie weggaan (Europa toe) nie. Sy is dus in werklikheid sonder ideologie: daar is geen verbeelde, verdoeselde verhouding tussen haar en haar werklike bestaansomstandighede nie. En die skrywer, en George, is simpatiek teenoor haar: so simpatiek dat ‘hulle’ haar wil verwyder, dus binne ‘n ideologie wil laat voortbestaan. Daarom is sy verward: sy sou die tipe kon wees van die postkapitalistiese mens wat in ‘n nuwe, ander, produksiewyse kan opgaan (bl. 150: ‘Ons moet leer om in hierdie nuwe wêreld te lewe’, en: ‘Ek wil my deel bydra, nie eenkant sit en verkommer in ‘n droomwêreld nie. Ek wil iets uitrig; ek wil lewe ...’). Maar sy sou slegs in daardie wêreld kon opgaan as haar skepper (die outeur) vir haar iets van die ‘nuwe wêreld’ kan wys wat positief is, wat potensiaal het en wat die suggestie bevat dat die skrywer bewus is van die geskiedenis - al is dit slegs as ‘afwesige oorsaak’ (Althusser). Want as die ‘nuwe wêreld’ nie duidelik gesien kan word as post-revolusionêr, dus postkapitalisties, dus gedetermineer in terme van die historiese determinisme as die begin van sosialisme nie, dan het daar géén revolusie in hierdie boek plaasgevind nie (en kritici praat van ‘n revolusie: cf. Kannemeyer, bl. 535) - geen revolusie, slegs ‘n vae katastrofe, of iets soos ‘n natuurramp: ‘in any moment of history in which social cataclysm does not take place there is only, so to speak, the “not-revolution” that has never occurred. So what is visible, there for interpretation, is the way the ideological structure registers the strain of having kept it repressed’¹⁰). Dan het ons weer hier ‘n geval van verdringing.

Buiten Carla en Gerhard pas die siening van die geskiedenis deur die karakters in hierdie teks absoluut konvensioneel binne die ideologiese patroon van die Afrikaner: ‘hy moet die verlede hê as fondament waarop hy verder kan bou’ (bl. 106), die verlede word geïdealiseer in nostalgiese herinnerings: ‘... ons handjievul het ‘n ernstige, ek wil selfs sê heilige taak, om ons erfenis te handhaaf en te verdedig ...’ (113), ‘Dis belangrik dat dit nie vergeet word nie ...Soms voel ek dat dit ‘n plig is wat ek het om te sorg dat hier die dinge bewaar bly en die mense te herinner aan wat daar gebeur het’ (bl. 132). Hulle pas dan ook mooi binne die kategorie van diegene wat die hede beleef in die metafore van die verlede: ‘The tradition of all the dead generations weighs like a

10) William C. Dowling, **Jameson, Althusser, Marx**, bl. 117.

nightmare on the brain of the living. And just when they seem engaged in revolutionising themselves and things, in creating something entirely new, precisely in such epochs of revolutionary crisis they anxiously conjure up the spirits of the past to their service and borrow from them names, battle slogans and costumes in order to present the new scene of world history in this time honoured disguise and this borrowed language ... In like manner the beginner who has learnt a new language always translates it back into his mother tongue, but he has assimilated the spirit of the new language and can produce freely in it only when he moves in it without remembering the old and forgets in it his ancestral tongue'.¹¹⁾

Al hierdie eenselwige sienings van die geskiedenis word in die teks geteleskopeer binne die milieu van die ete en die samesyn; binne die muwwe, groteske wêreld van ou dinge en ou portrette en tradisionele handelinge, binne die ideologiese tekens van die ouer Afrikaner - sodat die geskiedenis self 'n ideologiese teken word. Die kontrastering tussen George en dié mense - en ons moet onthou dat George en die outeur kan vereenselwig word, én dat George die esteet is - dié kontrastering veroorsaak 'n nihilering, 'n bespotting van hulle ideologiese tekens. Impliseer dit dan dat die skrywer ook hulle siening van die geskiedenis denigreer? Tog nie, want George soek juis ook na die verlede, idealiseer ook. Hier is moontlik 'n kontradiksie wat die skrywer se geskiedenisbeeld betref. Hy gee geen alternatiewe konsepte by wyse van Carla en Gerhard nie. Albei wil dóén: Gerhard (en Carla se broer) d.m.v. 'n retrogressiewe, reaksionêre opstand ('... op loop met 'n mond vol verslete ou slagkrete ...'), en Carla deur 'n verwerping van die verlede wil iets bydra tot 'n nuwe wêreld. Maar dit gebeur aan die einde van die teks wanneer sy ook hierdie wêreld gaan verlaat. Sy én George verlaat dié wêreld. Ons weet waarheen hy gaan: terug na sy kapitalistiese bestaanswyse (sy - en die skrywer - se keuse). Maar Carla? Sy weet ook nie; sy sê net: 'Maar ek wil nie vasgevang raak in herinnerings soos al die mense hier rondom my nie, ek wil nie my hele lewe lank loop en omkyk oor my skouer nie. ek wil my deel bydra, nie eenkant sit en verkommer in 'n droomwêreldjie nie. Ek wil iets uitrig; ek wil lewe ...'

En: '... Maar ek is jonk, ek is sterk, my hande staan vir niks verkeerd nie. Solank jy net moed het en glo in wat jy doen, maak dit nie saak wat daar met jou gebeur nie. Ek is nie bang nie. Daar is niks waarvoor ek bang is nie.' (bl. 150)

Hierdie woorde van Carla moet gelees word, nie net om wát dit sê nie (dus nie net as betekenaars wat uitwys na betekendes nie), maar ook as betekenaars, tekens, want die wyse waarop dit sê, sê méér as wát dit sê. Dis gestileerde sinne, met herhalings, jukstaponerings en opposisies - dus poëties; en ook met clichés - dus leeg. Hier word dus weer geïdealiseer; hier waar Carla - die materialisties-gebondene - praat, praat sy ideëel. In die teks-wees van die teks

11) Karl Marx, **The eighteenth Brumaire of Louis Bonaparte**, uit **Karl Marx, Selected Writings**, David McLellan, Oxford University Press, Oxford, 1984, bl. 300.

word daar vir Carla kontradiksies geskep. Waarom? Omdat die teks nie die materialistiese wat so 'n veronderstelde post-revolusionêre situasie vereis, kan hanteer nie; omdat die teks nie die vermoë het om die materialistiese bo die ideële te stel nie. Want dit is 'n idealistiese teks.

Vroeg in die teks word die twee pole gestel: terwyl mevrou Hattingh praat oor die verlede, haar ‘opgedamde woorde voortstroom’ sê haar man, skielik rusteloos: ‘ek moet gaan werk’ (bl. 13); en weer wanneer George vra ‘Waar lê Rietvlei?’ beduie Hattingh, maar ‘Hy stap **al** weg na sy werk.’ Hierdie jukstaponeering stel verlede en werk in die hede teenoor mekaar, dus die idilliese en die materialistiese, met George en mevrou Hattingh (van die ou geslag, die terughunkeraars) as die beheptes met die verlede, en Hattingh as die werker in die hede. Reg deur die teks is daar sprake van 'n dialektiek tussen werklike bestaansomstandighede en die ideële, of die ideologiese, die verbeelde verhoudings tot die werklikheid. Carla epitomiseer die werklike omstandighede: haar hande (bl. 37), haar arbeid op die plaas (bl. 38), haar woorde oor die werklikheid (‘Die was 'n mooi lewe’ sê George, en sý: ‘So mooi dat dit nie eers bestand was teen die werklikheid nie, die eerste rukwind het dit uitmekaar gewaai’ - bl. 50), haar ontgroeiing van taal (woorde: ‘jy't hulle eenvoudig ontgroei; jy't geleer om woorde in daade om te sit,’ - bl. 86; en haar ‘poëtiese’ woorde aan die einde is dan nog duideliker die woorde van die outeur); die ontgroeiing van taal beteken dat daar nie meer **voorstellings** (representasies in woorde) van verhoudings tot die bestaansomstandighede gemaak kan word nie - soos ideologieë maak. En wanneer George die idille van die verlede begin onthou, wanneer hy dus begin herken (interpelleer), dan is Carla by (bl. 49). In die teks as ‘betekenaar’ sou mens die wisseling tussen die idillies-beskrywende en die nugtere prosa ook binne dié binêre opposisies kon plaas. Of die wyse waarop die teks in die volgende geval optree (bl. 61): eers 'n beskrywing van die plaaswerf: triestig, 'n werklikheid - en dán, direk daarna, dink George: ‘... die onverbiddelikheid van die werklikheid’ het te veel geword. Die materiële omstandighede, soos geïllustreer tydens die ete-saamtrek, die mense, Raubenheimer (wat die ‘idealise’ is) irriteer hom meer en meer (bl. 129); en in die foto wat hy sien vanuit die verlede, verdoesel die werklikheid die beeld (bl. 131). Die teks teken die materiële omstandighede vanuit 'n idealistiese vooroordeel. En wanneer die materiële, fisies, met geweld dáár is, kán George dit net nie heeltemal ervaar nie:

‘Voor hom sien George in vae, verre reeks gebeure, soos 'n ou rolprent wat verbyflikker, mense met rukkerige gebare en bewegende lippe waaruit daar geen klank voorkom nie.’ (bl. 140).

George bly dus; vreemdeling, die vervreemde individu (individualise) wat nie 'n egte verhouding tot die werklike bestaansomstandighede kan aangaan nie, wat afsydig sy individualiteit behou, die individualiteit wat die produk van sy Europese (veral Switserse, veral dus kapitalistiese) bestaanswyse is: ‘... the story of history for Marxism ... is the story of a fall out of collective

life and consciousness into a world of estrangement and separation and alienation. Only toward the end of that story, when the enormous power of capitalism to break human life up into ever more estranged and isolated units has begun to be felt in its full force, when all the forms of collective unity have been systematically undermined and human life shivers within the lonely monad of each isolated consciousness, does “individual identity” as such become a primary category within thought. To treat the “I”, the feeling or experience of individual identity, as a primal datum or ontological category is thus to repress or deny History itself ...¹²⁾

Vanuit die sterk suggestie van klas in hierdie teks, vanuit die konvensionele siening van die geskiedenis - en die gevolglike onverskilligheid t.o.v. die historiese determinisme - vanuit die verheffing van die idealistiese bo die materialistiese, vanuit die klaarblyklike voorkeur vir die individuele, vanuit die idealistiese aard van die teks is dit moontlik om die afleiding te maak dat mens hier hoegenaamd nie met 'n post-revolusionêre milieu te doen het nie. Daaruit sou mens 'n verdere afleiding kon maak oor die karakterisering daarvan as 'n teks vir die toekoms (Kannemeyer: ‘**Na die geliefde land** word êrens in die toekoms gesitueer wanneer 'n revolusie reeds in Suid-Afrika plaasgevind het ... bl. 535): dat dit negatief ingestel is oor verandering in Suid-Afrika, en dat dit basies 'n kontra-revolusionêre teks is.

12) Dowling, a.w. bl. 92.

Hoofstuk 8

Die Kremertartekspedisie

‘... the *scriptible* being a text so written as to make of its readers producers instead of consumers. They are *scriptible*, or “writable”, because the reader as it were rewrites them as he reads, having been induced to mimic in his own mind the process by which the Text came to be written in the first place. *Texts* are scriptible by definition; *Works* on the other hand ... are *lisible*, or “readable”. We do not re-write those, we simply read them; and read them moreover from start to finish, since Works *are* theological, they move towards an appointed end. We proceed horizontally through a Work, but vertically, if that is possible, through a Text ...’
(John Sturrock oor Roland Barthes)

Slawe was in sekere sosiale formasies in die verlede self geldvorme:

‘Die mens het dikwels van mense self in die vorm van slawe die oorspronklike geldmateriaal gemaak’.¹⁾

Alle arbeid wat 'n slaaf verrig, is onbetaalde arbeid, arbeid vir sy meester; hy doen dus geen werk vir homself nie want die eiendomsverhouding verberg die arbeid wat die slaaf vir homself doen, terwyl

‘die kapitalistiese vorm ... van die begin af die vrye loonarbeider wat sy arbeidskrag vir kapitaal verkoop, vooropstel’. (a.w. bl. 219)

Omdat arbeid hier egter nie verkoop word nie, lyk dit asof die maatskappy in hierdie teks nie kapitalisties ingestel is nie. Maar dis in werklikheid nog meer as

1) *Das Kapital*, Kritik der Politischen Ökonomie, Erstes Buch, Der produktionsprozess Des Kapital, Alfred Kröner-Verlag, Leipzig, bl. 74.

dit: nie arbeid word verkoop nie, maar die mens self. Die mens wat nie vir homself kan produseer nie, nie vir homself kan leef nie. En dus ook nie mens kan wees nie:

‘Benodig die arbeider al sy tyd om die noodsaaklike lewensmiddele te produseer vir die onderhoud van homself en sy familie, dan bly daar vir hom geen tyd oor om sonder betaling vir ander persone te werk nie. Sonder 'n gewisse produktiwiteitsgraad van arbeid is daar vir die arbeider geen beskikbare tyd nie, en sonder sodanige oorskiettyd geen surplus arbeid, en daarom geen kapitaliste, maar ook geen slawe-eienaars, geen feodale heersers - met een woord gee besittersklasse nie.’ (a.w. bl. 290)

In *Die kremertartekspedisie*²⁾ is slawe-eienaars besittersklasse wat in luukse leef, dus van hulle surplus waarde; en hulle is akkumuleerders van besittings, met ook mense as besittings of kommoditeite. Die ekspedisie waaroor dit alles gaan, na 'n verlore stad, is vanuit 'n begeerte tot meer besittings. Maar die uiteinde daarvan - in die kremertartboom - is 'n omgekeerde ekspedisie tot géén besittings. In die woord self lê die teenstelling al: ‘ekspedisie’ kom van die Latynse ‘expeditio’, wat kom van die werkwoord ‘expedio’, wat kan beteken ‘om uit te vind, te ontdek’ wat nuttig en voordelig is; maar ook: ‘om vry te maak, om los te maak’.

‘Dan met wrewel. Maar ek het my dit verbied. Dan met spot wat makliker geval, wat hom deursigtig hou en niks vir alles veil het, en ek kan soos 'n voël in 'n nes in 'n stam terugglip en na binne lag. En stil bly ook, dalk ook net stil bly om na buite te droom want die sewende sintuig is die slaap.’

Die begin van die teks bestaan uit grade van kontrastering: wrewel teenoor spot, na binne lag, na buite droom, stil bly en na buite droom, en hierdie opposisies groei aan met die verdere verloop totdat kontradiksies gemaak word:

‘Tyd het dikwels in die verlede moeilik geraak toe ek nog meer as dag en nag wou besit’. (bl. 5)

Tyd kan immers nie van die verlede, of van dag en nag geskei word nie. Verder is daar ontkenning wat uiteindelik negativerings word:

‘Soos die rooibok, nee, nie soos die rooibok en die bontkwagga nie, nie soos buffels of kuddediere van watter aard ook al nie ...’ (bl. 6);

en daar is paadjies na niks, en waar sy waar sy haar bevind is nie vir die mens bedoel nie.

‘... nie vir my bot en bloei en vrug dra nie, nie om my honger te stil nie, dat knolgewasse en veselwortels nie vir my onderaards swel nie, en nie om my te behaag drup die huilboerboom sy nektaar nie, en nie om my te laaf

2) Wilma Stockenström, *Die kremertartekspedisie*, Human en Rousseau, Kaapstad, 1981.

staan die platdoring op strategiese punte in die middel van 'n skadukol nie, en nie om my plesier te doen hang die gevlekte orgideë uit nie, nie vir my slaan beginsomer die krinkhout tente van geur op nie.' (bl. 8-9)

Waar sy haar bevind, is krale en potskerwe wat van mense was; nou háár besittings, maar rommel. Met die krale begin haar dagtekening, die meting van tyd: krale word tyd, tyd word 'n besitting; maar ook rommel, dus niks.

Haarself, maar dan ook haar medemens, sien sy afgespieël in die bobbejane; en sy haat hulle oor hulle vraatsug en inhaligheid, want dit het sy gesien by mense. Slegs wanneer sy slaap kan sy haarself ken - dus buite die konnotasies van mens-wees, wat in terme van die vorige paragraaf vraatsug is; net wanneer sy slaap is sy nodig vir haarself. Die implikasie is, as jy die teenstellende, wat nou al dialekties begin word, verder voer, die volgende: sy was altyd nodig vir iets anders, om arbeid vir ander en nooit vir haarself nie. En die kontradiksie groei: in slaap is sy haarself, want dan is sy nie arbeidend of staan sy in 'n produksieverhouding nie; maar in slaap is sy, weens die aard van slaap, ook nie volledig mens nie. Sy wás nooit mens nie - slegs kommoditeit, mens getransformeer tot waarde - en slegs in slaap is sy mens!

Op vlug vir die bobbejane - inhaliges en vrate - kom sy op die krale af; krale wat tekens is van ruilwaarde, geld, en uiteindelik kommoditeite. Die opeenvolging in die teks op bladsy 11 van 'voorwerpe', 'waarde', 'geld', is seker nie toevallig nie. En daarna praat die vrou van 'my' dinge, van 'my' besittings. Ons het dus hier eintlik iets wat lyk na die begin van 'n soort primitiewe akkumulاسie, wat in die volgende parallelisme identiteit en besitting vereenselwig: 'Ek kan sê: dis myne. Ek kan sê: dis ek' (bl. 11). My 'myne' is my 'ek', ek is my besittings. Maar die kontrastering wat die teks bou ontsien ook nie besittings nie: die krale wat sy nou het is petieterig teenoor die geskenkies wat sy voorheen gekry het om haar aantreklik te maak - om van haar 'n begeerlike besitting te maak. Omdat sy 'n besitting was, dus histories gedetermineer is, weet sy nou van die akkumulاسie van besittings; daarom moet sy nou ook vergaar. Maar die kontradiksie is dat alles wat sy nou bymekaarmaak oorblyfsels is - potskerwe, krale, koperdraad,

'armsalige versiering wat ek senuagtig aan stingels ryg en om my nek dra, verroeste koper draadringe, dik en swaar soos boeie, waarmee ek niks kan aanvang nie ...' (bl. 14)

Haar misnoeë kan sy kwalik verberg, en dié dinge wat voorheen miskien die rol van kommoditeite gehad het se funksie word nou omgekeer tot iets met net gebruikswaarde: om tyd mee te meet. So kan tyd gesien word in terme van besittings, en van besit word.

Sonder ophou, byna onverbiddelik, koppel die teks elke mededeling van die vertellende vrou aan besittings - 'want bedeel uitsluitlik met herinneringe, het ek hier aangeland' (bl. 15). *Bedeel* met herinnerings, in besit van herinnerings, herinneringe as besitting. En daardie herinnerings onthou die rede waarom sy

hier is, wat ontstaan het in die kringe van die digters, storievertellers, vooraanstaandes wat versamel het waar die rykes is, die kooplui, die besittersklas. Haar herinneringe kontrasteer met haar eienaar die ryk koopman se ‘opgegaarde herinneringe’, wie se lewe van akkumulاسie eindig in die teenoorgestelde (wat is die teenoorgestelde van akkumulاسie? afstroping? dié teks vra aaneen om antonieme):

‘Arme skepsel wat sy rykmanslewe onverbiddelik by die aanskou van soveel oorfloed uithyg.’ (bl. 17)

Die ryke wat nie meer sy rykdom kan geniet nie, die slawe-eienaar wat deur sy slaaf getroos word, die minnaar wie se slavin sy moeder is - die besitter wat besit word. Maar wanneer hy sterf, het sy geen sekerheid meer nie - ‘Net dié wat het, het ook sekerheid’ (bl. 18). Daarom soek sy die vreemdeling: om weer besit te kan word. Want daarsonder kan sy nie bestaan nie; en die teks gee hier - op bladsy 19 - die hiërargie van hierdie maatskappy: die vreemdeling (’n besitter), sy van die ‘besitte klas’, en die ‘armstes der armes’. Die klasseonderskeid - wat ooreenkom met ’n soort kapitalistiese klasesisteem - bevestig ook ’n ander kapitalistiese eienskap, nl. die verdeling van arbeid:

‘Die arbeid skei ons wel. Die slawe werk in sy pakhuis aan die waterkant en die slavinne in sy woonhuis.’ (bl. 21)

En hulle praat almal ’n ‘eiesoort werkerstaal’.

Haar ontwikkeling as een van dié besitte klas is belangrik. Sy het daar gekom as ’n kommoditeit wat gekoop en verkoop kan word en waarvan die waarde bepaal is volgens haar arbeid (wat insluit die bevrediging van die seksuele behoeftes van haar eienaars). Daar a.g.v. haar skoonheid, word sy ’n kunsobjek vir die ryke:

‘Meer dik wels as wat hy met my geslagsverkeer het, beveel hy my om my te ontklee en gewoon rustig met hom te gesels, onderwyl hy my deurentyd bekyk soos ’n mens ’n mooi sonsondergang beskou of so’. (bl. 25)

Haar mooiheid, wat sy nou bewus kultiveer, en haar aangeleerde ‘kulturaliteit’ verhoog haar waarde as besitting. Sy weet nou van besittings en van waarde, sy die ‘gewaardeerde kunsvoorwerp en bediende’ (bl. 51). Maar sy word gedeeltelik deel van die klas van besitters: die teks gebruik werkwoorde wat die frases van hulle denkwyse uitmaak: ‘Ek tel op wat ek aan sy dood te verloor en wat ek te wen het’ (bl. 46), ‘Ek oorweeg wat ek vir hom kan gee’ (bl. 47). Sy weet wel waar hulle rykdom vandaan kom, sy leer van die handel, van wins en verlies - ‘Menseverlies staan gelyk aan kosteverlies’ (bl. 49). Hoe meer sy leer, hoe meer sy deel word van dié klas, hoe minder wil sy ’n besitting wees; haar liefde vir die vreemdeling opponeer die konsep van besit-wees: ‘Besit en liefhê is begrippe wat mekaar vloek’ (bl. 49). Die teks ontwikkel tot ’n dialektiek wat mens nie anders as die logika van ‘differance’ (Derrida) kan beskou nie. Sy

wat gepredestineer, gedetermineer is tot kommoditeit-wees, kom op die weg na gelykheid met hulle (die besitters) waarvan die konsep en noodsaaklikheid van kommoditeite kom. Nou wil sy ‘anders’ wees (‘... ek is anders as wat hulle almal dink, anders gans en al as wat wie ook al van my dink’ bl. 50); maar haar ‘andersheid’ is soos dié van die besitters se anders-wees van die slawe. Die begrip ‘anders’ kan sy nie verstaan anders as vanuit klas nie; ‘anders’ bestaan nie as klas nie bestaan nie; en kan nie voortbestaan as klasseverskil nie gehandhaaf word nie. Dit word teenoor haar gehandhaaf deur die vreemdeling:

‘Jou soort het hom die magtigste in die stad gemaak, sê die vreemdeling dan. Jy behoort gevleid te voel, eintlik. Jou weldoener was 'n kenner soos min en hy het selde minderwaardige materiaal gekoop. In jou geval het hy volkome gelyk gehad. Kyk, beduie hy, jou liggaamsproporsies is van 'n seldsame eweredigheid.’ (bl. 48)

En ook deur haar weldoener, selfs in die teerste oomblik van liefde, van ‘gelykheid’:

‘Hy stut sy kop teen my skouer soos en met die onskuld van 'n kind. En handomswaai verander hy en word hy wyser as ek, betig hy my, neem hy oor en lei hy die liefkosing ...’ (bl. 50)

'n Bestaan anders as die gedetermineerde kan sy nie ken nie;

‘Ek het my al probeer indink in 'n soort bestaan waarin ek nie 'n besitting is nie, maar dit geval my nie maklik nie.’ (bl. 53)

Op die ekspedisie - die ekspedisie van die besitters op soek na skatte - kom sy die naaste aan hulle. Sy sien neer op die slawe wat hulle dra, sien werkende vroue wat sy byna ‘slavinne’ noem (‘Miskien is hulle ... Ek wil sê slavinne. Ek wurg die woord in’, bl. 66), (let net hier op die krag van die woord, die *woord* wat klas máák!); en sy kan geen kontak maak met *hulle eie* slawe nie (‘n Ruk lank al merk ek iets in die hare van *my* voorste draer’, bl. 67, *my* kursivering). Maar die ‘vreemdeling’ sal vir haar altyd 'n vreemdeling bly. Die teenoorgestelde gebeur op hierdie ekspedisie egter ook: wanneer hulle hulle besittings verloor en hulle begin swaar kry word die slawe vir 'n rukkie heersers, omdat hulle weet van swaarkry. Dan is sy 'n soort bemiddelaar, êrens in die middel:

‘Ek hou my voorbarig en komplimenteer hulle laf en breedsprakig. En kyk hulle astant in die oë, skep 'n familiêre verhouding, dan hou ek my hande bak en kry ek ook vrugte, bessies, ruspes, uitjies. Dan gaan sit ek met my geskenk halfpad tussen hulle en die vreemdeling en die oudste seun. Na 'n rukkie kom voeg die vreemdeling hom by my en gee ek vir hom ook. Hy deel sy bietjie dan met die oudste seun. 'n Ingewikkelde stelsel. Maar nog is die situasie nie kritiek.’ (bl. 75-76)

Maar in die middel is nêrens nie. En om êrens te wees lê vir haar in die kontradiksie van die parasiet: 'En ek in my eienaardige posisie as parasiet ...' (bl. 77), en: 'Ek is volkome afhanklik ... geheg soos 'n parasiet'. (bl. 78)

'A curious system of thought, or of language, or of social organization (in fact all three at once) is implicit in the word parasite. There is no parasite without a host. The host and the somewhat sinister or subversive parasite are fellow guests beside the food, sharing it. On the other hand, the host is himself the food, his substance consumed without recompense, as when one says "He is eating me out of house and home." The host may then become host in another sense, not etymologically connected ... If the host is both eater and eaten, he also contains in himself the double antithetical relation of host and guest, guest in the bifold sense of friendly presence and alien invader ...'³⁾

'Parasitism suggests that something that supposedly comes second in fact is necessary for what comes first to be first, and this troubles the logic of priority and derivation.'⁴⁾

Sy sou nie kon bestaan as daar nie besitters was nie; maar hulle sou sonder slawe ook nie kon bestaan nie. Mens sou die redenasie verder kon voer: sonder akkumulاسie van besittings, en klas en taal het sy geen bestaan nie. Daarom, wanneer sy van alles afgestroop is, die noodwendige einde? Akkumulاسie, klas, kapitaal het van haar 'n parasiet gemaak, maak van mense parasiete - en dis al bestaanswyse wat hulle ken. Beide kapitalis én werker. In haar boom is sy nog al die tyd 'n parasiet, byna letterlik; maar dit is ook omdat dit die enigste bestaanswyse is wat sy ken, want daartoe is sy gedetermineer. Slegs deur 'n totale omkeer - onderstebo in 'n ondersteboboom - sou die parasitiese beëindig kon word. Om los te raak van die parasitiese sal sy van tyd as besitting moet loskom, en van die skeiding tussen droom en werklikheid:

'Dit maak nie meer vir my saak dat ek tyd nie netjies kan afhandel en bêre en liefs vergeet nie want nou besef ek dat droom en wakker wees mekaar nie vloek nie, maar verlengings van mekaar is en inmekaar vloei ...'(bl. 90)

Die fout van die ekspedisie was dat die besitters 'n droom wou soek, die bestaan van die droom of illusie as 'n werklikheid wou gryp. Die besitter wil die droom besit, dit approprieer, dit werklikheid maak - want slegs werklikhede, konkreta, kan besit word. En die kontradiksie is dat die finale toegang tot die droom in die opsegging van alle besittings lê.

- 3) *Deconstruction and Criticism*, Harold Bloom, Paul de Man, Jacques Derrida, Geoffrey Hartman, J. Hillis Miller, Continuum, New York, 1979, bl. 220.
- 4) *Marxism and Deconstruction*, A critical articulation, Michael Ryan, The Johns Hopkins University Press, Baltimore and London, 1982, bl. 28.

Die teks ‘vertel’ nie chronologies nie, omdat die vertelde tyd dit nie is nie, en omdat die slavin, wat vertel, tyd nie kon orden en dus nie besit nie. Die teks besit dus óók nie tyd nie. Wat strukturering betref, is jy gedurig bewus van die teks self-wat dan nie net medium is nie, maar ook doel. Jy is ook altyd bewus van die ‘beskrywende’.
Byvoorbeeld:

‘Toe vlug ek voor die wind uit wat my en die uitskot en alles wat kranklik is, opraap en ek sukkel skuins-skuins voort, half kruipend, slingerend van houvas na houvas, boom, paal, hek, gebou. Dat ek die al in gewaai kan word, ek, die skille, die vodde, dat ek in die maling opgaan tot in alle ewigheid. Dreunend die see. Hy baklei met homself. Hy trek uitmekaar en bots en bal saam, hy trek homself op tot in die lug, hy slaat donderend neer op die hoogwaterstreep en rol om en om oor die stad se pondokkiesbuurt en die weelderige boskasie daar en smyt wrakstukke van dau's en samboeke wat vir hom gemaak en aan hom gewy was, neer tussen die palms en roosbome en rykmanstuine. Die wind skeur die siele los van die bome waar hulle soos die spoke van voëls probeer skuil en waai hulle ver weg die vreemde binneland in’ (bl. 23)

Hier het die teks totaal oorgeneem. Konvensioneel beskou sou mens sê dis ‘poëtiese beskrywing’, dis die digteres Wilma Stockenström aan die woord. Ek wil egter beweer dat mens anders hierna en na talle ander stukke in die boek kyk; dat dit nie die ‘verteller’ is, of die digteres agter die verteller nie. Maar dat dit die teks self is wat sy mag bevestig, dat dit die mag van die woord is - dat dit dus die mag van skrif (‘writing’) is.

Daar is twee parallelle episodes of oomblikke waarin skrif en ‘kapitalistiese’ klasseverskil en akkumulاسie onafskeidbaar is. Die ondersoek daarna sal miskien die belangrikheid van skrif, van die ‘scriptible’, maar ook die hoogs betekenisvolle stiltes van die teks illustreer.

Die eerste strek vanaf bl. 27 tot bl. 34; en die tweede vanaf bl. 84 tot bl. 87. In albei is die slavin onbegryplik melankolies, neerslagtig of terneergedruk, en in albei praat sy dinge wat niemand verstaan nie:

‘In my werkerstaal heet ek hulle saggies welkom en spreek ek vertroostinge uit, maar niemand hoor my of verstaan my blykbaar nie’ (bl. 33);

en

‘Tot op 'n vooruitgeskewe rots vorder ek en soos ek daar staan, hoor ek hoe ek iets sê. Nie sê. Prewel. Stamel. Ek hoor die woorde hortend uit my mond oor die afgrond val om deur die windge vulde stilte ingesluk te word.’
(bl. 87)

Wanneer sy op die terras staan en uitkyk (bl. 27) sien sy die stoet nuwe slawe met hulle slawejagter aankom. Dit is die oorsaak van haar melankolie en sy - beskermd,

goedversorgde, bevoorregte slavin - onttrek haar binne haar gedagtes, net soos in die holte van haar boom. Die teks struktureer so dat die

melankolie (bl. 27), die wegkruip in die boom (bl. 28), en die sien van die slawe, die neerslagtigheid (bl. 29), 'n duidelike eenheid vorm, sodat haar emosies oor die slawe en die volgende monoloog met die boom parallel funksioneer:

‘As ek kon skryf, sou ek 'n ystervarkpen vat en jou geweldige boepens van bo tot onder vol bekrap. Tot onder jou takke sou ek opklouter en kepies in jou oksels kerf om jou te laat lag. Groot letters. Klein letters. In 'n skrif vol lelle en skrulle, in singelende lyne skryf ek om en om jou want so baie het ek te vertel van 'n tog na 'n nuwe horison wat 'n ekspedisie na 'n boom geword het. Hier kom 'n ritmiese pouse. O, ek het baie geleer by die digters, nee maar ek is onderlê in die tegnieke, in die saamflans van liriek en epiek. Ritmiese pouse en voort rol die gedagtes, om en om jou stam die poëtiese geskiedenis van 'n kranksinnige ingesteldheid wat uiteindelik al was waaraan ons kon kleef, gestroop van die stoflike en uitgeteer en tot sterwens toe moeg van onself in die strewe wat ons saamkarwei, ballas van die verlede. So versier ek jou strepie vir strepie met ons hersenskimme sodat jy die belaglikheid kan verwerk, vergroei, glad maak, die nuttelose inligting dikvellig kan bewaar tot die dag van jou selfontbranding. En voldaan sit ek die ystervarkpen neer en staan 'n ent agtertoe om my handewerk arms in die sye te betrag. Jy is vol van my letsels, kremetart. Ek het nie geweet ek het so baie nie.’ (bl. 28)

Die sinonieme en metafore vir skrif is opvallend: ‘bekrap’, ‘kepies’, ‘vertel’, ‘tegnieke’, ‘saamflans’, ‘poëtiese geskiedenis’, ‘ballas van die verlede’, ‘versier’, ‘nuttelose inligting’, ‘my letsels’. Die merke op die boom, die versierings, is haar letsels; *maar slegs die tekens van haar letsels*. Vir haar is skrif dus slegs teken van. Maar hoe kan haar verhaal dan vertel word as skrif nie iets anders is nie? Haar verhaal en skrif is onafskeidbaar, en dan is skrif nié teken van, weerspieëling van nie - dit is die ‘versiering’ op die stam van die boom. Skrif is die verhaal, die verhaal is die teks. Die teks weerpsieël nie - maar is self. Daar is nie 'n ‘inhoud’ en 'n ‘vorm’ nie.

Waarom die selfbewustheid van die skrif, wat herhaal, weerspreek, omdop, omkeer, regstel? Is die skrif self nie kontradiksie nie? Het dit nie die kontradiksie gemaak nie, dié skrif van die besitters - liriek, epiek, ‘metaalklank van ironie’ - en die ‘skrif’ van slawe - die werkerstaal? Hierdie teks in keurige poëtiese skrif is die skrif van digters en spitsvondiges, van die besittersklas. Van vandag: Afrikaans. En dit eindig in nihilering, in involusie, in die binneste van 'n droom.

Taal en klas is verbonde; die slavin se onvermoë om haar emosies te ken en te beheer is direk herleibaar tot klasseverskille; en dit word nie deur die teks ‘uitgespel’ of ‘uitgesê’ nie, dit lê in die strukturering van die teks self, in die stilte van die teks, in die skrif. Die reaksie op haar melankolie kan sy beskryf as inkeer, involusie, skuiling soek; maar as sy skrif gehad het, sou sy die melankolie kon verklaar. Haar skrif bestaan egter slegs uit *tekens*, en haar rus vind sy buite taal, in die fisieke ervaring van die natuur.

Hierdie rus - wat nie 'n opheffing van die melankolie is nie omdat dit nie by die oorsake daarvan uitkom nie - word ook in die natuur versteur: deur ape wat haar wil 'aanspreek'; maar sy vererg haar omdat hulle buite hulle 'klas' gaan om dit te doen. Omdat hulle teen haar diskrimineer. Die diskriminasie van klas het ook met taal te doen. Net so irriteer die papegaai van haar eienaar haar - die papegaai wat die eiendom van 'n besitter is, wat ook taal het maar dit omdop, dit misbruik teenoor haar, sodat sy t.o.v. taal tekortsiet, t.o.v. die taal van 'n besitting (die papegaai).

Sy 'beskryf' die slawe wat aankom, die nuwe besit-te-word objekte, en dan 'n hamerkophaai wat op die strand gevrek het. Die teks lê die verband gewoon deur jukstaponeering, sonder om dit in woorde uit te sê: die hamerkophaai is soos die slawe, is vir haar dus 'n teken van hulle misère. Maar sy *sê* dit nie want sy *kán* nie: sy kan net in tekens verstaan, en nie in taal/skrif nie, want taal behoort aan klasse wat gemaak is deur die besitters - en sy behoort aan geeneen meer nie. Sy praat met die slawe, 'vertel' hulle van haarself, maar niemand verstaan nie, al praat sy in die werkerstaal. Dit is 'n taal wat slegs bestaan wanneer jy 'n besitting word (en die slawe is dit nog nie op hierdie stadium nie). Daar is dus geen taal buite die besitter en sy eiendom nie. 'Ek keer my rug op die verdoemdes', op hulle wat nog nie taal het nie; en sy inventariseer haar lewe: opperste slavin met al die geriewe. Hoër as die verdoemdes, maar bevoorregte eiendom van die besitters. Dus nog slavin, maar een wat eintlik binne geen klas meer is nie. Sy huil by die hamerkophaai. Die haai word dan *wéér* teken: nou van haarself, van haar smart; maar *nét* teken, soos sy haar tekens teen die boom sou kon gemaak het as sy kon skryf. Maar sy het ook nie taal nie.

Die ander keer wanneer die slavin terneergedruk raak en nie taal het nie is toe hulle op die ekspedisie eienardige tekeninge op 'n rotswand sien. Weer eens jukstaponeer die teks die klasse: die besitters, die slawe, sy; en weer is taal, teken en teks saam. Die tekeninge is tekens wat die besitters nie kan verklaar nie. Hulle vind dit nie esteties bevredigend nie, vind dit nie die werk van 'opgeleide kunstenaars en klassifiseerbaar in skole en rigtings, *en kosbare besittings* daarby' nie (bl. 86, kursivering van my). En die vreemdeling begin dit afkrap - omdat hy dit nie herken nie, nie kan ken nie, nie kan approprieer of besit nie, en nie in sy besitterstaal kan 'interpreteer' nie. (Sy is natuurlik 'n kunsobjek wat kenbaar in hulle taal is, dus 'n besitting. 'n Ander rede vir haar neerslagtigheid?)

Dis een stilte van die teks. 'n Ander kan verband hou met die parasitiese. Die rotstekeninge is nie - nie meer - parasities nie, hulle bestaan outonoom, hulle weerspieël nie en het nie 'n verduideliking nodig nie; hulle laat dus geen interpretasie - wat parasities is - aan hulle koppel nie. Diegene wat parasities bestaan soos die besitters, kan dit dus nie begryp nie, daarom is dit te vernietig. Verder: mens kan slegs die tekenings interpreteer n.a.v. wat die teks *nie* daaromtrent sê nie; want die teks beskryf hulle soos die reisigers hulle sien in terme van hulle norme, wat gedetermineer is deur hulle klas. Die teks kan dus slegs deur sy stiltes 'skrif' word en praat van parasitisme. En die slavin kan nie

verwoord nie, omdat sy slegs taal besit deur die grasia van die besitters, parasities. Daarom voorspel sy, praat sy in tale, bevry, los van alles - soos die rotstekeninge.

Daar is nog 'n laaste keer in die teks dat sy taal beproef. Die klapklanke wat haar nuwe versorgers, die klein mensies, maak, probeer sy ook, en dofweg kom daar iets uit haar eie verlede en neem dinge in woorde vorm aan:

‘Nou het ek die naam vir alles: slaaf, ontmanning, handel, kusstad, see, dwangarbeid. Ja, nou het ek dit alles’. (bl. 98)

Maar:

‘Ek het die name en word nie na geluister nie. Niks kan ek met die name aanvang nie. Hulle is rammelaars maar’. (bl. 98)

Dus is daar wêér geen taal wat kontak kan maak en denke kan vorm nie, woorde is slegs klanke. Sy neem weer haar toevlug tot tekens wanneer sy 'n konfrontasie met die klein mensies afdwing: sy ontklee haar om so net as mens voor hulle te staan. Maar sy word nie raakgesien nie: ‘Die smaad van nie mens te mag wees nie, kom ek te bowe’ (bl. 99). Sy word nie as *mens* gesien nie, maar as godin, as *teken*.

'n Einde kom na die bloedige geveg om haar boom. Om haar as besitting? Eendag hoor sy 'n kreun (‘... hoor ek 'n gekreun, of verbeel my ek hoor dit. Of verbeel ek my nie?’ bl. 106), en dan soek sy noukeurig ‘... na die geringste lewensteken’ (my kursivering). Haar einde kom ook soos 'n teken: die gif wat vir haar neergesit is - 'n laaste geskenk (geskenke as tekens het sy as besitting gedurig gekry); en sy speel vir oulaas met die goue spykertjie, die ‘... klein kosbare *tekens* van 'n ontwykende betekenis’ (bl. 109, my kursivering). Met tekens sonder betekenis probeer sy om haar in haar laaste oomblikke te vermaak; en in die boom, *teken* van die ontfermer, en onderstebo *soos* 'n vlermuis vind sy bevryding: maar nog deur tekens.

Omdat 'n besittersklas en 'n besitte klas - in vandag se terme kapitalis en proletariaat - en taal en teken in die teks so dikwels in jukstaposisie staan, is dit, ten slotte, nodig om die verbande te soek. Dit was hier materieël so gedetermineer dat klasse ontstaan het, eienaars en slawe; en binne dié dialektiese materialisme is dit so dat die klasse nie sonder mekaar kon bestaan nie. Hierdie geforseerde en tragiese afhanklikheid het ontstaan omdat daar mense is wat die wêreld egosentries en vir selfgewin probeer orden. Maar die besitters op soek na hulle gedroomde stad van rooskwarts en hulle slawe sal uiteindelik verdwyn.

Die implikasie daarvan om 'n slaaf, 'n besitte klas, te wees is enorm; want daardeur word die mees wesentlike ‘eiendom’ van die mens hom ontnem, nl. taal. Die slavin, dus eintlik sonder taal, bestaan slegs van tekens: haar liggaam, geskenke, 'n ivoorarmband, die taal van die digters, spykers, krale, 'n kremertartboom, as godin. Tekens is egter nie taal nie, tekens parasiteer, soos sy parasiet is. En haar strewe is om bevryding.

Die teks 'vertel' haar 'verhaal', red haar as't ware van die leef van tekens alleen; maar die teks 'vertel' ook homself - en dit, die skrif, 'writing', is nie parasities nie. Dié skrif is al wat oorbly, dit 'verwys' nie na 'n spesifieke tyd-ruimtelike koloniaalhistoriese situasie nie, want dit skep self so 'n wêreld met sy hiërargie, sy eksploitasie en kapitalistiese akkumulasie - en dit is ook nie 'n 'teken' of 'spieël' van ons huidige soortgelyke histories- en materialisties gedetermineerde wêreld nie. Dit is wel gedetermineer - soos alle tekste - maar dit staan nie in 'n sekondêre posisie nie. Want in sy totaliteit is die skrif outonoom, maar dit het binne 'n ideologie ontstaan en in sy skrif-wees besit dit die eienskappe daarvan: ironie, kontradiksie, teken wat nie taal is nie, nihilering, selfvernietiging. En daarin is dit juis 'n radikale verzet teen daardie ideologie.